




Alan

ELSA WINCKLER

Sutherlandbroers 1

Romanza
Stoom 18+



Het jy geweet?

- Wanneer jy 'n romanse lees, veroorsaak dit 'n chemiese reaksie in jou brein wat jou goed laat voel.
- Dit verlig stres op 'n natuurlike manier.
- Jy ervaar 'n gevoel van emosionele versorging omdat die held die heldin se diepste behoeftes verstaan.
- Lesers voel dat dit hulle insig in hul eie verhoudingsprobleme gee.
- Dit dra by tot vroue se bemagtigingsproses omdat die heldin 'n vrou in eie reg is.
- Die jongste lesers is tieners en die oudstes is in hul 90's.
- Romanselesers is die mees belese lesers in die wêreld. Hulle is sterk, intelligente en kreatiewe vroue wat presies weet wat hulle wil hê.
- Sielkundiges stem saam dat die romanseleser warm, vriendelik en sensueel is.
- Daar is omtrent twee persent mans wat romanses lees. Baie van hulle lees dit omdat hulle graag wil weet hoe vroue voel en dink.

Oor die skrywer

Elsa Winckler is 'n internasionaal gerekende romanseskrywer met talle boeke op haar kerfstok. Sy kom uit 'n agtergrond in opvoedkunde, en is op veertig weer terug universiteit toe om 'n honneurs en MPhil te voltooi. Haar man is haar studenteliefde en ná vier en veertig jaar saam, drie interessante kinders en 'n kroos kleinkinders, maak hy nog altyd haar knieë lam, soos dit 'n goeie held betaam. Kenmerkend van Winckler se werk is haar onafhanklike, hardekwas heldinne, wat sy heerlik afspeel teen sterk maar sensitiewe helde.

Ook deur Elsa Winckler:

Kersfeeswonderwerk (2022)

By jou is dit anders (2023)

Sien jou in my drome (2023)

Jy's my kersgeskenk (2023)

OceanofPDF.com

ALAN
ELSA WINCKLER

Romanza
Stoom

www.lapa.co.za

OceanofPDF.com

Romanza is 'n onderafdeling van LAPA Uitgewers
Growthpoint Besigheidspark
Tonettistraat 162
Halfway House Uitbreiding 7
Midrand
1685
Tel: 011 327 3550
E-pos: lapa@lapa.co.za
www.lapa.co.za

© Teks: Elsa Winckler 2024

© Publikasie: LAPA Uitgewers, 'n afdeling van Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.)
Bpk.

Omslagontwerp deur LAPA Uitgewers
Geset deur Demié Brender A Brandis

Eerste uitgawe 2024

ISBN 978-1-77987-013-1 (gedrukte boek)
ISBN 978-1-77987-511-2 (ePub)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer
word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

OceanofPDF.com

EEN

Vandag is 'n dag vir lelies. En Jack Johnson. Corinne skuif haar rits dun, goue armbande op teen haar arm en druk die *Convallaria majalis* se stingel spierwit klokkies tussen die loof wat sy reeds in die groot glaspot gerangskik het. Die terugkeer van geluk – dis wat die lelie van die dale sê.

“Môre, môre!” Ella, Corinne se winkelassistent, kom in een van die gangetjies tussen die hoë rakke vol potte en blomme afgestap. “Ons sal 'n klokke vir die deur moet kry. Jy is so ingedagte dat iemand op jou kan afsluip as daar nie 'n geklingel of iets is nie.”

Corinne glimlag. “Haai, ja, nie 'n slegte idee nie. Ek het jou nie eens hoor inkom nie.”

Ella kantel haar kop en beduie na die ruiker. “Dis mooi. Is dit vir Rita?”

Corinne glimlag. Ella weet al dat Rita elke Vrydag vir haarself 'n bos blomme by Corinne se winkel kom koop. Blomme wat Corinne moet uitkies volgens haar bui van die dag. Maar daar moet altyd 'n takkie roosmaryn ook wees – vir die onthou. “Ja, maar vandag wil ek dit vir haar as 'n geskenk gee om dankie te sê vir al haar ondersteuning oor die jare.”

Ella knik. “Foeitog, ja. Sy word mos sestig en sy is so alleen.”

“Haar man se dood vroeër vanjaar was vir haar bitterlik onverwags. Met hulle kinders almal oor die water, moet dit maar sleg wees, alhoewel sy altyd glimlag. Sy verdien vanoggend 'n bos lelies.”

Ella raak liggies aan die bos blomme. “Waarom lelies – vir geluk?”

“Sy verdien al die geluk wat sy kan kry.”

Corinne bekyk die pot vir 'n ruk terwyl Jack agter haar van die liefde sing. Ella stap weg om haar handsak te bêre.

Nog 'n rooi inkalelie is nodig. Die *Alstroemeria*-blom is simbolies van rykdom, vooruitgang en voorspoed – alles wat sy Rita toewens.

Ella kom teruggestap. “So, ek hoor dis 'n Jack Johnson-dag.”

“Dis 'n pragtige dag. Het jy gesien die jakarandas begin blom?” vra Corinne. “Ek is mal oor dié tyd van die jaar in Stellenbosch.” Sy druk 'n paar stele bloedrooi rose in haar rangskikking.

“Natuurlik rooi rose vir liefde,” lag Ella.

“Rita verdien baie liefde.”

“Ek gaan koffie maak.” Ella stap weg in die rigting van die stoorkamer wat ook dien as ’n klein kombuisie. “M’m, die dag is mooi, ja, die jakarandas ook, maar as Jack sing, beteken dit net een ding. Jy vergeet ek is al langer as ’n jaar jou assistent,” roep sy oor haar skouer.

Corinne staan terug en bekyk die rangskikking voor haar. Sy moet nog die takkie roosmaryn byvoeg, maar daar skort steeds iets. Sy kyk rond en haar oog val op die emmer vol primulas. Opgewonde druk sy ’n takkie in die bos. Dit sal Rita herinner hoe belangrik sy in hulle lewens is. Tevrede draai sy die pot in die rondte. Die blomme daarin dra álles oor wat sy graag vir Rita toewens.

Ella kom terug. “Ek het die ketel aangeskakel, ek sien jy het nog nie eens vir jou koffie gemaak nie.” Sy trek aan Corinne se arm en kyk in haar oë. “Toe, uit daarmee. Die stomme Tobie het toe ook nie uitgewerk nie, of hoe?”

Corinne gooi haar hand in die lug. “Toe nou nie. Hy’s regtig gaaf, oulik, ordentlik ...”

“En vervelig, heeltemal te vervelig vir jou,” val Ella haar in die rede.

“Ek wou sê hy’s te ernstig vir my, maar hy is regtig so gaaf, die fout lê seker maar by my. Dalk is die standaarde wat ek stel net te hoog of iets.”

“Nooit! Nee, o aarde, die lewe is heeltemal te kort vir net gaaf. ’n Mens het ’n man nodig wat jou sal laat dink aan swart satynlakens en soel nagte, een wat jou laat swymel. Lank, sexy, gespierd – dís die soort man wat jy in jou lewe nodig het.”

Corinne lag terwyl sy na die klein kombuisie toe stap. “En dan? Wat gebeur dan?” Sy maak vinnig vir haar en Ella koffie.

“Dan wag jy vir die sparks om hulle werk te doen. En wie weet, as die vonke reg is, sal jy dalk van plan verander en dit selfs tog oorweeg om dalk te trou,” roep Ella agter haar aan.

“Wel, ek is amper dertig en kan in alle eerlikheid sê geen man – en onthou, ek gaan baie uit – maar géén man het nog my hart laat rondbons, skoenlappers op my maag losgelaat, my hande klam gemaak, my mond laat uitdroog, sterre laat verskiet óf enigiets bowêrelds laat gebeur nie.”

“Um, Corinne ...”

Maar sy gaan nie toelaat dat Ella haar nou onderbreek nie. Sy het ’n punt om te bewys. “Liefdesverhale en flieks wil ons laat glo daar is iewers ’n sielsgenoot vir ons elkeen, maar my stomme ma het pas van haar sesde kamstige sielsgenoot ontslae geraak. Ek kon dit natuurlik vir haar lank voor die tyd gesê en haar baie hartseer gespaar het.”

Sy tel die bekers op en stap uit die klein kombuisie terug na die toonbank. Haar oë is op die koffiebekers, sy wil seker maak sy mors nie. “Trou is nie vir ’n vrye gees soos ek nie. En die man wat my liggies aanskakel, moet nog ...”

“Ja? Dit wil ek baie graag hoor,” sê ’n diep manstem van iewers voor haar net toe sy by die toonbank aankom.

Vinnig kyk sy op, die koffie mors oor haar vingers. Met ’n gedempte uitroep sit sy die bekers vinnig op die toonbank neer en vou haar hande oormekaar. Haar vingers brand soos vuur van die warm koffie.

Sy knip haar oë, maar daar staan hulle nog: vyf mans. Vyf dodelik aantreklike mans. Vyf baie lang, gespierde, sexy, knieknakkend aantreklike mans. In haar blommewinkel. Reg voor haar oë. Almal het ligte rooi hare met blou oë, wat ’n mens herinner aan lande en nogmaals lande laventel. Breë skouers, gebeitelde kakebene, kuiltjies in die wange – seriously – smal heupe, killer smiles.

Seker broers, of ten minste neefs. Die testosteroonvlakke in die winkel het die hoogte ingeskiet, al die haartjies op haar arms rys, en vir ’n paar sekondes kantel die aarde gevaarlik om haar.

Vier van hulle glimlag, vier pare kuiltjies verskyn en verdwyn. Sy sien dit en glimlag, maar dís nie wat haar hart vir die eerste keer in haar ganse lewe laat bokspring nie. Nee, die man wat haar binnegoed omkeer, is die een wat so ’n ent agter die ander staan – wie se blou oë ’n diep, amper pers skakering van blou is.

Sy hande is in sy broeksakke, en alhoewel hy ook na haar kyk, is daar nie ’n teken van ’n glimlag op sy gesig nie. Iets begin fladder in haar maag. Sy glo dit nie, maar as sy dit nie mis het nie, het sy wraggies skoenlappers op die maag – vir die eerste keer in haar hele lewe.

Vinnig kyk sy na Ella. Haar assistent staar grootoog terug na haar. Goeiste, kon sy nie ’n beter poging aangewend het om Corinne te laat weet daar is iemand – v́yf sexy iemande – in die winkel nie? Maar

siestog, Ella lyk soos sy voel – kompleet asof sy met ’n voorhamer teen die kop geslaan is.

Bewerig trek sy haar asem in. Flippit, sy kan nie soos ’n blomende skooldogter hier staan en hiperventileer nie. Dis haar winkel, hierdie mans is moontlike kliënte, maak nie saak hoe groot en sexy hulle is nie, sy moet iets sê. En ten minste probeer om professioneel te klink.

“Menere,” kry sy uiteindelik gesê. “Goeiemôre en welkom. Kan ek help?” Ai tog, is dit nou nodig om so sonder asem te klink?

Langs haar kry Ella ook uiteindelik lewe en beweeg nader. Sy gooi haar lang blonde hare oor haar skouer. “Ons het die mooiste blomme in die hele Stellenbosch, julle is op die regte plek,” koer sy en fladder haar wimpers.

Vier paar blou oë verskuif na Ella, maar die een paar bly op Corinne. O liewe aarde. Haar knieë wil-wil knak, haar hart slaan bollemakiesie, haar handpalms word klam, haar asem jaag asof sy kilometers ver gedraf het. En die skoenlappers? Heeltemal berserk. Heeltemal. Hier moet sy vinnig wegkom voor sy iets totaal onbesonne aanvang.

“Ek ... my hande ... gebrand,” beduie sy en draai in haar spore om, terug na die klein kombuisie. Sy moet net eers haar deurmekaargeskommelde breinselle regkry voor sy besigheid met enigiemand kan doen, wat nog te sê die vyf sexy mans wat haar winkel toestaan.

Sy draai die kraan oop en druk haar brandende vingers onder die koue, lopende water in. Dalk help dit die res van haar lyf om ook af te koel. Wat op aarde gaan met haar aan? Dis nie asof sy nog nooit ’n aantreklike man gesien het nie. En daar is nie net een man in haar winkel nie, maar vyf. Almal is ewe aantreklik, hulle lyk na mekaar, hoekom sal net een van hulle ...?

“Laat ek sien,” sê iemand langs haar. Sy kyk oor haar skouer. Vas in ’n paar blou oë.

Dis hy. Die een sonder ’n glimlag. Die een wat haar soos ’n outydse heldin voor ’n ridder wil laat swymel. Die woord wat Ella gebruik het. Nie dat sy weet presies hoe ’n mens swymel nie, dis nie iets wat sy al ooit oorgekom het nie, maar sy dink sy begin ’n idee kry. Vlinders op die maag, knakkende knieë, droë mond – om net ’n paar dinge te noem. Swart satynlakens en soel nagte – Ella se woorde van vroeër

flits deur haar kop. En in dié oomblik is dit heeltemal te maklik om hierdie man tussen die swart lakens te sien – sonder enigiets aan. Help!

Haar asem ruk in en saam daarmee asem sy hom in – ’n mengsel van hout en kruisement en man. Haar knieë dreig weer om te knak en sy kyk vinnig af na haar hande.

“Ek is oukei,” sê sy. Hoekom op aarde klink sy so hees?

“Laat ek sien,” sê hy weer en vat haar hande onder die lopende water uit.

Stomgeslaan kyk sy af na sy bruingebrande hande wat haar nat vingers een vir een optel en deurkyk.

“Ek ...” begin sy praat en maak die fout om weer na hom toe op te kyk.

Hy is sentimeters weg van haar. Sy oë gly oor haar gesig, kyk verby die uiterlike tot in haar siel asof hy in daardie een oomblik álles van haar raaksien.

Sy moet iets sê, iets doen, maar nie een van haar brein se boodskappe kry dit reg om by die res van haar lyf uit te kom nie. Haar sintuie het oorgeneem en ... wat op aarde gebeur dan nou hier? Haar asem steek diep agter in haar keel vas. O aarde, as sy dit nie mis het nie, reageer haar liggaam op sy groot gespierde lyf reg voor haar, op sy geur, op sy aanraking, op sy asemhaling, sy alles.

Haar borste ... verbeel sy haar of is hulle vreemd swaar? Verbouereerd trek sy haar hande uit syne. So nonchalant moontlik vou sy haar arms. Hy kan hopelik nie sien wat gebeur nie. Maar so asof hy presies weet wat in haar kop aangaan, sak sy oë af, ’n spiertjie spring in sy wang, en toe hy weer na haar kyk, is sy blou oë amper swart van ... begeerte? Maar dis tog belaglik.

Dié keer is sy nie in staat om haar knieë se knak te keer nie en sy moet teen die toonbank agter haar leun om regop te bly.

Om een of ander waansinnige rede het Alan gedink dis ’n goeie idee om agter hierdie vroumens aan te stap, om aan haar hand te vat.

Hy sou nie eens hier gewees het nie, hy wou nie saamkom nie. Dis Doug wat gaan trou, dis Doug se verloofde wat histeries is oor ’n bloemiste wat nie op oproepe reageer nie, wat huil oor die Skotse heide wat skynbaar moeilik is om in die hande te kry. Maar dis Doug se probleem.

Tog was hy wat Alan is, nog nooit teen sy ma se pleidooie bestand nie, en hy moes maar ingee en saamry. Die opdrag is hulle moet gaan soek na 'n bloemiste op wie Doug se bruid kan staatmaak, daar is drie weke oor voor die troue. Die blomme is die bruidegom se verantwoordelikheid, het sy ma vingerswaaiend beduie en 'n foto en 'n lys van blomme in Doug se hande gedruk.

Hy was so de duiwel in. Doug was die afgelope ruk min by die werk, en hy en sy drie ander broers moes behalwe hulle eie take, Doug se werk ook nog doen. 'n Sagtevrugte-uitvoerbesigheid kan nie vanself funksioneer nie. Hulle het eindelose probleme met sommige van hulle produsente, die stakings deur die werkers in die Ceres-area maak dinge nie makliker nie, en die laaste ding waarvoor hy vandag tyd het of lus is, is om agter frieken blomme aan te ry.

En toe, by die tweede blommewinkel waarin hulle stap, kom hierdie vroumens met haar koringblonde hare en blouselblou oë in die gang aangestap, 'n rits armbande vrolik aan die klingel aan haar arm. Hy't haar gehoor nog voor hy haar gesien het. Nietemin was die vuishou van begeerte totaal onverwags, die onmiddellik intense behoefte om aan haar te raak vir seker 'n eerste.

Toe sy in die gang afstap, het sy voete eenvoudig begin beweeg. Hy moes net seker maak sy is oukei.

En hier is hy nou, by haar. Of dit die blomme is waarmee sy werk en of dit haar parfuum is, weet hy nie, maar die sagte, sexy blommereuk wat om haar hang, sypel deur sy vel tot diep in sy wese en krap sy gewone logiese denke totaal deurmekaar. En dit maak hom heeltemal mal.

Wat hom volkome uitboul, is dat hy kan sien haar lyf reageer op hom net soos wat syne op haar reageer. Al waaraan hy kan dink, is om haar oor sy skouer te gooi en iewers heen te neem waar hulle alleen kan wees. Die behoefte om haar vas te hou en te soen totdat hulle al twee vergeet waar en wie hulle is, is só oorweldigend dat ál die ander frustrasies en probleme in sy lewe verdwyn.

Dalk is sy vanaand beskikbaar en kan hulle uitgaan, en miskien is sy ander aande ook beskikbaar ...

Hy knip sy oë. Wat de hel? Hy staan en maak planne om 'n girl wat hy van geen kant af ken nie, uit te neem – nes 'n verliefde skoolseun. Wat die hele bisarre ding nóg vreemder maak, is dat sy glad nie die

tipe vrou is na wie hy normaalweg eens kyk nie. Al wat hy regtig van haar weet, is dat sy in hierdie winkel werk en ... Hoe het sy nou weer gesê? Sy is te veel van 'n vrye gees om te trou, en die man wat haar liggies aanskakel ... Sy het nie haar sin klaargemaak nie, maar hy kon aflei dis nie iets wat reeds gebeur het nie.

Tot nou toe. Obviously. Vandat hy by haar staan, het dinge verander. Het álles verander.

Haar gevoude arms is seker veronderstel om te keer dat hy sien hoe sy op hom reageer. Maar wat sy nie weet nie, is dat die beweging presies die teenoorgestelde uitwerking op hom het. Die glimp wat hy kry van die sagte kurwes van haar borste laat die bloed net verder suid van sy middel sak.

Bliksem. Hy besef twee dinge tegelyk – hy moet vinnig van haar af wegkom, en hy sal eers sy liggaam onder beheer moet kry voordat sy broers hom sien.

En asof sy presies weet wat in sy gedagtes aangaan, sak haar oë af. Die sagte kreun oor haar lippe por sy lyf verder aan. Toe sy weer opkyk, is daar 'n blos op haar wange, verwondering in haar oë en wragtig 'n geamuseerde glimlag om haar mond.

Sy maak haar keel skoon en gooi 'n stringetjie van haar lang hare oor haar skouer. Haar armbande terg hom klingend. “Ek ... ek dink jy moet eers 'n rukkie hier wag voor jy by die ander aansluit,” sê sy, maar dis duidelik sy sukkel om haar lag te hou.

“O, jy dink dis snaaks?” brom hy vies. “Jy moet dalk ook 'n paar oomblikke wag voordat jý voor mense verskyn,” sê hy en beduie na die twee puntjies wat styf teen haar toppie beur.

Sy kyk vinnig af en trek haar asem skerp in. “Dis ... dis koud,” stamel sy en kies koers deur se kant toe. Teen een van die mure hang 'n dunnerige los trui wat sy gryp en aantrek net voor sy, armbande klingend, om die hoek verdwyn.

Ha, dit is toe nie so snaaks as dit met haar ook gebeur nie.

Hy leun teen die wasbak en tel tot tien, toe twintig. Sy liggaam kom uiteindelik tot bedaring. Haar lag en die geluid van haar armbande kom oor die luggolwe in die gang af en bereik hom op dieselfde oomblik. En dadelik is die effek van sy tellery tot niet.

Swetsend draai hy die kraan oop en druk sy hande onder die koue, lopende water in. Hy spoel dit oor sy gesig en gryp 'n papierhanddoek

wat daar naby lê om sy gesig mee af te vee.

Met lang treë stap hy terug na waar sy broers laggend oor die toonbank hulle flikkers vir die twee vroumense gooi.

“Corinne, dit is Doug Sutherland,” stel die donkerkopvrou wat ook in die winkel werk sy ouboet aan die meisiekind met die armbande voor. Doug steek sy hand na haar toe uit.

“En hierdie spulletjie is sy jonger broers ... um ... wat het julle nou weer gesê is julle name?” Die donkerkop giggel. Doug beduie na hulle drie broers wat agter hom staan. “Edward, Finlay en Quinn en daar agter jou staan Alan.”

Die vrou met die armbande glimlag. “Aangenaam. Ek is Corinne en dit lyk my julle het reeds deeglik met Ella kennis gemaak.”

Sy broers grinnik. Hulle het natuurlik skaamteloos met Ella geflankeer terwyl hy saam met Corinne in die kombuis was. Hel, en wat het hý nogal gedoen?

“Sutherland? Dit klink Skots?” vra die blondekop.

Corinne. Die naam pas by haar. So effens anders as die gewone.

“Ja, en dis hoekom ons hier is, om blomme vir my Skotse troue te reël,” sê Doug. “Ek trou oor drie weke. Is jy beskikbaar om te help? Die bloemiste wat Annabel ... dis my verloofde ... gekry het, het in die niet verdwyn en reageer nie op oproepe nie. Ons sukkel nou al dae lank om ’n ander bloemiste te kry. Ons wil albei graag ’n tipies Skotse troue hê, en Annabel se ruiker en dié van haar strooimeisies moet daarby pas.”

Terwyl hy praat, blaai sy in ’n groot dagboek wat op die toonbank lê. “Jy praat van die eerste naweek in Desember?” Sy tik met haar pen in die dagboek. “O, aarde, ons is ongelukkig reeds vol. Ons moet blomme verskaf aan ’n funksie die vorige aand, ek dink nie ...”

Doug gee haar nie kans om haar sin klaar te maak nie. “Ons sal almal help – aandra, optel, wat ook al, maar asseblief, ek smee jou, kan jy nie ’n plan maak nie?”

Die ander vroumens staan nader. “Wat as ons vir tannie Lisa vra om die Vrydagaand se blomme te doen?” vra sy versigtig.

Corinne kou haar onderlip en Alan sluk ’n kreun in. Wat de hel? Sy lyf reageer op alles wat die vroumens doen.

“Wat het julle in gedagte?” vra Corinne toe sy uiteindelik opkyk.

Doug haal die papier wat hulle ma in sy hand gestop het uit en oorhandig dit aan haar.

“En o ja, hier is ook ’n foto van ’n tipiese Skotse ruiker,” sê Doug. “Dis presies so een wat Annabel wil hê.”

“Dankie,” sê sy en gaan sit op ’n hoë stoeltjie terwyl sy deur die lysie kyk. “Ek het al iets soortgelyks gedoen. Skotse troues is baie gewild.”

“Waar was jy netnou?” vra Edward vir Alan.

“Ek ... het my hande gewas,” sê hy kortaf en ignoreer sy broers se opgetrekte wenkbroue. Sy oë dwaal terug na die vroumens op die stoel.

Terwyl sy deur die lysie lees, skop sy haar bene heen en weer, en vir ’n oomblik flits iets aan die onderkant van haar lang romp in sy oë. Met die volgende skop sien hy dit raak – ’n ragfyn goue kettinkie om haar enkel. Haar dun, sexy enkel. Met nog ’n onderdrukte kreun draai hy sy rug op almal en loop ’n ent weg. Bliksem. As hy soos ’n agtiende-eeuse ridder begin dink ’n vrou se enkels is sexy, is sy broers seker reg – dis tyd dat hy weer ’n slag uitkom, ’n vrou uitneem, seks het. Dis belaglik om so te reageer op ’n wildvreemde vrou met lang, los hare en vreemde klere net omdat haar armbande klingel.

Agter hom gesels die armbande weer en Corinne praat. “Goed, as julle almal sal help aandra, kan dit werk. Die kleure is nie ’n probleem nie, maar ek sal moet uitvind of ons Skotse heide kan kry ...”

“Ons kan die heide invoer,” sê Doug. “Alan, wat dink jy? Ons het mos kontakte in Skotland?”

Alan draai vinnig terug en stap tot by die toonbank. “Is jy nou heeltemal bedo...” begin hy, maar Corinne spring op en sit haar hand op sy arm, en sy woorde droog summier op. Haar aanraking steel sy asem, sy gedagtevloei, die werking van sy brein.

“Ek het ’n voorstel,” sê sy sag maar ferm. “Hier om die hoek is ’n heerlike koffieplek. Gaan bestel vir julle koffie, eet ontbyt, ontspan. Blomme is my besigheid. Ek en Ella gaan gou kyk wat ons by ons verskaffers kan kry. Sodra ek ’n plan het, kom gesels ek met julle. Gee ons so ’n halfuur.”

Doug se glimlag is breed. “Dankie, Corinne,” sê hy, buig oor die toonbank, trek haar kop nader en soen haar op haar wang.

Laggend druk sy hom weg. “Ja, toe nou. Uit is julle, ek kan nie dink met so baie mense in my winkel nie.”

Met ’n vinnige knik in die algemene rigting van die vroumense, is Alan uit by die deur terwyl sy broers nog groet. Sy vuiste is gebal en met ’n swetswoord druk hy sy hande in sy broeksakke.

Doug het net ’n grap gemaak toe hy vir Corinne soen, hy weet dit. Maar hy is gereed om sy vuis in sy broer se gesig te druk. Hard. Wat de hel het dit met hóm te doen? Sy kan soen wie sy wil – hy ken die vroumens van geen kant af nie.

OceanofPDF.com

TWEE

“Sjoe,” giggel Ella en gryp die naaste papier om haarself koel te waai. “Ek het lanklaas soveel manlike manne bymekaar gesien. Dis die ene ...”

“Testosteroon?” lag Corinne half uitasem, lig haar hare met haar een hand op en trek haar notaboek met die ander een nader. Sy is die ene gloede. “Dié dat ek hulle uitgestuur het,” sê sy en kyk deur die telefoonnommers van haar verskaffers op haar foon. “Dis onmoontlik om te werk met hulle in die rondte.”

“Die een wat agter jou aan in die gang af is ...”

“Alan,” prewel Corinne, steeds besig met die name op haar lysie.

“So, jy het sy naam gehoor,” sê Ella. “Wat het in die kombuis gebeur? Jou wange was rooi en jy het ’n trui aangehad toe jy terugkom.” Haar oë rek. “Hy’t jou gesoen!” roep sy opgewonde uit.

“Moenie laf wees nie, Ella!” raas Corinne ontsteld. Doug se piksoen was soos dié van ’n broer, maar net die gedagte aan Alan se lippe op hare laat haar die trui weer styf om haar lyf draai. Goeiste tog. Hulle was sentimeters van mekaar af, dit sou so maklik gewees het om op haar tone te staan en met haar lippe aan syne te raak.

Help. Ontsteld soek sy op die toonbank rond. “Niemand het niemand gesoen nie. Hierso,” sê sy en gee ’n boek waarin sy ook telefoonnommers van verskaffers het, vir Ella aan. “Begin bel jy hierdie name, ek kontak dié op my selfoon. Ons het ’n bestelling om aan te werk en kan nie oor ’n soenery staan en praat nie.”

Ella trek die boek nader. “M’m, jou wange gloei al weer,” terg sy voordat sy begin bel. “Ek sê maar net.”

Corinne druk haar hand teen haar warm gesig. Sy het dalk iets onder lede. Iets wat sy nog nooit gehad het nie. Hierdie waansinnige geklop van haar hart is beslis ’n nuwe ervaring. Sy moet iets makeer; haar hele lyf kan tog nie so vreemd reageer en dit net omdat sy naby aan ’n aantreklike man gestaan het nie. Dis heeltemal bisar.

Sjoe, dis darem warm. Sy gryp ’n stuk papier en begin haarself koel waai. Net die gedagte aan die man se reuk, sy nabyheid, maak haar van voor af kortasem en warm.

Hy het die mooiste blou oë en ag aarde, daai kuiltjies in sy wange is genoeg om enige vrou se bene lam te maak ...

“Wel, as ek so na jou kyk, is daar net een afleiding. Jy het einde ten laaste ’n man raakgeloop wat jou liggies aanskakel!” giggel Ella.

Corinne laat val die papier waarmee sy haarself koel waai en kyk verdwaas na Ella. “Waarvan praat jy tog?”

“Kyk na jou. Jou oë blink, jy kan nie op jou werk konsentreer nie – en dit het alles gebeur vandat die Sutherlandbroers in die winkel was.”

Corinne waai Ella se opmerking weg. “Ek weet nie van watter liggies jy praat nie. Oukei, ja, ek was ’n bietjie uit die veld geslaan oor die vyf mans in die winkel, maar selfs jy was vir ’n paar minute sprakeloos. Hulle is ... baie aantreklik, maar ek dink ek het iets onder lede.”

Ella stik in ’n giggel.

“Ek voel effens koorsig, maar dit het niks met die mans te doen nie,” sê Corinne vieserig.

Nou lag Ella kliphard. “Niemand het van mans in die meervoud gepraat nie, my liewe Corinne. Um ... ek dink die koorsigheid is as gevolg van een baie spesifieke man. Die een wat netnou agter jou aangeloop het kombuis toe.”

Corinne trek haar asem verstom in. “Maar dis tog nie moontlik nie, is dit? Hy is aantreklik, ja, hulle is almal, en dis nie asof ek nog nooit mooi mans gesien het nie! ’n Mens kan nie so vinnig ... of kan jy? Dis seker net ...”

“Dis omdat hy jou liggies aanskakel. Is dit nie wonderlik nie? Net vanoggend het jy nie gedink daar is ’n man wat dit sal regkry nie, en kyk nou vir jou! Elke liewe liggie brand, jy gloei so groot soos jy is!”

Corinne druk haar hand teen haar hart. Sy het nog altyd op haar instink staatgemaak in haar eerste reaksie op situasies en op mense. Maar hierdie keer is sy onwillig ... nee, bang is die woord as sy nou baie eerlik moet wees, om na haar instink te luister. Want wat dit vir haar sê, doen geen ordentlike vrou vroeg in die oggend nie! Die gevoelens wat deur haar bruis, is oorweldigend, intens, allesoorheersend en ... en sjoe, stomend.

Sy wil nie so voel nie. Sy probeer haar hele lewe lank om hierdie gevoel te vermy. Die groot doel in haar lewe is om nié soos haar ma te wees nie. Sy wil nooit, ooit só verlief en verlore wees dat sy alles los,

haar kind inkluis, en agter 'n man aanhardloop nie. Sy is ook baie beslis nie van plan om haarself elke keer te probeer verander om te wees wat die nuwe man in haar lewe wil hê sy moet wees nie. 'n Mens kan mos darem jou gesonde verstand gebruik en goeie besluite neem.

Alhoewel, op dié oomblik lyk dit asof haar gesonde verstand nie meer heeltemal so gesond is nie. Sy is geheel en al benewel deur 'n wildvreemdeling – dis tog nie moontlik nie.

'n Bos dreig om weer teen haar nek op te kruip en sy kam haar hare met bewerige vingers agteroor. “Oukei, jy is dalk reg. Die man het my ... oukei, hy is aantreklik. Soos in knieknakkend aantreklik, maar ek het gewoon nie nou tyd om oor 'n man te sit en swymel nie, ons het werk om te doen! Ons moet kyk of ons op kort kennisgewing verskaffers kan kry wat Skotse heide en distels betyds kan aflewer, 'n kwotasie uitwerk. Daar is regtig nie nou tyd ...” kreun sy en druk haar hand op haar maag, “om aan die vlinders op my maag te dink nie!”

Ella glimlag meewarig. “Gelukkig is ek nog oukei, al het die manne my 'n rukkie van stryk gebring. Ek sal heel eerste met ons gewone verskaffer praat en vra of hulle dalk 'n plan kan maak om Skotse heide in die hande te kry. Watter kleur moet dit wees? Wit of pers?”

“Wit,” sê Corinne en kyk na die foto wat Doug vir haar gegee het. “Wit heide beteken beskerming, en dit beteken geluk vir bruide wat dit dra. Jy ken die mooi storie wat oor wit heide vertel word.”

“So, so romanties.” Ella sug en druk haar hand teen haar hart.

“Dit is spesiaal.” Corinne kyk vinnig deur die lysie. “Die Skotse distel behoort nie 'n probleem te wees nie, dis maklik om in die hande te kry.”

Ella bel. Die verskaffer kan wit Skotse heide kry. Teen 'n prys, natuurlik, maar die bruidegom moet self besluit of hy bereid is om dit te betaal. Corinne kan alternatiewe aanbeveel.

Uiteindelik het sy al die pryse. Daar is nog tien minute oor voor sy weer die Sutherlandbroers sien, maar gelukkig werk sy vinnig kwotasies uit. Die fladdering op haar maag begin opnuut en sy voel die heerlike gloed van afwagting, opwinding teen haar nek op beweeg. Binne sekondes gaan sy weer vir Alan sien.

Help! Die stemmetjie in haar binneste is al hees gekree.

Hy sou vinnig sy koppie koffie sluk en waai. Dis nie nodig om langer te sit en wag om te hoor van Doug en Annabel se blomme nie. Dit het op die aarde niks met hom uit te waai nie. Hy het sy ondersteuning gewys deur saam te kom, hulle het 'n bloemiste gekry, en sy plig as strooijonker, as broer, is met ander woorde afgehandel.

So, die rede hoekom hy nog hier in afwagting sit, beteken net een ding – hy wil weer die meisie met die armbande sien. Corinne.

In die paar sekondes wat hy by haar was, wat hy sentimeters van haar af gestaan het, het hy álles van haar raakgesien – haar helderblou oë, die vyf sproete op haar neus, die sysagtheid van haar koringblonde hare, die glimlag om haar lippe en – help hom! – die klipharde puntjies van haar borste wat teen haar T-hemp druk. En toe die doodskoot – daai dun goue enkelkettinkie. Dat hy nie iets onbesonne aangevang het soos om haar oor sy skouer te gooi en iewers heen te gaan waar hy alleen met haar kan wees nie, waar hy kan voel ...

Ongemaklik skuif hy op sy stoel rond. Hy wat skaars 'n vroumens se naam ná 'n date kan onthou, het binne sekondes elke detail van die vroumens opgeslurp, en net die gedagte aan haar stuur sy libido weer op 'n wilde weghol. En wat hy glad nie verstaan nie, is sy lyk nie naastenby soos sy idee van die ideale vrou nie.

Êrens naby hom klingel armbande vrolik. Hy vryf oor sy gesig. Magtig, hy is besig om dit te verloor. Hy hoor die flippen armbande, al is sy nie eens naby nie.

“Hier is Corinne!” roep Doug uit.

Verlig dat hy nog darem by sy positiewe is, staan hy saam met sy broers op. So, sy spook nie regtig by hom nie. Hy het werklik haar armbande gehoor, hy is darem nog nie heeltemal van sy trollie af nie.

Corinne lag en beduie vir hulle om te sit. “Julle ma het julle mooi grootgemaak.” Sy gaan sit op die leë stoel langs hom en toe hulle inskuif, rus haar been vir 'n oomblik styf teen syne.

Die siddering wat deur haar lyf trek, bereik hom op dieselfde oomblik wat sy liggaam ook sidder, maar voordat hy iets simpels kan aanvang, soos sy hand op haar been sit, skuif sy haar stoel agtertoe.

Sy klik die pen wat sy in haar hand het en maak keelskoon. “Ek kan vir jou die Skotse heide kry, die wittes kom natuurlik teen 'n prys. Daar is goedkoper alternatiewe.” Sy kyk na Doug, haar glimlag wyd.

“Maar jy weet seker hoe spesiaal wit heide is. Dit dra ’n besondere boodskap oor en daar is ’n spesiale legende wat daaroor vertel word.”

Doug skud sy kop. “Nee, ek weet niks van blomme nie. Ek weet net Annabel wil ’n Skotse ruiker hê en ek sal oor warm kole loop om seker te maak sy kry wat sy wil hê.”

Corinne glimlag. “Wow, jy’s die ideale bruidegom! Hier is die pryse,” sê sy en oorhandig ’n papier aan Doug. “Blomme het hulle eie taal, en die wit heide sê vir haar jy wil haar beskerm en jy hoop al haar wense sal waar word.”

Doug glimlag breed. “Ek hou daarvan. Ek het nie geweet blomme dra betekenis oor nie. Oukei, ek weet ’n rooi roos is liefde, maar jy leer my iets.”

Corinne glimlag. “Ek het feitlik in my ouma se blommewinkel grootgeword en het by haar geleer blomme ‘praat’ met jou, elke blom het ’n betekenis, elke blom sê iets. Dis ’n gebruik wat uit die Victoriaanse era kom toe dit ’n gewilde tydverdryf was om te leer van die simboliek van blomme. Behalwe die Bybel, het die meeste huise in daardie tyd ook gidsboeke gehad wat die taal van blomme verduidelik het. Blomme is gestuur om boodskappe oor te dra wat nie hardop gesê kon word nie. Ek sien daagliks hoe blomme mense verander. Die uitwerking van die regte bos blomme op mense is eenvoudig magies. Glo my, jou bruid sal mal wees oor haar ruiker.”

“Corinne, jy red my. Ek gaan hierdie lysie vir Annabel gee, sy sal verder met jou onderhandel. Die prys maak nie saak nie, enigiets wat haar gelukkig maak.”

“Volgens die lysie wat jy my vanoggend gegee het, wil julle ook blomme in die onthaallokaal hê, nê?”

Doug noem die naam van een van die spogplase buite Stellenbosch waar die onthaal gehou gaan word.

Corinne knik. “Ek het al ’n troue se blomme daar gedoen en ek weet hoe dit lyk. Pragtige plek. Goed, ek wag vir Annabel om my te bel.”

Sy wil opstaan en Alan sit vinnig sy hand op haar arm. Haar arm ruk onder sy vingers en hy laat sak sy hand weer.

“Die legende van die wit heide?” vra hy.

Sy kyk vinnig na sy broers voordat sy begin praat. “Volgens oorlewering was Malvina, die dogter van die Skotse digter Ossian, in die derde eeu verloof aan Oscar, ’n Keltiese soldaat. Oscar is egter in

'n geveg dood, en toe Malvina die nuus kry, het sy bitterlik gehuil. Daar word vertel die boodskapper wat die nuus gebring het, het 'n takkie pers heide aan haar oorhandig wat Oscar vir haar as 'n laaste teken van sy ewigdurende liefde gestuur het. Toe haar trane op die pers heide val, het dit wit geword. Sy het toe die wens uitgespreek dat alhoewel die pers heide die simbool van haar hartseer is, die wit heide geluk aan almal sal bring wat dit ontvang."

Sy skuif haar stoel agteruit en staan op. "Mooi, nè?"

Alan kyk vinnig na sy broers. Almal het dieselfde verdwaasde uitdrukking op hulle gesigte wat hy reken ook op syne is. Dié girl kán 'n storie vertel.

Hulle spring weer almal op. "Dankie, Corinne," sê Doug.

"Kom ek stap saam met jou terug," sê Edward en haak by haar in.

Voordat Alan kan dink wat hy doen, het hy haar ander hand in syne. "Ék sal saam met haar stap," sê hy kortaf en druk Edward eenkant toe.

Sy broers se gelag agtervolg hom tot om die hoek.

"Jy hoef nie saam te stap nie, ek ..."

Hy swaai haar om sodat sy voor hom staan. "Ek wil jou sien. Ek móét jou sien. Vanaand. Of ... enige ander aand."

Sy kantel haar kop, 'n frons op haar voorkop. "Ek dog Annabel gaan my bel oor die blomme?"

Iemand stamp van agter teen hom, en met 'n swets trek hy haar by die naaste deur in. Dis een of ander kantoor, maar hy kyk nie rond nie.

"Ek moet jou sien," sê hy weer, maar sy bly frons, so asof sy geen idee het waarvan hy praat nie. Magtig, hy het so lanklaas 'n vroumens uitgeneem, hy moes sy slag verloor het. Miskien kom hy te intens oor. Dêmmet, hy voel mos intens oor haar. Met 'n diep asemteug probeer hy kalmer praat. "Ek wil jou uitneem. Op 'n date. Vir ete of ... iets."

Hy sien die presiese oomblik toe sy verstaan wat hy eintlik vra. Haar wenkbroue skiet die hoogte in en haar mond vorm 'n koeëlronde "o".

"Vanaand?" vra hy weer.

Verdwaas knik sy.

"Seweuur?"

Sy knik weer.

En toe kan hy vir die beste wil in die wêreld nie meer die donderende boodskap van sy brein of sy lyf, of albei, ignoreer nie. Hy

vou haar gesig in sy hande toe. Haar mond val oop in 'n snak en hy duik af vir 'n soen.

'n Mens soen nie 'n girl wat jy van g'n kant af ken nie. Dis sy laaste intelligente gedagte, want toe sy lippe aan hare raak, kom sy hele lyf in opstand teen hierdie verlangse stemmetjie wat met hom bly raas.

Haar lippe is sag, warm en nooi hom uit om te proe. Hy drink haar in, maar die dors in sy binneste raak nie geles nie. Inteendeel.

Iemand maak hard keelskoon agter hulle.

“Kan ons help?” vra 'n geamuseerde stem.

Vervaard ruk hy sy kop op. Corinne knip-knip haar oë. Hy kyk om na waar die stemme vandaan kom. Agter die ontvangstoonbank staan twee vroue met breë glimlagte na hulle en kyk, maar dit neem 'n paar sekondes voordat hy besef wat so pas gebeur het.

Hy het wragtig 'n wildvreemde vrou by die eerste die beste deur ingetrek en haar gesoen sonder om vir een oomblik te dink wat hy doen en waar hy dit doen.

Corinne lag, haar armbande klingel.

“Hallo, julle!” groet sy die twee vrouens vrolik. “Ek kan hom beslis aanbeveel – die man kán soen!”

En voordat hy iets kan sê, is sy uit by die deur.

“Wel, Meneer, as jy soene aan die uitdeel is ...” begin die een vrou giggelend praat, maar Alan luister nie verder nie en stap met lang treë by die deur uit agter Corinne aan.

Binne die bestek van 'n uur is hy deur die vroumens uitgedop en omgedop. Natuurlik soen hy vrouens. Hy is mal daaroor, maar dis nie iets wat hy doen wanneer hy die meisie glad nie ken nie. Ná 'n paar dates, ja, maar nie sommer minute nadat hy een ontmoet het nie. Sy basiese instinkte het sy gewoonlik analitiese brein heeltemal oorgeneem – dis al verklaring vir sy bisarre optrede.

Normaalweg sal hy ook die spreekwoordelike kat baie goed uit die boom kyk voordat hy eens daaraan dink om hoegenaamd 'n vrou uit te neem. Hy stel baie vinnig vas in watter kategorie 'n vroumens val – is sy 'n geldjagter, is sy loopbaangerig, is sy op soek na 'n trouman? Van laasgenoemde bly hy vir eers so ver moontlik weg.

Die loopbaangerigte vrouens werk vir hom, hulle is altyd te vinde vir sy no-strings-attached-beleid. En gewoonlik sal 'n mooi, lang donkerkopvrou wat tuis is in snyerspakkies en wie se hare netjies

versorg is, 'n vrou wat stemmige juweliersware verkies soos pêreloorbelle, die een wees wat hy op 'n date vra. Dalk sal hy wel eendag met só ene trou – 'n vrou wat 'n bate vir sy beeld in die sakewêreld sal wees – maar daarvoor is hy nog glad nie gereed nie.

Maar hierdie meisiemens wat hy vanoggend ontmoet het, die een met die koringblonde hare, pas in geen boksie nie. Haar lang, amper deurskynende romp van lae en lae net, is allesbehalwe stemmig. En hy kan sy oë nie van haar klingende en beslis nie-stemmige armbande afhou nie. Hel, as hy eerlik is, moet hy erken alles aan haar fassineer hom.

Verdomp, vir 'n paar sekondes het sy hom teruggesoen. Tog kon sy ewe koel wegstap met 'n groot glimlag terwyl die vuur in sy lyf dreig om hom te oorweldig.

Hy druk die deur oop en stap vir 'n tweede keer die dag in haar blommewinkel in. Dié keer is hy voorbereid op die impak wat sy en haar armbande op hom het, dié keer sal hy nie weer ...

En toe sien hy haar. Sy gesels glimlaggend met 'n ouer vrou aan wie sy 'n ruiker oorhandig.

“Dankie, kind,” sê die vrou, haar stem sag en vol emosie. “Dis pragtig. Wat skuld ek jou?”

“Dis 'n geskenk van my en Ella, Rita. Ons wens jou net geluk toe. Dis wat hierdie lelies van die dale vir jou sê,” sê Corinne en raak aan wit blomme in die ruiker.

Die ouer vrou snuif. “Dankie, Corinne. Ek is so dankbaar vir mense soos jy en Ella in my lewe,” sê sy en ruik aan die bos blomme. “Julle helder altyd my dag op.”

Nee, besef hy, al was hy dié keer voorbereid daarop om haar te sien, kry sy dit weereens reg om hom na sy asem te laat snak, sy hart vinniger te laat klop. Sy lyk soos een of ander engel wat geskenke uitdeel.

Hy staan nog half oorbluf by die deur toe die vrou aangestap kom, haar bos blomme in albei haar hande vasgeklem. Instink neem oor en hy maak die deur vir haar oop. Met 'n knipoog glimlag sy vir hom.

“Corinne,” roep sy oor haar skouer. “Kyk net hierdie beeld van 'n man! En dan het hy nog maniere ook.” En met 'n wuif van haar hand is sy uit buitetoë.

Corinne se kop het opgelig toe Rita na haar roep en hy hou haar oë vas totdat hy reg voor haar stop.

“Alan, was daar nog iets?” vra sy met ’n vrolike glimlag.

“Jou adres?”

Armbande klingelend, sy kam haar vingers deur haar lang hare. “Ek ... het weer gedink en ...” Met ’n skud van haar kop maak sy keelskoon voor sy verder praat. “Ek dink nie dis ’n goeie idee as ons tyd saam met mekaar deurbring nie.”

“Hoekom nie?” vra hy en gee nog ’n tree nader sodat hulle gesigte sentimeters van mekaar is.

Hy sien die effens verbouereerde uitdrukking in haar oë voordat sy weer glimlag en wegdraai.

“Jou broer is ’n kliënt van my ...” sê sy, maar hy gryp haar hand voordat sy kan wegstap.

“Twak,” sê hy. “Dis nie ’n verskoning nie.”

Haar een wenkbrou lig en haar armbande klingel toe sy haar ander hand op haar heup sit. Sonder om dit te beplan, verstrengel sy vingers met hare.

Sy trek haar asem in. “Alan,” sê sy, haar glimlag vir die eerste keer weg, “dis te veel, te vinnig, te intens. Jy’t my sommer gesoen! Wie doen dit?”

“Hoe de hel dink jy voel ek? Ek stap hier in om my broer te help en daar is jy – blond, sexy, jou hare los, jou armbande al klingelend. Binne sekondes het jy my laat vergeet wat my bleddie naam is!”

Sy trek haar asem vinnig in en gluur hom verontwaardig aan.

“Sien? Presies dieselfde het met my gebeur. Ek het ’n baie normale dag gehad totdat jy hier ingestap het – groot, sexy, aantreklik. En binne ’n uur soen jy my en ek wou nie hê jy moes ophou nie! Dis heeltemal belaglik. Ek ken jou glad nie en ... en ek soen nie sommer iemand nie. Wel, natuurlik soen ek mans, maar ek soen nie ’n vreemde man nie en beslis nie binne die bestek van ’n uur nie en definitief nie so asof ek nooit wil ophou nie.”

’n Bos kruip teen haar nek op en sy kreun hardop. Sy ruk haar hand uit syne en druk haar gesig in haar hande. “En ek kan nie glo ek het dit alles hardop gesê nie,” fluister sy terwyl sy deur haar vingers na hom loer. “Jy maak my heeltemal deurmekaar.”

Haar woorde het 'n onmiddellike uitwerking op sy lyf, en met 'n swetswoord trek hy sy broek reg. Sy laat val haar hande en beweeg vinnig tot agter die toonbank.

“Soos ek gesê het, dis nie 'n goeie idee nie. Ons ken mekaar van g'n kant af nie ...”

Die foon lui. “Ek moet antwoord,” sê sy amper pleitend. “Gaan asseblief ... weg? Ek ... jy ... moenie so vir my kyk nie!” fluister sy half desperaat en tel die foon op.

Skielik verskyn Doug om die rakke. Hel, wanneer het hy ingeglip? “O, hier is jy. Ons het gewonder wat van jou geword het. Ons is op pad. Wat maak jy nog hier?”

Voordat Doug klaar gepraat het, is Alan alreeds by die deur uit. Die laaste ding wat hy nou nodig het, is opmerkings van sy broers. As hulle moet agterkom hoe hy op Corinne reageer, sal hy nooit die einde daarvan hoor nie.

Toe hy voor in die motor klim, slaan Quinn hom van agter op die skouer. “Het jy sowaar die hots vir die vroumens? Al wat ek kan sê, is sy is 'n groot verbetering op die stywe, maer girls wat jy gewoonlik uitneem. Hierdie ene lag maklik en dit lyk nie of sy honger ly nie.”

“Ja, seriously. Ek het al baie gewonder hoekom hou jy van vroumense wat lyk of die wind hulle gaan omwaai en sulke vreeslike stywe, formele klere dra,” sê Edward. “Dis onnatuurlik.”

“En dan praat ek liever nie van die stywe bollas wat hulle dra nie. Foeitog, hulle oë is eintlik op skrefies getrek. Kry jy ooit kans om hulle hare darem 'n bietjie deurmekaar te krap?” terg Finlay.

Alan brom net onderlangs.

“Julle mos gesê,” spot Finlay. “Watch this space – ons het wragtig nog 'n troue voor Krismis.”

“Is jy nou heeltemal besimpeld?” snou Alan sy broer oor sy skouer toe.

Laggend skakel Doug die motor aan. “Jy het nie die uitgeboulde uitdrukking op jou gesig gesien toe jy agter die girl aangeloop het nie – ons het.”

Alan vryf gelate oor sy gesig. “Sy's oulik en ja, ek het probeer om haar weer te sien, maar sy wil nie, einde van die storie. Soos julle so pas opgemerk het, is sy in elk geval glad nie my tipe nie. Julle weet

van al die moeilikheid by die werk – kan ons asseblief eerder daaroor praat?”

“Dalk dié dat jy nie sover kom om te trou nie – jy moet miskien ’n ander tipe meisie probeer uitneem,” sê Doug glimlaggend voordat hy oor die probleme met hulle verskaffers begin praat.

Alan kyk by die venster uit en probeer sy lyf, sy hartklop, sy libido onder beheer kry. Die hele situasie is onwerklik. Die vroumens is reg – hulle twee saam is beslis nie ’n goeie idee nie.

OceanofPDF.com

DRIE

“En toe kom sy hier uitgestap, haar wange bloedrooi en haar oë skitterblink!” voeg Ella handeswaaiend by.

Tannie Lisa lag opgewonde en klap haar hande. “Oe, dit klink heerlik opwindend. So, wat het in die kombuis gebeur?” vra sy vir Corinne.

Corinne konsentreer op die rangskikking waarmee sy besig is en maak asof sy nie hoor wat gesê word nie. Die anemone lyk mooi hierby en ... sy kyk na die emmers wat om haar staan. Natuurlik, die delfiniums. Ridderspoor, soos dit algemeen bekend staan. Sy druk ’n delfiniumtak in die bos blomme. Haar hand vries. Wat doen sy? Onthuts staar sy na die ruiker waarmee sy besig is. Soos altyd spoel haar emosies oor in die blomme wat sy rangskik, maar goeiste, anemone en ridderspore?

“Kyk na die blomme wat sy vandag gebruik,” fluister Ella hard genoeg sodat Corinne dit kan hoor. “Van Dinsdag af ignoreer sy al die ander blomme, selfs die pragtige gerberas wat ons ingekry het – dis net tulpe wat liefde verklaar, anemone wat op afwagting dui en die delfiniums, en ons weet almal wat dít beteken.”

“Vurige verbintnisse,” sê tannie Lisa op haar asem en druk haar hande teen haar bors.

Corinne kyk vinnig op terwyl Ella se woorde by haar registreer. Haar asem raak weg en verbouereerd bekyk sy die rangskikking. Dis mos heeltemal belaglik, sy moet net die ruiker verander. Dis so eenvoudig.

Haar hand huiwer bokant die delfinium, maar sy kan dit net nie regkry om dit uit die ruiker te haal nie. Vandag hoort dit daar. Net soos die anemone.

Sonder om vir Ella te antwoord draai sy weg en gryp die groot dagboek wat op die toonbank lê.

“Die afspraak met Doug Sutherland se bruid, Annabel, is Vrydagoggend, as ek dit nie mis het nie, Ella. Tannie Lisa, is jy seker jy kan ons die Vrydagaand help?” Sy probeer haar gedagtes by haar werk kry, maar hier duik die Sutherland-van al weer op.

Tant Lisa neem uitasem plaas op die hoë stoel aan die ander kant van die toonbank. “Natuurlik hartjie, en ek kan die Saterdag ook vir julle help,” beduie sy opgewonde. “’n Skotse troue! Mans in kort rompies. Ek wonder nog altyd wat hulle onderaan aantrek.”

“Tannie Lisa!” lag Corinne en voel hoe ’n blos teen haar nek opstoot.

Dis presies waarom sy ook die afgelope paar dae wonder en waarom sy die een stomender droom as die ander het. Sy het nog altyd gedink sy is maar net nie ’n vreeslik passievolle vrou nie. Die een keer wat sy as student besluit het om uit vind waarom al die bohaai nou eintlik is, het haar leeg en hartseer laat wegstap. Van tromme en verskietende sterre was daar nie sprake nie. Dit was ’n vroetelende, swetende, vernederende ondervinding, beslis nie een wat sy ooit weer wou herhaal nie.

Maar die eksplisiete drome van die afgelope paar dae laat haar opnuut wonder oor tromme wat slaan en sterre wat verskiet.

Sy wil mal word – sy kan nie ophou dink aan Alan Sutherland nie. Genade tog, sy het die man seker altesaam vir tien minute gesien, maar dis asof elke sekonde van daardie paar minute vir ewig in haar brein vasgesement is. Sy onthou alles van hom, maar dis veral sy geur wat haar agtervolg, wat haar op die onmoontlikste tye in die verte laat tuur en wat haar gewone rustige bestaan totaal omvergewerp het.

“Ek is oud, my kind, maar ek waardeer nog ’n mooi man. En ’n mooi man in ’n kort ...”

Ella se gelag laat tant Lisa genadiglik ophou praat, want sy begin ook giggel.

“Tannie Lisa, hoekom is jy nooit getroud nie?” vra Ella en gee haar ’n drukkie. “Jy sal enige man gelukkig kan maak!”

Vir ’n oomblik verskyn die hartseer trek in tant Lisa se oë wat Corinne altyd raaksien wanneer iemand haar die vraag vra, maar toe lag sy.

“Daar was iemand, lank, lank gelede. Maar ag, kind, ek was jonk en dom, my voete het gejeuk. Ek wou die wêreld sien. En nou ja, ek het nie geweet hy sal die laaste man wees wat my vra om te trou nie. ’n Mens dink daar is tyd, maar op ’n dag besef jy die jare is verby en jy het die liefde by jou laat verbygaan. Wat my terugbring by jou, Corinne.”

Daar is 'n dringendheid in haar oë. Sy gryp Corinne se hande vas. “Moenie dieselfde fout maak as wat ek gemaak het nie, kind. As jy gelukkig genoeg is om 'n man raak te loop wat jou hartklop opjaag, jou oë laat blink, jou bloed laat bruis – hou styf aan hom vas, hartjie, dit gebeur net een keer in 'n leeftyd. Die lewe is uiteindelik verskriklik kort.”

Corinne rol haar oë. “Net een keer? Het jy dit ook vir my ma gesê? Sy is al deur ses mans en elke keer sweer sy dis ‘die een’,” beduie sy en maak die aanhalingstekens met haar vingers.

Tannie Lisa se glimlag verdwyn en sy sug. “Het jy jou ma al ooit gevra hoekom sy kort-kort 'n ander man soek?”

Corinne haal haar skouers op. “Dis tog duidelik, is dit nie? Sy wil nie alleen wees nie en is verslaaf aan mans se bewondering. En sy hou daarvan om haarself vir elkeen te herontwerp, net om maande later te ontdek hy is toe nie heeltemal so oulik soos wat sy gedink het nie. Dan is sy weer in die diepte van ellende en kom klop aan my voordeur. Dit maak my so moedeloos. Beslis nie iets wat ek wil oorkom nie.”

Tannie Lisa skud haar kop. “Jou pa was haar soul mate, kind, en sy soek elke keer na wat sy by hom gehad het.”

Verontwaardig klik Corinne haar tong. “Pa was skaars in sy graf, toe trou sy met die volgende man. Sy het haarself of vir my nie eens tyd gegee om oor hom te rou nie.”

“Ek sê nie dis reg nie en ek weet mos hoe seer dit jou maak, maar elke mens hanteer hartseer op 'n ander manier, hartjie, en my suster se manier is om seker te maak sy is nooit alleen nie.”

Die verontwaardiging verdwyn. Al wat oorbly, is frustrasie. “Ek weet,” sug Corinne. “Ek is baie lief vir my ma, maar ai, sy hol agter al wat 'n man is aan. Vandat ek groot is, verstaan ek hoekom sy doen wat sy doen, maar as kind ... ek het die hele tyd gedink dis my skuld.” Sy skud haar kop en glimlag. “Ek het gelukkig altyd vir jou en ouma gehad.”

“Óns was die gelukkiges omdat ons vir jou gehad het,” sê tannie Lisa. “Maar vertel my nou van die man wat jou oë so laat blink het – dis die eerste keer dat ek hoor 'n man lok enige reaksie by jou uit. Gewoonlik is jy net jammer vir hulle.”

Corinne vryf oor haar gesig. “Ek het hom vir 'n paar minute gesien, tant Lisa. En daar was vyf van hulle – almal groot en lank en sjoe,

dodelik aantreklik. Enige vrou se bloeddruk sou gestyg het. Selfs Ella was vir 'n paar minute sonder woorde en dit gebeur nie sommer nie.”

Tannie Lisa kantel haar kop en pen Corinne met haar skerp blik vas. “M'm, maar ...”

Die splinternuwe klokkie by die deur lui en Corinne kyk op. En sommer net so is haar asem weer weg. In die deur, groot en sexy, staan niemand anders nie as die einste man wat haar oë skynbaar so laat blink.

Sonder om sy oë van hare af te haal, stap hy nader deur die rye rakke. Tannie Lisa draai haar kop en snak hoorbaar na haar asem.

“Is dit hy?” fluister sy met ontsag.

“Jip,” giggel Ella wat van die kombuis af teruggestap kom.

“Alan,” sê Corinne toe sy haar stem terugkry.

“Corinne.”

“Um ... ontmoet my tante, Lisa Greeff. Sy gaan ook help met die blomme by jou broer se troue. Tannie Lisa, Alan Sutherland. Dis sy broer wat die Skotse troue gaan hê.”

Hy glimlag vir tant Lisa en steek sy hand uit om haar te groet. Haar een hand fladder op tot teen haar ken voordat sy sy hand neem.

“Aangenaam, Alan. Kom sit hier by my ...”

“Tant Lisa, ek is seker Alan is haastig ...” sê Corinne, maar Alan gaan sit ewe bedeesd langs tant Lisa.

“Van watter Sutherlands is jy?” Tannie Lisa se gunstelingvraag.

Dankbaar vir 'n paar oomblikke om haar ekwilibrium terug te kry, sluk Corinne haar lag. Sy weet nie wat Alan hier soek nie, maar die stomme man het geen idee waarvoor hy hom inlaat as hy met tannie Lisa begin gesels nie.

Haar foon lui en sy moet haar aandag aan die kliënt gee. Uit die hoek van haar oog kan sy tog sien hoe Alan saam met haar gunstelingtante glimlag en gesels. 'n Heerlike warm gevoel spoel oor haar.

Toe sy die foon neersit, skuif Alan sy stoel met 'n glimlag agteruit en staan op. “Tannie Lisa, ek hoop ons sien mekaar weer, maar nou wil ek graag met Corinne gesels.” Sy blou oë draai na haar. “Kan ons iewers alleen wees?”

Corinne is nie in staat om een woord uit te kry nie, en sy kan net in die rigting van die kombuis beduie. Oorbewus van tannie Lisa en Ella

se groot oë op haar en Alan, stap sy vinnig die kort gangetjie af tot in die kombuis. Toe sy omdraai, druk Alan die deur agter hom toe.

“Wat ...?” begin sy praat, maar hy raak vlugtig aan haar gesig met die vingerpunte van sy een hand, en haar woorde raak weg.

“Jy’s verkeerd,” sê hy en die kuiltjie in sy wang flits en verdwyn.

Sy hoor sy woorde asof dit oor ’n afstand na haar toe aankom, haar oë vasgenaël op sy kuiltjie.

“Corinne?” En asof sy stem nie genoeg is om heerlike rillings langs haar ruggraat te laat afgly nie, vou sy hand vir ’n oomblik oor haar boarm.

Sy registreer wat hy netnou gesê het. “Verkeerd? Waaroor?”

“Oor ons.” Hy stap ’n entjie weg, raak aan die bekere wat op die wasbak staan voor hy weer na haar toe draai. Hy vou sy arms en frons. “Goed, ek stem saam wat tussen ons gebeur het, het vinnig gebeur, en ja, dis vreemd, bisar en intens, maar ek probeer al van Maandag af om van jou te vergeet en ek kry dit nie reg nie,” eindig hy ietwat verontwaardig.

Sy kan die glimlag om haar mond vir die beste wil in die wêreld nie keer nie. Haar hart slaan bollemakiesie.

Die frons verdwyn tussen sy oë en hy gee die paar tree nader sodat hy weer teen haar staan. Sy blou oë is amper swart, en as sy dit nie mis het nie, is dit van passie, van begeerte. Vir haar.

Hy raak nie aan haar nie, maar sy geur glip om haar, dring deur haar vel en bruis deur haar bloed. O. Liewe. Aarde.

“Ek wil jou graag sien,” sê hy. “Vanaand, seweur? Ek sal vir ons iewers bespreek om te gaan eet.”

Praat is heeltemal buite die kwessie. Al waartoe sy in staat is, is ’n kopknik.

“Adres?”

Sluk-sluk beduie sy met haar hand na die woonstel bo haar winkel.

Sy glimlag is skitterwit, haar asem raak heeltemal weg en vir ’n paar sekondes tol die wêreld om haar. Voordat sy ’n woord uitkry, is hy weer uit by die deur.

Haar bene weier om haar vir een sekonde langer regop te hou en sy gaan sit op die enigste stoel wat teen die muur staan.

“Hartjie?” hoor sy tannie Lisa se stem voordat haar tante besorg in die kombuis storm met Ella ’n kortkop agter haar.

“En nou?” vra Ella. “Wat het gebeur? Dit lyk asof iemand jou wind uitgeslaan het.”

Corinne haal diep asem en lag flou. “Dis presies wat gebeur het. Ek weet dis waansin, ek weet dis die laaste ding wat ek moet doen, maar ek het ’n date vanaand. Met Alan Sutherland.”

Ella klap haar hande en tannie Lisa glimlag breed.

Alan frons en kyk deur die lysie name. Hy het ’n date met Corinne, hy weet sy bly hier, maar hy het nie ’n idee wat haar van is nie. Hoe de hel is dit moontlik? Moerig vee hy oor sy gesig. Dis beslis ’n eerste vir hom. Gewoonlik weet hy ten minste wat die vroumens wat hy uitneem se van is. Maar vandat hy in Corinne se blommewinkel gestap het, is niks meer gewoon of normaal nie.

Weer gly sy oë oor die lysie name. Die voorletters is ook nie van veel hulp nie, daar is meer as een C. Sy het nooit haar van genoem nie. Hy sou onthou het. Hy onthou alles van die dag toe hy haar die eerste keer gesien het.

Besluiteloos staan hy rond. Hy kan vir Doug bel. As hy reg onthou, het sy broer ’n kaartjie met Corinne se besonderhede geneem, maar as Doug weet hy is hier, weet sy ander broers dit binne minute, en vir hulle gespot is hy nie lus nie. Hulle sukkel nou al die afgelope paar dae met hom omdat hy nog nie ’n date met Corinne het nie.

Dit was deels hulle gekoggel wat hom laat besluit het om weer te probeer om haar uit te neem. Dis eintlik heel logies – neem haar uit, gesels met haar, eet saam met haar. Die kanse is goed dat hy binne die eerste vyf minute sal agterkom hulle het op die aarde niks gemeen nie. Dan kan hy haar huis toe neem en van hierdie waansin vergeet.

Buitendien, soos selfs sy broers genoem het, is sy glad nie die tipe girl na wie hy gewoonlik kyk nie. Soos hulle hom terg, hou hy van ’n meisie in ’n snyerspakkie en klein, fyn oorbelle aan haar ore, wie se hare verkieslik vasgemaak is.

Corinne lyk nie eens naastenby so nie. Haar los hare en klingelende armbande dui reeds op haar vrye gees. Dit was haar eie woorde, as hy reg onthou. Nie juis troumateriaal nie. Sy steur haar duidelik nie aan die “normaal” nie, en hy twyfel of konvensies soos die huwelik iets is wat sy enigsins in ag neem.

Trou? Waar de hel kom dié gedagte vandaan? Van skone ontsteltenis stap hy om die gebou tot aan die voorkant van haar winkel. Die vroumens wat saam met haar werk, is besig om die deur te sluit. Sy sal weet.

Sy kyk om toe sy sy voetstappe hoor.

“Alan – ek dog ...” Sy kyk op haar horlosie.

“Hallo ...”

Sy glimlag skeef. “Ella.”

“Ella,” sê hy en beduie na die ingang van die woonstelle. “Die nommer van Corinne se woonstel?”

Ella se een wenkbrou lig en sy glimlag. “Sy is Corinne Hansen en sy is in woonstel nommer sewe.”

“Dankie ... ek ...”

“Jy het nie geweet wat haar van is nie?”

Verleë vee hy oor sy nek.

Ella betrag hom van kop tot tone. “Toemaar. Jy’s vergewe, want jy het teruggekom om haar weer uit te vra.” Sy stap tot voor hom. “Wat wys jy is nie stupid nie. Sy is baie spesiaal. As jy nie ernstig oor haar is nie, moenie met haar mors nie, oukei?” ’n Vinger waai onder sy neus voordat sy omdraai en met ’n groetbeweging van haar vingers om die hoek verdwyn.

Wel, hel. Ernstig? Niemand het van ernstig gepraat nie. Half geïrriteerd stap hy terug en druk op nommer sewe. Die hek klik oop. Aan die linkerkant is ’n stel trappe wat na die boonste verdieping lei. Nommer sewe is die laaste woonstel af in die gang.

Hy lig sy hand en klop. Vroumense kan so gou trouklokkies hoor. Dis glad nie wat hy in gedagte het nie, hy het net gedink ...

Die deur vlieg oop, die armbande klingel en die volgende oomblik verlaat elke bietjie suurstof sy lyf. Al sy vooropgestelde planne en idees verdwyn. Sy blik neem alles van haar in – die los sysagte krulle om haar gesig, die kort ligblou romp van lae en lae net wat bokant haar knie stop en die wit toppie met dun bandjies wat styf om haar bolyf pas en wat elke kurwe beklemtoon. En, bliksem, iemand help hom asseblief, aan haar voete is ragfyn ligblou sandale met hemelhoë hakke. Die enkelkettinkie flits teregend vir hom.

Hy is dood. Morsdood. Wie trek sulke klere aan vir ’n gewone ete op ’n weeksaand? Sy lyk soos niemand anders nie. ’n Netjiese broek

en bloes of 'n rok, dis wat die meeste girls aantrek wanneer hy hulle uitneem. Maar hierdie ongelooflike wese voor hom ...

Haar mond beweeg, maar hy hoor nie 'n woord wat sy sê nie, daar is net 'n groot gesuis in sy ore.

OceanofPDF.com

VIER

“Wil jy inkom?” vra Corinne weer.

Alan staar na haar asof sy ’n ekstra oog of iets vreemds aan haar het. Sy het al gegroet, hom gevra of hy wil inkom, maar hy hou verbete vas aan die deurkosyn, so asof hy homself wil keer om in te stap.

“Alan?” probeer sy weer. “Wil jy ...?”

Hy beweeg en voordat sy haar sin kan klaarmaak, swaai hy haar sodat sy met haar rug teen die muur langs die voordeur staan. Met sy blou oë donker, donker poele kokende hartstog, sy asem hortend, druk hy sy hande teen die muur aan weerskante van haar gesig. Sy lippe is sentimeters van hare af, hy hyg soos een wat ver gehardloop het.

Alhoewel hy teen haar staan, sy groot lyf bo haar uittoring, voel sy nie bedreig nie, net ... begeerlik. Niemand het nog ooit presies só na haar gekyk nie.

Haar lyf reageer onmiddellik op die uitdrukking in sy oë. Binne sekondes verhit haar bloed tot ver anderkant kookpunt, haar hart, wat al die hele dag uit ritme rondbons, tol freneties al in die rondte terwyl die stomme skoenlappers in haar maag nou sweerlik in mekaar vasvlieg.

“Jy ...” sê hy, sy stem hees, “... laat my dinge doen wat ek nooit doen nie.” Daar is ’n frons op sy voorkop en hy klink half vies, maar voordat sy verder daaroor kan wonder, kantel sy kop en hy buk af en soen haar. Sy mond is gemaak presies vir hare, dit pas perfek, is haar laaste logiese gedagte.

Sterre verskiet, tromme slaan en elke senuweepunt in haar lyf word aangeskakel. Diep binne haar is ’n sug. So, dís hoe dit voel. Sy mond is warm, honger, sy tong dring aan op toegang. Êrens skree ’n stemmetjie moedeloos vir haar ’n mens soen nie ’n ou op ’n eerste date nie, maar die stemmetjie is baie ver weg en buitendien, sy wil nie daarna luister nie. En hy hét haar al gesoen. ’n Uur nadat sy hom die eerste keer gesien het.

Suurstof raak ’n probleem en sy snak na haar asem. Onmiddellik glip sy tong tussen haar tande deur tot in die dieptes van haar mond waar haar tong eers versigtig hallo sê voordat dit skaamteloos met syne begin flerrie.

Sy soek vashouplek en haar hande beland teen sy borskas. Onder haar vingers dawer sy hart, sy word week. 'n Magtige stroom passie tel haar op en sy word meedoënloos saamgevoer.

Nog, nog, trommel haar hart en net voor sy in vlamme uitbars, beweeg sy hande sentimeter vir sentimeter teen haar arms af. Waar hy aan haar raak, gloei haar vel, en die kole van passie wat tot nou toe net gesmeul het, vat vlam. Haar lyf buig blatant op, uitnodigend vorentoe, ná hom toe, hunkerend na nog liefkosing, nóg passie, nóg.

Sy soekende hande glip teen haar sye af, swiep terug tot bo teen haar armholtes, haar lyf span styf in afwagting, smagtend beur haar borste teen haar toppie op soek na sy aanraking,

Met 'n swetswoord lig hy sy kop. Hy vee haar hare agter haar ore in, sy hand rukkend, sy oë halfmas van begeerte.

Hy draai vinnig weg en stap tot by die voordeur. Uitasem, haar liggaam steeds smagtend na sy aanraking, leun sy teen die muur agter haar.

“Die restaurant waar ek plek bespreek het ...” sê hy, sy asem hortend, “is net om die draai van hier af. Ons kan stap.” Hy vee oor sy nek voordat hy oor sy skouer na haar kyk. “Is jy gereed?”

Die blik in sy oë droog elke druppel speeksel in haar mond op. Haar bene voel soos jellie. Huiwerig druk sy haarself weg van die muur. Great, sy kan tog regop bly. Vir 'n oomblik was sy bekommerd sy kan nie beweeg nie.

“Ek ... kry net my handsak,” kry sy die woorde uit en vlug die gang af na haar kamer toe.

Sy druk haar hande teen haar vuurwarm wange en vang haar beeld in die spieël. Goeiste, is dit sy? Die meisie met die blink oë en rooi wange en opgeswelde lippe?

Met 'n kreun gryp sy na haar lipstiffie en smeer dit oor haar lippe toe sy uitstap. Netnou besluit hy om te kom kyk waar sy is en ... Sy kyk vinnig om na haar bed. Sy sluk wind en storm by die kamerdeur uit.

Beelde van hulle ineengestrengelde lywe op haar bed is heeltemal te maklik om op te tower. Swart satynlakens en soel nagte.

Help.

Alan wag vir haar in die gang buite haar woonstel. Hier waar mense loop, waar hy homself moet gedra. Hier word hy gedwing om soos 'n beskaafde mens op te tree en hom nie onmiddellik oor te gee aan sy basiese drange nie.

Armbande klingel en hy draai om, betyds om te sien hoe sy aangestap kom. Die vlamme wat hy met moeite net-net onder bedwang het, kry weer lewe. Wat de hel is dit met dié girl? Haar oë is donker, tekens van die passie van netnou nog duidelik sigbaar in die blou dieptes. Woordeloos neem hy die sleutel by haar en sluit die voordeur agter hulle.

Hulle stap by die trappe af. En asof hy dit dikwels doen, neem hy haar hand in syne. Vir 'n oomblik fladder dit rusteloos voordat haar vingers ontspan.

Hy maak keelskoon. Sy gedrag van netnou is onverskoonbaar, hy moet probeer verduidelik, om verskoning vra.

“Wat doen jy en jou broers vir 'n lewe?” vra sy egter doodluiters toe hulle by die gebou uitstap. “Ek het afgelei julle voer iets in of uit?”

“Sagtevrugte,” sê hy, dankbaar vir die respyt. Oor sy werk kan hy maklik praat. “Ons het op 'n plaas in die Ceresvallei grootgeword, maar nie een van ons wou gaan boer nie. My ouers woon nog daar, maar ons het deesdae 'n bestuurder. My pa het altyd gesukkel met die uitvoerders van ons vrugte, en dit was sy idee dat ons 'n plan maak om dit self te doen. Ek en Doug het die besigheid begin nadat ons klaar geswot het, en die ander drie het later by ons aangesluit toe hulle klaar studeer het.”

“So julle bly in die Paarl?”

“Ja, ons deel 'n huis. Doug trek natuurlik nou uit. Hy en Annabel het 'n plek gekoop. Hier is ons,” voeg hy by toe hulle by die restaurant kom.

“Oe, lekker!” lag Corinne en klap haar hande opgewonde. “Ek is absoluut gaande oor dié plek se nagereg. Hulle maak 'n crème brûlée wat my week maak.” Haar oë val 'n oomblik toe in ekstase. Sy vat aan sy arm. “Ek moet jou waarsku – ek het 'n gesonde eetlus.”

Voordat hy 'n woord kan uitkry, trippel sy die trappies op. Haar armbande klingel, die kettinkie om haar enkel glim, en nie in staat om enigiets anders te doen nie, stap hy soos een wat gehipnotiseer is agter haar aan.

“Hallo, Corinne!” Die man by ontvangs se groet is gul. Hy stap agter die toonbank uit en gee haar ’n drukkie.

Jaloesie vlam op en met twee tree stap Alan tot by haar en neem haar hand weer in syne. “Tafel vir Sutherland,” sê hy kil.

Die man knipoog vir Corinne voordat hy terugstap na die besprekingsboek en vinnig daarin loer. “Julle tafel is buite in die klein vierkant.”

Hulle stap tussen tafels deur agter die man aan. Drie keer word Corinne gestop deur een of ander javel wat van ’n tafel af opspring en haar druk of soen of albei doen. Teen die tyd dat hulle uiteindelik by hulle tafel uitkom, is Alan gereed om yster te breek.

Voordat hy haar stoel kan uittrek, is ’n kelner by. Hy groet Corinne vrolik en leun glimlaggend oor haar. Alan gryp die wynlys wat op die tafel lê, maar die letters spring gevaarlik op en af.

“Wat drink jy?” Hy moet weer na haar kyk en ... bliksem. Hy skuif ongemaklik op die stoel.

Sy glimlag en beduie na die wynlys. “Ek sal enigiets drink wat jy bestel, maar as ek kan kies – vonkelwyn. Altyd, altyd vonkelwyn. Daar is iets onweerstaanbaars aan borrels op jou tong, dink jy nie so nie?”

“Ons het Corinne se gunsteling op ys.” Die kelner se glimlag is trots.

“Goed, bring dit asseblief.” Alan weet hy is kortaf, maar hy kan niks daaraan doen nie. Corinne se onskuldige woorde het sy bloeddruk verder opgejaag, en as die man ’n sekonde langer leepoog na haar gestaar het, sou hy nie verantwoordelik gehou kon word vir sy dade nie.

Hy gryp die spyskaart en probeer sin maak van die dansende letters voor hom.

“M’m,” kreun Corinne en hy kyk vinnig op.

Haar tong glip oor haar bolip terwyl sy na die spyskaart staar.

Sy leun oor en beduie op sy spyskaart waarvan sy praat. “Hierdie ... is hemels, absoluut hemels.”

Vir ’n vlietende oomblik is die rondings van haar borste opgedruk deur haar arm. Hy hoor haar woorde oor ’n afstand, maar ’n rooierige waas het voor sy oë ingeskuif. Hy onthou elke oomblik van sy lippe teen hare, van haar sagte kurwes teen sy lyf, van ...

“Alan?”

Hy knip sy oë, forseer 'n glimlag om sy mond en maak sy spyskaart toe. Enige besluitneming is op hierdie oomblik onmoontlik. Daar is 'n vuur in sy lyf wat hom geleidelik verteer, een wat sy brein oorgeneem het.

“Dit klink goed. Bestel jy vir ons.” Hy het geen idee waarna sy gewys het nie.

Die kelner bring die vonkelwyn. Hy skiet die prop met groot gebaar en Corinne lag vrolik. Sy beduie vir hom wat hulle wil eet.

Uiteindelik gee die kelner pad en Corinne lig haar glas. “Op 'n ...”

“Op jou,” val hy haar in die rede en klink haar glas.

Haar oë glimlag vir hom oor die glas se rand voordat sy 'n slukkie neem en behaaglik terugsit. “Perfek. Absoluut perfek,” sug sy en lek oor haar lippe.

Alan neem 'n groot sluk van sy glas vonkelwyn. As hy hierdie aand oorleef sonder om iets onbesonne aan te vang, sal dit 'n wonderwerk wees.

Corinne is oorbewus van die groot man langs haar terwyl hulle terugstap na haar woonstel. Anders as vroeër vanaand, vat hy nie weer haar hand nie. Haar keel is droog gepraat. As hy drie woorde in die loop van die aand gesê het, is dit baie.

Hoekom hy daarop aangedring het om haar uit te neem, sal net hy weet. Die soen van vroeër vanaand het heel waarskynlik vir hom laat weet die aanvanklike vonke tussen hulle het vinnig uitgebrand. Tog snaaks, want sý het tydens die einste soen vuurwerke beleef soos nog nooit voorheen in haar lewe nie.

Gelukkig is hulle amper by haar gebou. Sy het haar toegangskaart in haar hand en gaan vinnig ontsnap. Hy kan seker ook nie wag om homself uit die voete te maak nie. Wel, sy het hom nie gevra nie, hý is die een wat nie nee vir 'n antwoord wou vat nie. Sy het gesels en stories vertel en probeer grappies maak, maar die vent het nie 'n spier getrek nie, net die een vuil kyk ná die ander vir die stomme kelner gegee. Nou is sy moeg en fed-up vir die beneukte Skot.

“Dankie vir 'n heerlike ete, Alan ...” sê sy saaklik toe hulle voor die deur kom, maar hy neem die toegangskaart by haar en maak die deur oop.

“Dis nie nodig ...” Maar hy steur hom nie aan haar nie, vat haar hand en stap tot by die trappe. Sy moet trippel om by te hou, en die blou sandale is nie juis gemaak vir trippel nie.

“Alan, wat op aarde ...? Ek kan nie so vinnig ...”

Die volgende oomblik tel hy haar in sy arms op en klim die laaste paar trappies met lang treë tot bo.

Sy kake is styf opmekaar en ’n spiertjie spring-spring in sy wang. Haar hand is op sy skouer. Spiere rimpel onder haar vingers en gefassineerd staar sy na sy mond. Die einste een wat haar vroeër vanaand gesoen het. En wat haar Maandag gesoen het en wat gesorg het vir drie slapelose nagte.

Hy laat gly haar teen sy lyf af voor haar deur en hou sy hand uit. “Jou sleutel.” Sy stem is skor.

Om hulle styg die temperatuur aanvoelbaar en sy sukkel om die sleutel in haar handsak raak te vat. Wat het nou gebeur? Met ’n swetswoord vat hy die handsak by haar en grawe totdat hy die sleutel uithaal.

Wat is dit met die man? Sy handbewegings is rukkerig, sy asem jaag.

Met een beweging sluit en maak hy die deur oop, trek hy haar in die woonstel en skop die deur agter hom toe. En voordat sy haar asem terug het, is sy weer teen die muur.

“Alan, wat ...?”

Hy vou sy rukkerige hande om haar gesig. “Jy maak my heeltemal mal. Wie de hel is al die mans wat jou groet en druk en soen? Dis ’n wonderwerk ek het nie my vuis in elkeen se gesig geplant nie.”

Verstom staar sy na hom.

Sy hande gly teen haar arms af. “Ek ... moenie aan jou raak nie, want soos ek nou voel ...” Hy druk homself weg en stap mompelend ’n entjie weg.

En toe is sy sommer vies. Sy druk haarself weg van die muur. “Ek het jou gesê ek en jy is nie ’n goeie idee nie,” kry sy dit uit en stap voordeur toe. “Ek het vriende. Ons groet mekaar, ek weet nie wat jou probleem is nie.”

Hy draai vinnig om, sy oë donker, donker poele blou ink. Haar asem raak weg en sy gee ’n tree agtertoe. Hy kom nader, sy wil verder agteruitbeweeg, maar die deur is agter haar.

“My probleem, Corinne Hansen, is jý.” Hy stap tot reg voor haar. “Jy is glad nie die tipe girl wat ek normaalweg uitneem nie.” Asof onwillig, vou sy hande om haar boarms. “Maar ek loop nou al dae lank rond met jou op my brein, in my lyf, in my bloed en ek ...” Hy buk af en soen haar. “Ek kan nie meer daarteen baklei nie.”

Sy lig haar arms, haar armbande klingel en hy kreun teen haar nek. “En jou armbande maak my van my kop af ...”

Sy woorde bons teen die dak, iets wat hy gesê het, pla haar, maar hy trek die een bandjie van haar toppie af, druk sy lippe teen haar kaal skouer en toe maak niks anders saak nie.

Haar asem slaan agter in haar keel vas, haar kop val willoos agteroor. Sy ander hand glip onder haar kort rompie in, gly op teen haar been. Klein vuurtjies vat vlam onder haar vel. Met ’n kreun lig hy haar been teen sy lyf op. Sy begeerte klop warm en dringend teen haar.

Alles rondom hulle het vervaag. Deurdrenk van haar geur, haar sagtheid, haar kreungeluide, is sy enigste behoefte om meer van haar te kry. Soekend, gulsig, honger beweeg sy lippe af teen haar hals, amper biddend ontdek hy elke sentimeter van haar lyf. Uiteindelik gly sy tong oor die boonste rondings van haar milde borste terwyl sy vingers wat onder haar romp teen haar been op gly, uiteindelik deur kant en satyn gestop word. Dit hitte van haar kern nooi hom uit, terg hom. Sy bene is lam, sy hart klop teen ’n frenetiese spoed.

Met haar lang, lenige ledemate, vroulike kurwes, sysagte vel, vrygewige mond, is sy enige man se fantasie. Sý fantasie. Sy is suiwer lyflike plesier en soos een wat reeds verslaaf is, kry hy nie genoeg van haar nie.

“Corinne.” Haar naam glip uit terwyl sy mond rusteloos teen haar nek op gly tot waar haar pols onder sy lippe hamer. Haar vel word warm, met elke asemteug bedwelm haar geur hom meer en meer totdat hy van niks anders meer bewus is nie. Om haar te proe, aan haar te raak, is ’n sensoriese belewenis, een wat elkeen van sy sintuie oorstimuleer.

Weer soek sy lippe na hare sodat hy homself in haar wese kan verloor. Hy moet eenvoudig aan haar raak. Half ongeduldig glip sy hand voor by haar toppie in, vou oor haar bors. Die skerp puntjie terg sy hand en hy kan nie anders nie – hy moet troetel en liefkoos. Die diep kreun uit sy binneste is onwillekeurig.

Iewers kry rede tog 'n gaping. Sy mond beweeg tot by haar oor. "Sê asseblief vir my dis wat jy ook wil hê ..."

Passie bruis deur haar lyf, sny alle waarskuwende boodskappe van haar brein summier af totdat sy net voel. Die een duidelike boodskap van haar lyf? Moenie ophou nie. Asseblief.

"Corinne." Sy stem is hees in haar oor.

"M'm," is al wat sy uitkry terwyl haar hande sy breë skouers jubelend verken.

"Ja of nee?"

Uiteindelik dring die gillende stemmetjie van netnou tot haar deur. Die een wat haar wil herinner aan iets wat Alan gesê het. En toe onthou sy sy woorde.

Sy sluk verstom. Het hy dit regtig gesê? Sy lig die bandjie van haar toppie in plek en druk teen sy borskas. Hy retireer effens.

Met 'n diep asemteug kam sy haar hare met haar vingers. "Jy sê ek is nie jou tipe nie. Wat presies beteken dit?"

Hy glimlag skeef. "Jy's beeldskoon. Wanneer ek by jou is, werk my brein nie. Al waaraan ek kan dink, is om jou uit jou klere te kry."

O, so sy is nie sy tipe nie, maar ... Sy probeer kalm bly en hou 'n glimlag op haar gesig. "Oukei. Laat ek kyk of ek jou reg verstaan. Jy ..." en sy rol haar hande, "... wil by my wees, jy wil my soen, jy wil my, hoe het jy dit gestel? O ja, uit my klere kry, maar ek is nie die 'tipe' meisie met wie jy ernstig wil raak nie?" Sy boots die aanhalingstekens met haar hande na. "Het ek jou reg verstaan?"

"Ek probeer eerlik wees. Ek kan nie ernstig raak oor iemand wat ..."

Haar oë vernou.

"Die punt is, ons werk met vooraanstaande kliënte en wanneer ek eendag vrou vat, moet dit iemand wees wat, wel, ek weet nie, stemmig is. Nie soos ... ek bedoel, jy's anders." Hy beduie vaag na haar klere. "Kyk net, wie lyk so?"

Sy is seker sy het hom nie mooi gehoor nie.

"Jy bedoel ...?"

"Dis duidelik jy is ook nie geïnteresseerd in 'n langtermynverhouding nie, en ..." val hy haar in die rede.

"O, en hoekom sê jy so?"

"Kyk net al die mans wat jou vanaand voorgekeer het!" roep hy duidelik gefrustreerd uit. "Ek het jou uitgeneem, maar 'n klomp ander

javels reken hulle het die reg om aan jou te vat!”

Haar mond val oop en sy draai haar rug op hom sodat hy nie haar reaksie kan sien nie. So, dís hoekom hy die hele aand so stil was. Iewers in sy kop het hy homself wysgemaak die mans wat haar gegroet het, is meer as net vriende. En hy is vies daaroor, want hy het die rekening betaal. Wow.

“Die punt is ...” begin hy weer praat, maar sy weet presies wat hy wil sê.

Sy lig haarself op haar tone en draai in die rondte sodat haar romp wyd om haar lyf uitklok. Uitasem kom sy voor hom tot stilstand.

“’n Tullerompdraende meisie wat blomme doen, is nie die ‘tipe’ vrou wat jy in gedagte het om jou kliënte te onthaal nie?”

Duidelik verlig dat sy hom verstaan, knik Alan en gryp haar hande. “Maar daar is niks wat sê ons kan nie tyd saam deurbring nie. Ek moet hierdie ding tussen ons uit my sisteem kry. Ek kry nie gewerk nie, ek slaap nie, ek kan nie eet nie!”

Corinne kners op haar tande, maar hou haar glimlag stewig in plek. Sy is eintlik lus en keer ’n emmer baie taai stroop oor sy kop om, maar dis tyd dat iemand hierdie arrogante Skot op sy plek sit. Sy is juis nie “stemmig” nie, so sy is presies die “tipe” meisie wat hom ’n les sal kan leer.

Sy laat glip weer die een bandjie van haar top van haar skouer af en toe sy oë op haar skouer vashaak, lig sy haar op haar tone en vou haar hande om sy nek.

“So, hoe lank?”

Sy kop het al begin afsak, maar hy stop. “Hoe lank wat?”

“Hoe lank gaan dit jou neem om my uit jou sisteem te kry?” vra sy en begin om soene op sy gesig te druk.

“Ek ... ek ... weet nie,” stamel hy en probeer haar mond met syne vang.

“Ek moet weet vir hoe lank. Jy verstaan mos. My tipe meisie se dagboek is vol.” Sy laat gly haar tong oor sy onderlip.

“Ek ... oukei, tot met Doug se troue?” kreun hy en gryp haar bewegende kop in albei sy hande vas.

Sy glimlag. “Deal,” sê sy en soen hom met al die opgeboude woede en ontsteltenis in haar binneste. Haar tong glip blitsig in sy mond, sy

lig haar been teen sy heup en druk haar onderlyf vir 'n oomblik styf teen syne.

'n Snak glip oor sy lippe, maar voordat hy kan asem skep, maak sy die voordeur oop en druk hom by die deur uit. “Maar nou moet ek my slaap inkry. Saterdagand seweuur?”

Terwyl hy hygend na haar staar, gee sy 'n tree tot teenaan hom en laat gly haar hand stadig voor teen sy hemp af, vanaf die holte in sy nek tot net-net onderkant die gespe van sy belt.

Sy oë word donker en hy gryp na haar hand, maar sy dans weg. “Mooi ry!” roep sy vrolik en druk die deur toe. Toe leun sy verontwaardig teen die muur totdat sy sy voetstappe hoor wegstap.

Nie sy “tipe” nie! En dit omdat sy 'n tulleromp dra. Ontsteld, hartseer en sommer net vies, begin stap sy heen en weer. Wie dink hy is hy? Wel, een ding is seker: Hy gaan nie weet wat hom getref het nie. Daarvoor gaan sy sorg.

VYF

Die klokkie by die blommewinkel se deur lui. “Vertel, vertel, vertel!” Ella se opgewonde stem bereik Corinne nog voordat sy haar sien. “Hoe was jou date met die sexy Alan Sutherland? Ek kan nie wag om alles te hoor nie!”

Corinne glimlag terwyl sy konsentreer op die rangskikking waarmee sy besig is. “Dit was ... interessant.”

Ella kom voor haar tot stilstand. “Interessant? Ag, toe nou. Nadat die man gister hier uit is, het jy niks gedoen gekry nie. Jy kan nie nou net een-woord-antwoorde gee nie.”

Corinne gooi haar hare agteroor, haar armbande bengel. “Het jy geweet ...” vra sy en druk ’n steel magrietjies in die rangskikking, “... ek is skynbaar nie die tipe girl wat ’n man aan sy kliënte wil voorstel nie?” Sy druk ’n rooi angelier aan die agterkant in. “Maar ek is wel die tipe girl wat hy net wil vry.”

“Wat?” Ella se oë val op die rangskikking waarmee Corinne besig is. “O.”

Vir ’n paar oomblikke is Ella doodstil terwyl haar oë tussen Corinne en die blomme beweeg. Toe beduie sy na die CD-speler. “Sarah Bareilles sing ‘Breathe again’.” Sy tel die stele van die blomme waarmee Corinne werk een vir een op. “Rooi angeliere vir ’n hart wat breek, magrietjies vir hartseer, duisendblad ook vir ’n gebreekte hart.” Haar oë is op skrefies toe sy opkyk. “Hy het jou seergemaak.”

Corinne trek haar asem skerp in en kyk onthuts na die rangskikking voor haar. Sy skud haar kop heftig. “Nee! Hoekom sal hy my ontstel? Die ... die blomme is heel toevallig. Ek is vies, ja. Ontsteld en geïrriteerd. Maar my hart is fine. Ons het werk om te doen, Annabel is binne minute hier. Sal jy asseblief solank vir ons die ketel aanskakel?”

Corinne verbeel haar sy hoor die voordeurklokkie lui en draai om om die klank sagter te sit. Sarah sing so hard, dis moeilik om te hoor. Sy kyk tussen die hoë rakke, maar dit lyk tog nie asof iemand ingekom het nie. Die paadjies tussen die rakke is leeg. Sy het haar seker maar verbeel.

“Wat is fout met die man?” roep Ella ontsteld uit en slaan haar arms om Corinne. “Simpel vent. Watse tipe girl seek hy nogal?”

“Stemmig is die woord wat hy gebruik het as ek reg onthou. Ek het ’n tulleromp aangehad.”

Ella kyk haar ’n oomblik oorbluf aan voordat sy uitbars van die lag. Uitasem leun sy teen die toonbank. “Stemmig? Regtig? Wel, ek hoop jy het hom na sy peetjie gestuur.”

“Nooit,” glimlag Corinne vermakerig. “Ons gaan sommer nog ’n hele paar keer uitgaan. Iemand moet hom ’n les leer, dit kan net sowel ek wees. En ek verseker jou, ek gaan seker maak dit gaan hom ’n rukkie neem om weer aan ’n stemmige girl gewoond te raak.”

“Dit klink of jou kop reg op jou skouers geskroef is,” sê ’n laggende vrouestem en Corinne kyk om.

’n Pragtige, slanke blondine en ’n ouer vrou staan met groot glimlagte voor haar. Corinne kan in die grond wegsink. Hulle moes die hele gesprek gehoor het. Wat help ’n splinternuwe klokkie as sy dit nie hoor nie? Die ouer vrou se oë vonkel van pret.

“Kind, wat ’n simpel vent! En jy moet my asseblief vertel hoe jy hom ’n les gaan leer – ek moet dit hoor.”

Corinne stap agter die toonbank uit. “Ek is jammer, ek het julle nie hoor inkom nie. Jy moet Annabel wees, Doug se bruid?”

Die vrou glimlag vriendelik. “Dis reg en hierdie is Doug se ma.” Sy trek die ouer vrou nader.

Agter haar snak Ella na haar asem en Corinne sluk verbete om die histeriese giggel wat wil-wil uitbars, in te hou. “Mevrou Sutherland. Aangename kennis,” kry sy heel ordentlik uit. “Ek is Corinne Hansen en dis Ella du Toit, my assistent.” Sy trek Ella aan die hand nader en probeer haar ongemerk ’n stewige druk gee. Hopelik kry Ella die boodskap om nie verder oor Alan te praat nie. Sy beduie na die langwerpige tafel wat teen die een muur van die winkel staan.

“Kom ons sit hier, dan kan ons gesels.”

Ella trek ’n stoel vir die ouer vrou uit. “Ons is so opgewonde oor die Skotse troue! En sjoe, mevrou Sutherland, jou vyf seuns het die temperatuur in ons winkel omtrént die hoogte laat inskiet.”

Corinne sit haar boek hard neer. Ella loer ewe onskuldig oor haar skouer na haar. Corinne maak vir Ella groot oë. As die tante moet weet wat haar plan met haar seun is ...

Die ouer vrou kreun en vee oor haar gesig. “Moenie dat hulle dit hoor nie. Soos dit is, is hulle heeltemal te vol selfvertroue.”

“Koffie of tee?” vra Corinne. Sy wil regtig nie verder oor die Sutherlandbroers praat nie.

Ella neem die bestelling en gee genadiglik pad, maar Corinne is bekommerd. Sy vertrou glad nie die lig in haar assistent se oë nie. Iets sê vir haar Ella is nog lank nie klaar oor Alan gepraat nie.

Terwyl sy so professioneel moontlik probeer lyk, maak Corinne haar boek oop. “Goed, vertel my wat jy in gedagte het.”

“Ek moet net eers vir jou dankie sê dat jy bereid is om die blomme op sulke kort kennisgewing te doen. En Doug het my belowe hy en sy vier broers sal help met die aandra en skoonmaak en wat ook al nodig is.”

“Ons sal oukei wees. ’n Tannie van my gaan ons ook help ...”

“Is sy die een wat jou lief gemaak het vir blomme?” vra mevrou Sutherland.

“Sy en my ouma,” glimlag Corinne.

“Interessant dat dié soort belangstelling baiekeer eerder na die kleindogter oorgedra word as na die dogter,” sê mevrou Sutherland.

“My ma kan pragtige rangskikkings doen, maar sy was altyd so besig ... sy is al ses keer getroud en ...” Corinne sluk. Sy kan nie glo wat sy uitblaker teenoor twee vreemde mense nie, dis nie iets wat sy gewoonlik doen nie. Oor haar ma, veral, praat sy nie maklik nie. Maar die tante het ’n manier om ’n mens aan die gesels te kry – baie, baie gevaarlik, gegewe die huidige situasie met haar seun.

“Wanneer het jy met jou winkel begin?” vra mevrou Sutherland sonder om aan te dring dat Corinne haar sin klaarmaak.

“Ek het ná skool eers gaan swot. Ek was altyd lief vir tale en het gedink ek sal dalk onderwys wil gee. Ná universiteit het ek ’n ruk lank oorsee rondgeloop en skoolgehou en besef dis nie iets wat ek die res van my lewe wil doen nie. Blomme maak my gelukkig, het ek besluit, en dis waarmee ek besig wil wees. My ouma is kort daarna oorlede, en haar erfgeld en al die kennis wat ek by haar gekry het, het hierdie plek moontlik gemaak. Ek is heeldag omring deur blomme – my happy place.”

“Dis ’n pragtige plek,” sê Annabel.

Corinne glimlag vir Annabel. “Baie dankie. Ek wil nie hê jy moet jou verder bekommer nie. Ons sal sorg dat jou blomme betyds is, en

ons gaan seker maak alles is presies soos wat jy wil hê. Doug sê julle beplan 'n Skotse troue.”

“Ja!” roep Annabel uit, haar oë blink. “Skotse rompe vir al die manne met sporrans, dolke, lang sokkies, the works. Ek het 'n spierwit rok, dis so mooi, ek kan nie wag ...”

Annabel babbel en beduie met blink oë, maar Corinne sukkel om te volg wat sy sê. Sy het vasgehaak op Skotse rompe, en al waaraan sy kan dink, is die stomende drome van Alan in juis so 'n nommertjie. En wat dra hulle onder die rompie? En ...

“Hulle het vir ons die mooi storie van die wit Skotse heide vertel wat hy by jou gehoor het. En dat blomme boodskappe oordra,” sê Annabel.

Corinne knip haar oë terwyl sy probeer fokus. Alan in 'n Skotse romp – definitief nie iets waaraan sy moet dink wanneer sy ma voor haar sit nie.

Gelukkig kom Ella ingestap met die skinkbord vol koppies.

Corinne haal diep asem. Sy het kliënte, blomme is haar besigheid. Dis ten minste die een ding wat sy nog altyd verstaan het. “Ja, blomme het hulle eie taal. Die wit heide sê jou bruidegom wil jou beskerm en hy wil graag hê al jou wense moet waar word.”

Annabel druk haar hand teen haar hart en haar oë blink. Sy snuif. “Dis so spesiaal, ek wil sommer 'n bietjie huil,” snuif sy en soek in haar handsak rond.

Ella skuif die houers nesies wat op die tafel staan voor Annabel in. Hulle het lankal agtergekom bruide is maar emosioneel en die trane sit gewoonlik vlak.

“Volgens Doug wil jy graag 'n tradisionele Skotse ruiker vir jou en die strooimeisies hê, nè?” vra Corinne.

“Ja,” knik Annabel en druk die nesie teen haar oë. “Wat jy voorgestel het, klink perfek. Ek is so bly jy kan die heide in die hande kry.”

Oorbewus van die ouer vrou se oë op haar, skuif Corinne ongemaklik rond. Mevrouw Sutherland het nog nie vir 'n oomblik weggekyk nie. “Ons het gelukkig 'n wonderlike verskaffer wat baie moeite doen. Wat het jy in gedagte vir die onthaal?”

“Wit. Alles wit met hier en daar 'n tikkie blou. Blomme met 'n boodskap van beskerming, van vriendskap, van hoop en ... en liefde,”

beduie Annabel.

“Daar is so baie waaruit ons kan kies. Ella het die tablet, sy sal vir jou wys hoe lyk die blomme. Gipskruid, die mooi bosse met die wit blommetjies is vir ewigdurende liefde, wit rose vir onskuld, japonikas vir jou skoonheid, seringbloeisels ook vir jeugdige onskuld, tulpe is ’n verklaring van liefde, die distel dui op pyn, maar ook op beskerming, op trots ...”

“Wel,” lag Annabel. “My kop draai behoorlik. Alles lyk so mooi. Tannie Phoebe, wat dink jy?”

Met oë wat vonkel, glimlag die tannie. “Ek hou daarvan. Alhoewel ek nie weet van al die onskuld nie. As Doug na sy pa aard, kan jy daai blommetjies maar weglaat.”

“Tannie Phoebe!” giggel Annabel en druk haar hande teen haar bloedrooi wange.

“Die Sutherlands is warmbloedig, wat kan ek sê?” voeg mevrou Sutherland laggend by, haar oë weer op Corinne.

Corinne buk laag oor die boek voor haar terwyl sy vir die dood skryf. O. Liewe. Aarde. As die tante moet weet sy weet presies hoe warmbloedig een van haar seuns is ...

Ella bring nog ’n keer tee voordat Corinne tevrede is. Annabel is gelukkig met al haar voorstelle. Die twee vroue staan op en Corinne stap saam met hulle tot by die deur.

Annabel sit haar hand op Corinne se arm. “Ek sal so bly wees as jy en Ella ook ons troue bywoon.”

“Dankie, maar dis regtig nie nodig nie, ek doen ...”

“Asseblief?” val Annabel haar in die rede. “Jy voel al klaar soos ’n vriendin. En,” sê sy en loer verby Corinne, “Quinn kon nie uitgepraat raak oor die sexy donkerkop van die blommewinkel nie. Hy het ons mooi gevra om vir hom ’n verskoning te gee om Ella weer te sien.”

Corinne se oë rek. “Ja?”

Annabel grinnik en knik. “Die Sutherlands laat nie gras onder hulle voete groei nie. Ek en Doug ken mekaar net agt maande.”

“Ek en sy pa het mekaar net vier maande geken,” sê Alan se ma, weer met ’n vonkel in haar oë.

Annabel lag. “Sien? Nou toe, ons moet wikkkel. Ek het nog ’n laaste aanpassessie vir my rok.” Sy buk vorentoe en gee vir Corinne ’n drukkies asof hulle jare lank al vriendinne is.

En toe Annabel terugstaan, is mevrou Sutherland ook by vir 'n drukkier.

Corinne kyk die twee vroue agterna. Sy sluk-sluk teen die vreemde knop in haar keel.

“Ek dink sy’s happy, of hoe?” vra Ella agter haar.

Corinne draai terug. “Ek sou so sê – ons is al twee uitgenooi na die troue.”

Ella sug. “Oe, wonderlik. Ek is mal oor troues!”

“M’m, skynbaar kon Quinn nie ophou om oor jou te praat nie.”

Corinne stap tot by die toonbank voordat Ella ’n geluid uitkry.

“Regtig?”

Corinne lag. “Regtig.”

“Maar wat van jou en Alan?”

“Daar is nie ’n ek en Alan nie. Ek wil die man net ’n les leer. Dis al.”

Corinne gaan sit weer by die tafel. Sy wil die bestelling rustig deurgaen voordat sy dit na die verskaffer toe stuur. Die wilde galop van haar hart is maar net omdat sy opgewonde is vir Annabel se onthalwe.

SES

“Ek het goeie nuus vir jou, Quinn,” sê Annabel. “Ons was vandag by die blommewinkel wat julle opgespoor het en ...”

Sy praat verder, maar Alan kyk nie eens op nie. Doug en Annabel het hulle almal vir ’n braai genooi om die laaste reëlins vir die troue te bespreek. Hy wil so gou moontlik klaar eet sodat hy hom in sy kamer kan gaan toemaak.

Hy het presies gekry wat hy wou hê – die belofte van ’n no-strings-attached-verhouding met Corinne – die girl met die ketting om haar enkel en klingende armbande wat hom uit sy slaap, uit sy werk en van sy verstand af hou. Hy behoort in sy skik te wees met homself. Maar hy is nie.

Doug se troue. Dis tot wanneer hy haar kan sien. Dis al waaraan hy kan dink. En wat dan? Sê nou dis nie lank genoeg nie? Sê nou teen daardie tyd is die vuur in sy lyf nog glad nie uitgebrand nie? Ná een aand saam met haar weet hy alreeds hulle het meer gemeen as wat hy ooit kon dink. En hy weet ook twee weke gaan nie naastenby genoeg wees om die vroumens uit sy sisteem te kry nie.

“Alan!” roep Annabel en hy kyk op. “Ek praat met jou.”

“Jammer. My kop is by ... by die werk.”

“Ek het vir Corinne en Ella van die blommewinkel ook na die troue genooi. Hulle doen ons ’n groot guns en ek weet van ten minste een van my aanstaande swaers wat baie opgewonde is daaroor.”

’n Hand vou om sy lugpyp. “Wie nogal?”

“Quinn.”

“Is jy nou simpel?” vra hy vies en gluur na Quinn. “Jy’s hopeloos te jonk vir haar.”

“Wat bedoel jy? Sy’s vir seker jonger as ek,” sê Quinn.

“Van wie praat ons?” vra sy ma.

“Van Ella,” sê Quinn.

“Van Corinne,” sê Alan saam met Quinn.

Dis vir ’n oomblik doodstil. Toe slaan Finlay met sy hand op die tafel en lag. “So, jy is nog nie oor die girl nie.” Hy beduie vir sy ma en Annabel. “Hy het haar sommer dadelik uitgevra, maar sy het skynbaar verstand, want sy het nie ingestem nie.”

“Nie dat dit iets met jou te doen het nie, maar ek het haar gisteraand uitgeneem,” kners Alan die lang sin. Eers toe die woorde uit sy mond is, besef hy wat hy gesê het.

Annabel en sy ma trek hulle asems hoorbaar in.

Sy ma leun vorentoe. “Het ek reg gehoor? Het jy gisteraand vir Corinne uitgeneem?” vra sy.

Hy skuif sy stoel agteruit en staan op. Vir dié sirkus is hy nie verder lus nie. “Ons het gaan uiteet. Sy is oulik, maar nie die tipe girl oor wie ek ernstig kan raak nie, ons ...”

“O?” vra sy ma, haar wenkbrou opgetrek tot bo teen haar haarlyn. “En hoekom nogal nie?”

“Sy ... ek ...” Hoe de hel beantwoord hy die vraag?

Edward lag. “Ma weet mos. Hy hou van vroumense wat netjiese, formele klere dra en wie se hare so styf om hulle koppe gedraai is, hulle oë trek skoon skrefies agtertoe. Corinne is heeltemal te veel van ’n volbloedvrou en hopeloos te sexy vir ons Alan. Hy sal nie weet wat om met haar te maak nie.”

“Dis nie stywe vroumense nie, hulle is net ... stemmig,” sê hy vies. “En Corinne ... ek ...”

“Stemmig?” vra sy ma. “Sê asseblief vir my jy het dit nie vir die pragtige kind gesê nie!”

Alan vryf oor sy gesig. Hoe de hel het hy in hierdie situasie beland? “Ek stel nie belang in ’n mooi pop met ’n leë kop nie.”

Sy ma se oë vernou. “Corinne is nie ’n pop met ’n leë kop nie – waar kom jy daaraan? Weet jy dat sy op universiteit was en ’n graad het? Nie dat dit iets sê nie. Jy het ook ’n graad en kyk hoe onnosel is jy.” Met ’n vernietigende kyk in sy rigting, snuif sy vies.

Alan staar na sy ma. Hy het ’n aand by die vroumens deurgebring en sy ma weet meer van haar af as hy.

Hy hap in die lug. “Wat ek doen op ’n date, het niks ...”

Sy ma gooi haar hand in die lug. “Hy het. Hy’t sowaar vir haar gesê sy’s nie stemmig genoeg nie. Kan jy dit glo? Alister, wat het jy jou seuns geleer?” vra sy ontsteld vir sy pa.

“Nee, wag ’n bietjie,” keer sy pa. “As hy onnosel is, is dit nie my skuld nie.” Sy pa gee hom ’n geamuseerde kyk. “Maar terwyl ons nou op die onderwerp is, jy kan doen met ’n ... minder stywe meisie.”

“Ek het oop kaarte met haar gespeel, soos wat ek altyd doen met iemand wat ek uitneem. Sy is heeltemal te vinde dat ons uitgaan sonder enige verwagtinge. Wanneer ek trou, moet dit met iemand wees ...” Hy kyk hoopvol na Doug. “Jy weet waarvan ek praat. Dit moet tog iemand wees wat my kan ondersteun en wat met ons kliënte kan gesels ... nie iemand in ’n romp van lae en lae net nie!”

Sy ma trek haar asem skerp in. “Wel,” sê sy en kyk na Finlay en Edward. “Ek dink sy’s ’n pragtige kind, en as julle broer te dom is om dit raak te sien hoop ek een van julle maak ’n plan.”

“Boeta,” lag Doug en staan ook op. “Ek kan maar net vir jou sê die kliënte is die laaste ding waaraan ek dink wanneer ek by Annabel is.” Hy gaan staan agter die stoel van sy aanstaande bruid en vou sy arms van agter om haar. “Ek weet nie waar jy aan jou idees kom nie, maar as ’n stemmige girl jou gelukkig maak – go for it. Die lewe is kort. Dit klink net vir my vrek vervelig.” Hy buk af en soen vir Annabel.

Alan kyk weg. Die tere oomblik tussen sy broer en sy aanstaande ontstel hom. Al waaraan hy kan dink, is Corinne.

“Wat is dit met jou en vroumense in stywe hare en stywe klere?” vra Quinn. “Ek skrik my morsdood vir sulke girls en kon nog nooit verstaan wat jy in hulle sien nie.”

“Ek dink net in ons bedryf is dit nodig om ’n vrou te kry wat jou kan ondersteun in wat jy doen. Een wat self ook ’n beroep het en nie vir jou by die huis sit en wag nie – julle weet watse ure ons soms werk. En dit moet ook iemand wees vir wie jy nie skaam is om aan kliënte voor te stel nie.” Alan vryf vies oor sy nek.

Sy ma klap haar tong. “Jy kan jou ou skoene agter ’n vrou soos Corinne aangooi, hoekom sal jy vir haar wil skaam wees?”

“Ma, jy het haar nie gisteraand gesien nie. Sy het ’n hierdie romp aangehad ...”

“’n Tulleromp,” val Annabel hom in die rede. “Wat is so vreemd daaraan?”

“Wie dra sulke klere? Wie lyk so?” Magtig, hoekom verstaan niemand wat hy probeer sê nie?

Annabel grinnik. “’n Girl wat weet wie sy is en nie issues het nie, dis wie. Presies die soort wat jy soek, klink dit my. Behalwe dat daar niks styfs aan Corinne is nie. Sy is warm en ...” Annabel waai met haar

hande. “Real. Dis die woord. Wat jy sien, is wat jy kry. Maar nou ja, dis natuurlik nie enige man wat so ’n vrou kan hanteer nie.”

Edward staan op en sit sy hand op Alan se skouer. “Daar het jy dit. Kry vir jou ’n stemmige girl. Los vir Corinne – sy verdien ’n volbloedman. Soos ek.”

Vies ruk Alan hom los. “Ek sien haar op die oomblik. Bly weg,” brom hy voordat hy hom met ’n wuif van sy hand uit die voete maak.

Beelde van Edward en Corinne flits voor hom en sy hande bal in vuiste. Magtig. By sy motor kyk hy vir ’n oomblik op na die hemelruim bespikkel met sterre. Vandat Corinne klingelend in sy lewe gestap het, is alles in chaos en ingewikkeld – presies wat hy nog altyd probeer vermy het.

Maar die hemele help hom, hy moet by haar wees. Hy spring in sy motor en trap die petrolpedaal diep in. Môreaand is hopeloos te ver in die toekoms.

“Wel, ek is baie trots op julle,” glimlag Corinne vir die groepie hoërskoolkinders in haar winkel. “Julle het goed gedoen.” Sy beduie na die potte vol blomme voor elke kind. “Volgende Vrydag gaan ons ’n bossie blomme maak vir ’n goeie vriendin van jou – blomme wat een of ander emosie oordra. Iets soos swaardlelies wat dui op iemand se sterk karakter of laventel wat bewondering aandui – ek sal sorg dat hier genoeg blomme is. Nou toe, sterkte vir die res van die week, ek sien uit daarna om julle weer volgende week te sien.”

Die tieners haal die blomme versigtig uit die houers waarin dit was. Al die afvaltakke is al weggegooi en hulle vat die potjies terug kombuis toe waar elkeen verantwoordelik is om sy of haar potjie skoon te maak.

Uiteindelik is almal klaar. “Dankie, Corinne!” roep die groepie en Corinne stap saam tot by die deur om hulle uit te laat. Dis al ná nege sien sy, maar die tieners het vanaand baie gebabbel. Sy kyk hulle glimlaggend agterna en wuif toe die laaste een nog ’n keer omkyk om te groet.

“Hoekom is jy nog by die winkel?” vra ’n stem wat baie soos Alan s’n klink agter haar.

Sy draai vinnig om, haar asem dadelik weg. Alan. Hy’s hier. Op Stellenbosch. Voor haar.

“Alan, ek het gesê môreaand, of hoe?” vra sy terwyl haar hart só hard klop, sy is seker die hele blok moet dit kan hoor.

Hy knik, sy hande in sy broeksakke. “Jy het. Maar ek moes kom. Môreaand is te ver weg, ek kan nie, ek wil nie so lank wag nie.”

Sy sluk. Sjoë. “Ek was besig.” Sy beduie in die rigting waar die kinders om die hoek verdwyn het. “Vrydagaande is vir die groepie tieners. Een van hulle het op ’n dag hier ingestap en gevra of ek hulle sal help met blomme vir ’n funksie by hulle skool en wel, dit het ’n weeklikse instelling geword om oor blomme te gesels. Kinders is so vindingryk. Ek dink ek leer meer by hulle as wat hulle by my kan leer.”

Sy babbel, maar sy kan nie help nie. Hy sê niks nie, staar net na haar.

“Ek moet net die ligte binne afsit.”

“Kom ek help,” sê hy en hou die deur oop sodat sy kan instap.

“Dis nie nodig nie. Um ... jy kan maar gaan, ek sien jou mos môreaand.”

“Ek gaan nêrens nie. Ek is waar ek wil wees.”

Help. Sy is nie daarop voorbereid om hom vanaand te sien nie. Sy sou nog ’n nag en ’n dag wou hê om haarself te staal teen sy nabyheid, teen sy sexy reuk, teen sy ... o, vrek, sy’s bevrees sy’s diep in die moeilikheid.

“Ek ... die kombuislig,” beduie sy en vlug in die kort gangetjie af.

Alan skep diep asem met sy arm teen die muur gestut, en staar Corinne agterna. Bliksem. Dis elke keer dieselfde – die oomblik wat hy haar sien, steel die vroumens elke druppel suurstof uit sy lyf en elke rasonale gedagte wat hy nog gehad het, vlieg eenvoudig weg.

Vanaand het sy ’n kort, wye rompie aan met ’n langmoubloes met klein knopies. Die moue is halfpad opgerol, haar armbande rinkel vrolik soos sy wegstap. Sy vingers jeuk – hy kan nie wag om elke knopie los te maak nie.

Net die gedagte aan haar sagte vel onder sy vingers laat sy voete beweeg. Hy is by die voordeur voordat enige boodskap van sy brein by sy lyf uitkom. Met een draai sluit hy die voordeur van haar winkel en stap met lang treë tot by die kombuis.

Sy staan met haar rug na hom, op haar tone, besig om die laaste potjie hoog op een van die rakke te pak. Haar hemp lig op, hy kry 'n glimp van haar sysagte vel, die kettinkie aan haar enkel flits en toe kan hy homself nie meer keer nie.

Met nog 'n tree is hy by haar. Verras draai sy om toe sy hom hoor. Soos een wat lank dors was, glip sy arms om haar. Diep binne hom raak hy vir die eerste keer vandag rustig. Sy is beeldskoon, sexy, haar armbande maak hom mal – dis die enigste rede hoekom hy nie sy hande van haar kan afhou nie.

Miskien as hy dit aanmekaar vir homself sê, sal hy begin glo dis so eenvoudig.

Met 'n sagte glimlag vou haar arms om sy nek, uitnodigend val haar kop agteroor. Aanbiddend, soekend, gly sy lippe oor haar gesig, af teen haar nek tot waar haar pols dawerend onder sy mond klop. Só het hy nog nooit begeer nie, só het sy bloed nog nooit vir iemand gekook nie.

Gevoelens verstaan hy, maar wat in sy binneste aangaan, is iets heel anders. Weer vat sy mond hare vas, sy smelt teen hom. Hierdie allesoorweldigende passie, dís 'n eerste.

Trane dam agter haar ooglede op. Niemand het haar nog ooit presies so gesoen nie. Weg is die dringende intensiteit van gisteraand. Sy aanraking is teer, so anders as voorheen. Passie kan sy hanteer, verwelkom, maar hierdie sagte, troetelende liefkosings – dit kan haar vernietig.

Haar vingers glip in sy hare, hy lig haar op die kombuistoonbank en stap tussen haar bene in. Haar hart sug, breek oop en 'n traan ontsnap onder deur een ooglid.

Sonder om sy mond van hare af te haal, maak hy die knopies van haar hemp los. Hy lig sy kop op en kyk.

“Jy’s asemrowend mooi,” prewel hy en laat gly sy hande oor haar borste.

Haar asem raak weg. Sonder haas, so asof hy al die tyd in die wêreld het, volg een van sy vingers die ronding van haar kurwes. Heen en weer, heen en weer, totdat sy bekommerd is sy slaan aan die brand.

Daar is pyn waar sy vingers aan haar raak, 'n pyn wat saam met die ritme van haar hart klop. Begeerte is 'n lewende wese, een wat haar wil verswelg. Haar lyf beur op na sy aanraking, sy mond soek na haar

mond. Toe sy lippe hare uiteindelik weer vind, wil sy huil van verligting.

Hy trek haar styf teen hom terwyl sy hand rusteloos op en af teen haar bobeen gly. Binne haar span iets styf, wag haar lyf in afwagting op wat gaan gebeur. Warm, dringend vou sy hand oor haar bobeen, die hitte raak ondraaglik, onuithoudbaar, en haar lyf beweeg rusteloos teen hom.

Uiteindelik vind sy hand haar kern, iets ontplof agter haar oë en daai sterre waaroor sy so dikwels gewonder het, verskiet weer en weer totdat sy weggeslinger word tot op 'n plek ver anderkant die hemelruim waar tyd nie bestaan nie.

Toe sy onder hom sidder, lig hy sy mond van hare af en kan hy net staar. Haar hemp hang oop, haar borste bult teen 'n pienk bra van kant en satyn. Nog nooit het hy iets so mooi, so onweerstaanbaar gesien nie.

Sy hart ruk tot stilstand en vir lang sekondes kry hy nie asem nie. Uiteindelik begin sy hart weer onreëlmatig klop, en paniekerig gee hy 'n tree agtertoe. Hier moet hy vinnig wegkom. Hy moet beheer oor sy lyf kry, oor wat de hel ook al binne hom aan die gang is.

“Ek ... jy's moeg. Dit was 'n lang dag. Ek sien jou môreaand.” Sonder om te wag vir haar om iets te sê, vlug hy – uit die kombuis, af in die gang tot buite haar winkel.

Hygend, haar lyf nog aan die sing van Alan se liefkosings, staar Corinne na die kombuisdeur waar hy sekondes gelede verdwyn het. Sy is stadig besig om weer aarde toe te kom. Sy pluk haar hemp heeltemal uit. Goeiste, dis onuithoudbaar warm, sy wil uitbrand. Met rukkende vingers druk sy haar hand teen haar voorkop. Kan dit wees dat sy koorsig is?

Haar lippe klop nog ná sy vurige soene. Sy kan hom nog proe, nog ruik aan haar vingers. Ontsteld druk sy haar hemp styf teen haar bolyf en staar met groot oë na die wasbak terwyl sy probeer sin maak van haar deurmekaar gevoelens en emosies.

Wat is hierdie waansin? Hierdie totale oorname van haar sintuie?

Dit neem 'n rukkie voor haar breinselle weer werk en die kolletjies kan verbind. En toe weet sy.

Met 'n snik laat sak sy haar kop. Bledde hel. Dis hoekom sy die ruiker van magrietjies, rooi angeliere en duisendblad gemaak het –

haar hart is gebreek. Want, en sy kan dit nie glo nie, sy het sowaar haar hart op die Skot verloor.

Binne die bestek van vyf dae het sy lief geraak vir hierdie sterk, sexy man. Dis hoekom sy hom toegelaat het om haar te soen 'n uur nadat sy hom ontmoet het. Dis hoekom sy hom toegelaat het om haar te liefkoos.

Maar hy dink sy is nie “stemmig” genoeg vir hom nie. Sy is veronderstel om hom 'n les te leer en wat gebeur? Haar hart is gebreek – dís wat gebeur het.

Rukkerig trek sy haar asem in terwyl haar gedagtes heen en weer flits. Oukei, seer gaan sy kry. Pyn gaan daar wees, haar hart is, after all, gebreek. Maar sy moet nou probeer fokus op die les wat sy hom moet leer.

So, hy wil 'n stemmige girl hê? Ha! Sy kyk af na haarself wat met net 'n bra aan op 'n kas sit. Maar hy kan sy hande nie van onstemmige meisie afhou nie. Meisie afhou nie.

Sy glimlag. Hy het tog iets om te leer.

Teen die tyd wat Alan in die Paarl inry, bruis sy bloed nog stormagtig deur sy lyf, en die paniekerige gevoel van vroeër het nog nie heeltemal verdwyn nie.

Wat vanaand met hom gebeur het, het hy nog nooit ervaar nie. Hy is altyd in beheer wanneer hy by 'n vrou is. Hy kan al die tekens lees en weet wanneer 'n date hom saam huis toe gaan nooi. En alles wat daarna volg, is netjies uitgewerkte choreografie.

Elke aanraking is vooraf beplan, hy weet wat werk, en dis nie asof hy te veel van homself dink nie, want hy weet teen dié tyd waarvan vroue hou. Dêmmet, hy kan die handboek skryf. En wanneer alles verby is, trek hy aan, groet hy en ry hy huis toe, sy gedagtes lankal weer by die volgende dag, by die werk, by nuwe planne.

Maar vanaand ... Geeneen van sy vooraf uitgewerkte moves het eens by hom opgekom nie. Hy het op iets baie meer primitief reageer. Instink het sy hande gelei, sy lyf; sy hart het by sy brein oorgeneem. En beheer? Watse beheer? Daar was nie sprake van enige beheer nie.

Gelukkig het hy uiteindelik op die paniek in sy binneste reageer en kon hy wegstap. Of eerder wegstrompel.

Die punt is, hy hét homself uit die voete gemaak. Hy is veronderstel om op hete kole te sit oor 'n verskeping pruime wat op pad Londen toe is. Hy ontspan nooit regtig voordat hulle gehoor het hulle kliënte is tevrede met die toestand waarin die vrugte is wanneer dit daar aankom nie.

Maar met dié vroumens op sy brein, is daar nie plek vir enigiets anders nie, wat nog te sê pruime. En dis belaglik. Hy het 'n hele dag om hom voor te berei voordat hy haar môreaand sien. Die belangrikste is dat hy nie weer soos 'n verdomde skoolseun op sy eerste date moet reageer nie.

Magtag, hy is darem al dertig, hy's mooi groot. Die dae toe sy hormoontelling hoër as sy IK was, is mos al lankal verby.

OceanofPDF.com

SEWE

Teen Saterdagmiddag laat is die grasperk gesny om die huis wat Alan met sy broers deel, die bome gesnoei, die hele huis gestofsuig en al sy klere is vir die eerste keer in weke gewas. Almal se motors blink.

Sy broers se geterg het hy geïgnoreer, en toe daar niks meer was om te doen nie, het hy ook gaan draf. Daar was geen boodskappe op sy foon van paniekerige kliënte nie, maar hy is nietemin kantoor toe en het deur 'n klomp e-posse gewerk. As hy besig bly, op iets anders fokus, kan hy vir Corinne uit sy gedagtes kry.

Dit was in elk geval sy plan. Maar moenie glo nie. Ten spyte van al die aktiwiteite waarmee hy besig was, was Corinne die hele tyd dáár – in sy gedagtes, in sy lyf, op sy hart. Selfs in die tydgleuwe tussen sekondes dink hy aan haar, hoor hy die geklingel van haar armbande, ruik hy blomme, sien hy haar oë lag.

Oor en oor speel elke toneel sedert hy haar leer ken het voor hom af. Corinne laggend tussen die blomme, Corinne opgewonde wanneer sy oor haar passie gesels, Corinne voor hom, haar hemp oopgeknoop, die stywe puntjies van haar borste parmantig teen haar pienk bra Hy moet diep asemhaal.

Sy is 'n omgeemens. Hy onthou die ruiker wat sy in die winkel aan 'n vrou oorhandig het, die kinders wat sy op 'n Vrydagaand van blomme leer. Hy kan nie aan 'n enkele vrou dink wat hy ken wat haar naweekaand vir so iets sal opoffer nie.

En nou is hy uiteindelik voor haar deur, en die afwagting, die opwinding, die begeerte is 'n lewendige dier in sy binneste. Hy lig sy hand en klop. Dis asof hy haar al kan proe. Wat de hel het geword van al sy planne om in beheer te bly? Hy het haar nog nie eens gesien nie en sy lyf is reeds gereed vir haar.

Die deur vlieg oop, maar dis nie Corinne wat daar staan nie, maar 'n ander man. Binne is laggende stemme. Wat de hel?

“Hallo!” groet die man en steek sy hand uit. “Jy’s Alan, dink ek het Corinne gesê? Kom in, ek is Chris.”

Hy hoor Corinne se armbande nog voordat hy haar sien. Sy is in die kombuis, omring deur vier ander vroue.

“Corinne, hy’s hier!” roep Chris en sy kyk op.

Vir 'n vlietende oomblik sien hy 'n nuwe lig in haar oë, maar toe glimlag sy en wink hom ewe vrolik in. “Hallo, Alan. Kom in, kom in. Laat ek jou voorstel aan my vriende. Ek het begin kos maak, en op die ou end was daar so baie, ek moes nog mense nooi om te kom saameet.”

Hy oorhandig die bottel wyn wat hy gebring het aan haar en buk af om haar te soen. Maar op die laaste sekonde draai sy haar kop en hy maak slegs met haar wang kontak voordat sy wegdans.

Sy is kaalvoet en het weer 'n romp aan met lae en lae net – hierdie keer is dit 'n sagte pienke. 'n Donkerder pienk sagte toppie span liefderik om haar bolyf, maar dis toe sy klingend omdraai dat hy sy laaste bietjie asem verloor. Aan die agterkant hang die toppie laag in sagte voue sodat feitlik haar hele rug kaal is. Blik-sem!

Daar is 'n groot geraas in sy ore, maar hy knik, skud hand met al die mense en maak skynbaar al die regte geluide, want niemand kyk hom snaaks aan nie.

Ná 'n geskarrel en Corinne wat bevele uitroep, sit hulle uiteindelik almal om die tafel. Sy neem plaas aan die kop en beduie ewe nonchalant vir hom om oorkant haar aan die ander kop te sit. Haar oë vermy syne.

Daar is agt ander mense, sien hy toe almal sit, vier vroue en vier mans. Dis duidelik hulle kuier gereeld saam. Die gesprek vloei maklik en ná 'n ruk ontspan hy.

“Man, jy is in vir 'n treat,” sê een van die vroue. “Corinne kook soos 'n engel.”

“Proe maar eers voor jy besluit,” lag Corinne en staan weer op. “Chris, sal jy asseblief kyk of almal nog wyn het? Ek skep op.”

Om hom begin almal weer gesels, maar sy oë bly op Corinne. Haar bewegings is grasieus, rustig, en heeltyd deur klingel haar armbande vrolik saam. Heerlike geure kom oor die lug aangesweef. Sy maag grom. Hy't nie regtig vandag iets geëet nie en is nou vrek honger.

Hy weet nie wat hy verwag het nie, maar hy het aanvaar hulle gaan kos bestel, pizzas of so iets. Dis wat gewoonlik gebeur. Hy kan nie onthou dat enige ander vrou, behalwe sy ma, al ooit self vir hom 'n maaltyd voorberei het nie.

Corinne begin die borde een vir een tafel toe dra.

“Kan ek help?” vra hy.

“Sy doen dit graag self,” fluister een van die vroue hard. “Dis kunswerke, kyk,” sê sy en beduie na die bord wat Corinne voor haar neersit.

Alan staar verstom na die borde kos. Die vrou is reg. Dit is kunswerke. Skywe vleis rus bo-op dingesnyde murgpampoentjies en een of ander sous is in ’n ingewikkelde patroon rondom die gereg gedrup.

Uiteindelik gaan sit sy en lig haar glas. “Op ou en nuwe vriende,” glimlag sy oor die rand van haar glas vir hom.

Die vuishou begeerte laat hom vir ’n lang ruk heeltemal sonder asem.

Corinne se hand bewe toe sy die voordeur agter die laaste gaste toedruk. Alan het begin om die skottelgoed te was en het dit baie duidelik gemaak hy is nie van plan om ook nou al te loop nie. So, dis net hulle twee wat oorbly, al die buffers waarvoor sy so sorgvuldig gesorg het, is weg.

Ná gisteraand het sy net geweet sy kan nie vanaand alleen by Alan wees nie. Nie so gou ná wat tussen hulle gebeur het nie. En veral nie nou dat sy weet hoe sy oor hom voel nie.

Sy liefkosings het haar weggevoer na ’n plek waar sy nog nooit vantevore was nie, ’n plek wat haar bang maak, maar wat haar ook laat smag na nog meer lyflike genot – die soort wat sy weet sy net by hom kan kry.

Eintlik het sy gedink hy sal hom vinnig uit die voete maak wanneer hy sien hier is ander mense ook en besef hy gaan nie dadelik in haar bed kan spring nie. Maar ná ’n aanvanklike stywerigheid het hy begin saamgesels. Anders as baie ander dates wat sy al gehad het, praat hy nie sommer oor homself nie, maar het hy die ander gaste uitgevra en met werklike belangstelling na elkeen se storie geluister.

Wanneer hy wel oor sy werk praat, doen hy dit met entoesiasme en kundigheid. Dit is duidelik dat sy beroep sy trots is. Dis wel veeleisend, maar dis duidelik iets wat hy ook geniet. Sy kan nie help om dit te bewonder nie. Die passie waarmee hy oor sy werk praat, is aansteeklik, sy wil saam glimlag.

Hy is ’n goeie man – soms ’n bietjie ernstig, maar goed. Wat haar voorneme om hom op ’n afstand te hou nie juis help nie. Om als te

kroon het sy ook geleidelik besef sy val deur die loop van die aand net harder vir die man.

Maar sy is nie wat hy wil hê nie – daaroor was hy baie duidelik. Sy is nie sy “tipe” nie. Dit maak seer, maar sy gaan nie vir sy onthalwe verander nie.

Sy praat maklik oor haar gevoelens, dit was nog nooit nodig om wat sy voel te onderdruk of vir iemand weg te steek nie. Maar nou het sy lief geraak vir ’n man wat dit duidelik maak dat wat ook al tussen hulle is, bloot tydelik is. Hulle is twee weke bymekaar en dan ... wel, dan is dit verby.

Hy wil in beheer bly – ná ’n lang nag van baie rondrol, is dit ten minste vir haar duidelik. Dís hoekom hy hom gisteraand so vinnig uit die voete gemaak het – vir ’n paar oomblikke het hy beheer verloor. Sy sug. Tog interessant hoe duidelik dinge in die ure van die nanag word.

Of haar arme hart twee weke gaan oorleef, is nog ’n vraag. Maar terwyl sy by hom is, gaan sy vir hom wys wat dit is wat hy vir die res van sy lewe gaan mis. Hy gaan besef wat ’n girl kan doen wat nie “stemmig” is nie. Sy glip uit haar romp nog voor sy by die kombuis kom. Alan staan voor die wasbak, sy hemp se moue opgerol, en dit lyk of die meeste van die skottelgoed reeds gewas is. Natuurlik sal hy ook goed wees in die kombuis.

Hy is onbewus van haar agter hom en sy stap tot teenaan hom. Toe vou sy haar arms van agter om sy lyf en druk haar gesig teen sy rug. Sy hande word stil.

“Corinne,” kners hy uit. “As jy weet wat goed is vir jou ...”

Sy trek sy hemp uit sy broek en glip haar hande onder sy hemp in. Onder haar vingers is sy vel vuurwarm. Met ’n sug laat gly sy haar hande op oor sy breë borskas en toe weer stadig af oor sy gebeitelde sespak wat haar dwarsdeur die nag laat kwyl het, tot by die gespe van sy gordel.

Hy’s ’n dooie man. Morsdood. Dis al gedagte waarvoor hy tyd het voordat begeerte sy bloed binne sekondes tot ver anderkant kookpunt laat skiet.

Hy dink nie eens daaraan om sy nat hande af te droog nie, hy draai om en vang haar teen hom vas. Eers toe sien hy sy het nie meer haar romp aan nie.

“Corinne.” Sy amper wanhopige kreet kom uit ’n baie diep plek.

Rukkerig, desperaat, gly sy hande oor die sysagtheid van haar kaal rug, die einste een wat hom al heelaand mal maak.

“Kom saam,” nooi sy uit en met sy hand in hare, stap sy voor hom uit in die gang af.

Met sy bloed bruisend deur sy are en sy hart al trommelende in sy binneste, het hy geen ander keuse as om haar te volg nie. Dié prentjie sal hy nooit in sy lewe vergeet nie. Aan die onderkant van haar toppie steek ’n stukkie kant en satyn uit. Hy kwyl. En haar bene – lank, slank, gevorm vir sy hande, lok hom uit. Alles om hulle vervaag – dis net hy en sy en hierdie nag.

Sy was voorbereid op spoed, op angstige hande oor haar lyf, maar toe hy haar op die bed neerlê, sit hy die bedliggie aan, druk sy hande aan weerskante van haar lyf op die bed en laat net sy oë oor haar gly. Elke sel in haar lyf reageer op die koorsigheid in sy blik.

“Beautiful.” Sy hande vou om haar enkels, gly stadig, amper lui, teen haar bene op. Hy lig haar been sodat sy lippe die pad van sy hande kan volg. “Dit is die paradys.” Sy stem is onherkenbaar skor. “Ek het gedroom oor jou bene, weet jy? Gewonder presies hoe lank hulle is en nou ...” Met ’n swiep gly sy hande verkennend van haar enkel tot bo teen die kern van haar vrouwees.

Vir ’n wyle talm hulle daar, hou sy oë hare vas en dobber sy lomerig in soel water rond. Uiteindelik glip sy vingers verby die satynhindernis, haar lyf sug in verwondering. Liefkosend, troetelend, verken hy haar. Hitte bou op, om haar begin die water kolk, warmer word, en magteloos word sy saamgesleep. Dis nog te gou, nie nou al nie ... Desperaat probeer sy fokus op sy gesig, maar sy word dieper ingetrek, die passie is hopeloos te sterk en met ’n snik gee sy oor en laat haar meesleur.

Sagte lippe teen haar nek bring haar uiteindelik terug aarde toe.

“Alan?” kry sy nog steeds hortend uit.

“Ek is hier, ek het jou.” Sy asem blaas oor haar gloeiende vel. “Ek is mal oor hierdie toppie van jou,” sê hy en laat gly sy lippe oor haar kaal rug, “maar ek dink dis tyd ...”

Nog voordat hy klaar gepraat het, pluk sy die toppie oor haar kop en sak weer langs hom terug. Elke porie van haar lyf is oorverhit, die

vlamme van 'n volgende vuur lek-lek teen haar vel.

Sonder enige boodskappe van haar brein begin haar vingers die knope van sy hemp losmaak. Die pante val weg, onthul sy gespierde bolyf. Terwyl sy haar verlustig in die lyf voor haar, gly haar hande oor elke spier, elke lyn van sy lyf.

Dis baie gou nie genoeg nie. Sy kan nie vir hom sê hoe sy oor hom voel nie, maar sy kan vir hom wys. Haar hande, haar mond, haar hele wese kan hom wys hoe lief sy hom het. Sy buk af.

Eers toe sy hart onder haar vingers struikel, sy lyf onder haar mond sidder, maak sy sy gordel los.

Lyflike genot het by logiese denke oorgeneem. Sy sintuie is oorstimuleer deur die geur van blomme wat om haar hang, die fluweeltekstuur van haar vel, die rukkerigheid van haar asem, die passie wat hy op haar tong proe. Sy is sag en lenig, sagte kurwes en lenige lyne – vrou. En sy is hier, by hom. Dis op sy liefkosings wat sy reageer, die snak agter in haar keel is vir hom.

Hy help haar soekende hande en skop sy broek uit, glip sy arms uit sy hemp. Daar is nog slegs 'n klein stukkie pienk kant en satyn tussen hulle.

Sy hand gly oor die driehoekie, hy verlustig hom in die verskil van tekstuur van satyn en sagte vel. Eers toe haar bene rusteloos begin beweeg, raak hy ontslae van die laaste verskansing tussen hulle.

Haar rondings pas perfek in sy hande, haar bene verstrengel met syne, so asof dit reeds dikwels gebeur het. Sy maak liefde sonder enige inhibisies, gee haarself sonder om iets terug te hou. Hoe de hel kry hy ooit genoeg van hierdie girl? Dringend, soekend, vou sy mond om 'n bors. Met 'n kreungeluid span haar lyf styf soos 'n boog onder syne, vibreer sy onder sy liefkosings.

Met sy tong en lippe dryf hy haar meedoënloos op teen 'n volgende hoogte en eers toe sy uitasem en bewend haar kop in sy nek druk, skep hy asem.

“Nou,” prewel sy hygend teen sy oor en lig haar been rusteloos teen syne.

“Te gou, heeltemal te gou,” glimlag hy en beweeg sy mond na haar ander bors.

O, hy kan nog glimlag? Terwyl sy al twee keer teen ongekeende hoogtes uit is, wil hy smile? Wel, dis net hier waar sy les begin.

Sy draai vinnig haar lyf sodat sy halfpad oor hom lê.

“Wat ...?”

“Onthou, ek is nie stemmig nie,” grinnik sy voordat sy afbuk. “Maar dit het sy voordele. Kom ek wys jou ...”

Sy byt sy onderlip vir ’n oomblik vas, glip haar tong tot in die holtes van sy mond en sluk sy kreun in. Haar hande gly oor sy lyf, tergend, spelerig. Sy hele lyf gloei, maak haar lighoofdig.

Uiteindelik vou haar vingers jubelend om die fluweel van sy begeerte. Wow. Maar voordat sy verder ondersoek kan instel, kreun ’n swetswoord in haar oor en lig hy sy lyf sodat sy weer onder hom inrol.

“As jy dit doen, is alles oor nog voor ons begin het.” Sy woorde is staccato, hygend.

Triomfantlik kyk sy op in sy donker oë. Ha, so hy kán beheer verloor. Haar triomf is egter van korte duur. Sy knie druk soekend tussen hare, haar bene val uitnodigend oop. Sy mond gryp hare weer vas – honger, warm, dringend. ’n Volgende vloedgolf van passie ruk haar saam. Kan ’n mens soveel lyflike vreugde ervaar en dit oorleef?

“Nou,” kners hy, en deur ’n rooi waas sien sy hoe hy homself bokant haar ophys. Met ’n amper dierlike kreet word hy deel van haar.

Sy naam is ’n mantra op haar lippe. Verblind deur die drang om weer die spits te bereik, hierdie keer saam met hom, glip haar arms om sy nek, hits haar lyf hom aan. Sy wil hom smeek om vinniger te beweeg, maar haar asem is te min, haar woorde weg. Snikkend sink haar tande in sy skouer.

Hy gooi sy kop agteroor, roep haar naam uit en saam jaag hulle teen die steilte uit. Hierdie keer is die berg hoër, die passie intenser, die genot veels te veel vir ’n blote aardse wese.

Toe ’n laaste siddering deur sy lyf trek, hou sy styf aan hom vas. Haar oë is nat terwyl haar hart verder in fyn stukkies breek.

Hy ruik haar nog voordat hy heeltemal wakker is. Blomme. Akkers en akkers vol blomme. Hy draai en sy glip haar arms om sy lyf. Sagte kurwes druk teen sy rug, ’n slanke been gly oor sy heup.

En dis al wat nodig is. Hy is weer gereed vir haar. Sy is onder hom ingerol voordat hy heeltemal weet wat hy doen. Hy tel weer die vyf sproete. Beautiful. Oorblyfsels van haar drome lê vlak in haar oë en sy glimlag lui.

“Weer?”

“Weer.”

Hy glip in haar, verwelkom die nou bekende fluweel van haar lyf wat soos ’n handskoen om hom pas. Besitlik trek hy haar styf teen hom vas. Hy kan aan geen ander plek dink waar hy nou wil wees nie.

Môre sal hy hom weer bekommer oor die oorgawe waarmee hy haar bemin, die intense passie waarmee hulle liefde maak.

Maar nou, hier in die kokon waar net hulle twee bestaan, is al wat saak maak die vrou in sy arms.

Toe hy weer wakker word, sit sy kruisbeen langs hom op die bed met net sy hemp aan.

“Koffie en beskuit?” vra sy.

“Is dit my enigste keuse?” Sy oë gly oor haar.

Haar glimlag is wyd. “Nee – wat het jy nog in gedagte?”

Hy skuif teen die kussings op. “Sal ons iewers gaan ontbyt eet?”

“Dis al amper middagete.”

“Middagete dan?”

“Oukei.”

“Hoe laat is dit nou?”

“Kwart oor elf.”

Hy buk vorentoe en tel die skinkbord van die bed af.

“Dan het ons oorgenoeg tyd.” Sy hande trek haar nader, glip die hemp oor haar skouers.

“Maar wat van die koffie?”

“Wat van die koffie?” prewel hy teen haar lippe.

Sy kreun. “Watter koffie?”

“Presies.”

AGT

“Jy’s all smiles vanoggend,” sê Edward Maandagoggend. “Het dit iets te doen met jou verdwyning van Saterdagmiddag af?”

Alan lig sy skouer en gooi suiker in sy beker koffie.

“Waar was jy?” vra Finlay. “Ma het jou ook gesoek.”

“Hy lyk soos ’n kat wat room gekry het,” sê Quinn. “Wat my laat wonder – jy was nie dalk by die girl in Stellenbosch nie? Jy weet, die een wat glo nie stemmig genoeg na jou sin is nie?”

“Jy moet my tog laat weet wanneer jy aanbeweeg na een van jou stywe vroumense. ’n Girl soos Corinne sien ’n mens nie elke dag nie. Ek ...”

“Ek het jou gesê bly weg van haar af!” Alan raak nie eens opgewerk nie. Daar is ’n diep tevredenheid in sy binneste, ’n rustigheid wat hy nog nooit voorheen ervaar het nie.

Doug kom vinnig by die konferensiesaal ingestap. “Jammer ek is laat. Het ek iets gemis?”

“Alan glimlag aanmekaar.”

“’n Vroumens?”

“Jip. Die een van die blommewinkel.”

“Kan ons met die vergadering begin?” vra Alan. Hy wil nie onnodig tyd verspeel vandag nie. Vanaand ry hy weer Stellenbosch toe.

“Aflewering,” roep hulle sekretaresse, Sonet, van die deur af met ’n pakkie in haar hand. “Alan, vir jou.”

“Sit op my tafel neer, asseblief.” Toe sy verdwyn, draai hy terug na sy broers. “Kom ons begin.”

“Ons het ’n probleem,” sê Doug. “Een waarmee ek hoop jy kan help, Alan. Die pruiem. Een van ons sal Londen toe moet vlieg. Hulle het laat weet die gehalte van die vrugte wat daar aangekom het, is nie op standaard nie. Sal jy kan gaan kyk? Sonet is reeds besig om vir jou ’n vlug te bespreek.”

Alan sug, maar knik. Normaalweg sou hy nie omgee nie. Hulle al vyf het langtermynvisums, vliegtuigkaartjies word binne minute gekoop, en hy geniet Londen altyd. Maar nou is Corinne daar. Hy wil nie weggaan nie. Met ’n vinnige kyk op sy horlosie skuif hy sy stoel agteruit.

“Dan moet julle my asseblief verskoon, anders kry ek nie my draaie nie.” Hy is by die deur uit voordat een van hulle iets kan sê. Hy sal die einde hiervan seker nooit hoor nie, maar nou is daar belangriker dinge om aan te dink.

Hy hou daarvan om voor ’n Maandagoggend sy nuutste e-posse af te handel. Maar hy was by Corinne, en om gisteraand huis toe te gaan was nie ’n opsie nie. Wat beteken het hy moes vroegoggend opstaan sodat hy nog eers by die huis ’n draai kon maak vir skoon klere.

Om langs Corinne wakker te word, al is dit bitter vroeg, is ’n belewenis. Sy is dadelik wakker, haar oë vol lag, lewe en beloftes, haar arms gereed om hom vas te hou. Sy gee so maklik van haarself, so sonder enige pretensie, sonder om enigiets terug te verwag. Wat dit bitter moeilik gemaak het om weg te ry. Hy moes homself dwing.

Op sy tafel lê die pakkie wat Sonet ontvang het. Dis deur ’n koerierdiens afgelewer, sien hy. Hy verwag nie iets nie, dis seker een of ander bemarkingsfoefie. Met sy oë op sy e-posse, skeur hy die pakkie oop en eers toe sy hand aan iets sags raak, kyk hy af na wat in die pakkie is.

Sy asem raak heeltemal, heeltemal weg. Bliksem. Oor sy vingers gedrapeer is, as hy dit nie mis het nie, die piepklein driehoekie van kant en satyn wat Corinne gisteraand aangehad het. Hoe ...?

Binne sekondes is sy bloed kokend, sy lyf gereed vir haar en dit terwyl sy kilometers van hom af is. Die klein merrie!

Uitasem spring hy op, druk die nommertjie in sy broeksak en gryp sy skootrekenaar. Hy kan binne vyf minute inpak, maar die verkeer is ’n nagmerrie, dit gaan omtrent ’n uur neem as hy eers huis toe moet ry. Hy glimlag. Te hel daarmee, daar is mos orals winkels.

Hy loop Sonet in die gang raak.

Sy kyk na sy skootrekenaar oor sy skouer. “Is jy al op pad? Jou vlug is eers laatmiddag, jy hoef nie nou al ...” sê sy verbaas.

“Stuur vir my asseblief die kaartjie, sal jy? Dankie!” Met ’n wuif draf hy na buite.

“M’m, oranje en rooi rose, vanoggend? Bekoring en liefde,” sê Ella. “En Taylor Swift sing ‘You belong to me’.” Sy kantel haar kop. “Het die man Saterdagand tot sy sinne gekom?”

“She wears short skirts/I wear T-shirts,” sing Taylor Swift in die agtergrond.

Corinne draai om en stel die klank sagter. Sy is soos ’n simpel skooldogter vanoggend. Die koerier was vroegoggend al hier en het gesê hy ry direk hiervandaan Paarl toe. Wat beteken Alan moes die pakkie al gekry het. Die baie ón-stemmige pakkie van ’n baie ón-stemmige girl.

Sy is skoon bewerig as sy dink aan sy reaksie. Want sy weet hoe donker sy oë raak, hoe styf hy op sy kake byt, hoe warm sy hande ...

“Koeieeee!” roep Ella en klap haar vingers voor Corinne se oë. “Earth to Corinne,” lag sy. “Ek praat met jou. Beteken al hierdie tekens,” vra sy en beduie na die blomme en die musiek, “... party mense het nou besef hulle verkies nie noodwendig ‘stemmig’ nie?”

Corinne glimlag en ignoreer die dowwe pyn wat van vroegoggend af om haar hart lê. “Nee, niks het verander nie. Dis tydelik, maar dis ...” Sy tel die bos rooi rose op en druk haar gesig daarin. “Vir nou is dit wonderlik. Spesiaal.”

Ella frons. “Moet net nie vir my sê ...” Haar mond val oop. Sy gryp Corinne aan die arm. “Jy’t geval vir hom, nè?”

Corinne knik. Dit help nie om te probeer stry nie; hoe sy voel, staan oor haar hele wese geskryf.

“Ek glo dit nie! En hy? Wat sê hy? Het jy vir hom gesê hoe jy voel?”

“Nee! Dis nie iets wat hy ooit hoef te weet nie. Hy was van die begin af baie duidelik oor hoe hy voel. Ek weet alles is net tydelik, ek weet ek is nie wat hy wil hê nie ...”

“En die les wat hy moet leer? Wat daarvan?”

“O, moenie jou daaroor bekommer nie, hy weet teen dié tyd presies hoe ‘on-stemmig’ ek is.”

“Maar wat van jou? Wat gaan met jou gebeur ná die troue, wanneer hy aanbeweeg?”

Corinne haal haar skouers op. “Dis oukei. Ek sal dit oorleef. Harte breek, maar word ook weer heel – so hoor ek altans. Maar genoeg van my dinge. Ons het werk om te doen. Ek maak lysies vanoggend om seker te maak ons het alles vir die komende naweek se troue asook vir volgende naweek met die verjaarsdag en die Sutherland-troue. Kyk asseblief daardeur en maak seker al die bestellings is geplaas en ...”

Die voordeurklokkie raas en Corinne kyk op. O, aarde. Haar hart gee 'n wilde, wilde bokspring. In die gang kom Alan afgestap. Hy kyk nie links of regs nie, sy oë is net op haar.

“Maar dis mos ...” begin Ella langs haar, maar haar woorde raak weg.

Alan stap tot voor haar en vat haar hand, verstrengel sy vingers met hare. Toe kyk hy na Ella.

“Sy is oor 'n uur terug. Of dalk twee.”

Corinne haal diep asem. “Alan, wat ...?”

“Jou woonstelsleutel?” vra hy en hou sy ander hand uit.

Sy gryp haar handsak onder die toonbank uit en met 'n flits van sy kuiltjies, trek Alan haar agter hom aan – uit by die deur, om die hoek tot by die voordeur van die woonstelgedeelte van die gebou.

“Alan, ek het werk ...”

“Ek ook.” Hy praat terwyl hy die sleutel by haar neem en die deur oopsluit. “Maar toe kry ek hierdie pakkie op my tafel. En in die pakkie is pienk kant en satyn. Dieselfde kant en satyn wat jy gister aangehad het, en al waaraan ek kan dink, is om by jou te wees.”

Hy praat gedemp, maar sy woorde is duidelik en slaan vas teen die kamers van haar hart. Met lang treë stap hy tot by die trappe, sy trippel om by te hou.

Haar lyf het begin gloei toe sy hom sien en nou, ná sy woorde, wil sy uitbrand. En asem ... o, aarde, sy kry nie asem nie.

Alan sluit haar voordeur oop, druk haar voor hom in en skop die deur agter hom toe. Hy stap op haar af terwyl hy die knope van sy hemp losmaak.

Die intensiteit van die hitte in sy oë laat haar terugsteier, maar daar is 'n stoel agter haar en sy word gestop. Hy sukkel om uit sy broek te klim, steier gevaarlik eenkant toe. 'n Giggel haak vas in haar keel.

“Ek brand uit en jy wil lag?” Die woorde glip deur sy styfgekleemde kake, jaag haar bloeddruk verder op. Sy het kans om verwonderd op te kyk na hom voordat hy haar in sy arms vorentoe trek.

Haar arms lig op sodat sy aan sy skouers kan vashou, maar hy tol haar lyf om sodat sy met haar rug teen hom staan, haar hande op die stoel se leuning.

Besitlik, dringend gly sy hande oor haar lyf, glip onder haar kort rompie in. Haar kop val willoos teen sy skouer, sy is weerloos teen sy

aanslag. Haar hart sug. Haar lyf is gemaak vir hom, sy pas perfek teen sy lyf.

Warm lippe gly koorsig oor haar nek en skouers terwyl sy hande rusteloos, soekend oor haar bobene gly. Ongeduldig soek hy toegang na waar sy warm vir hom klop, sy vingers glip onder die kanthindernis in. Sy hand ruk, materiaal skeur en met 'n sug in haar oor, vind sy hande haar kern.

“Jy’s warm en gereed vir my,” hyg hy in haar oor.

Praat is onmoontlik. Sy kan net knik.

“Buig vorentoe,” pleit hy en sy buk oor die stoel, haar lyf desperaat op soek na die genot wat wag, na verligting.

Haar romp het opgetrek, sexy boudjies steek net-net onder haar toppie uit. Om hulle is die lug swaar, asemhaling onmoontlik. Die ondraaglike hitte binne hom soek dringend na 'n uitlaatklep.

“Nou,” hyg hy. “Ek kan nie langer wag nie.” Sy hande vou van agter om haar borste en met een beweging word hy deel van haar.

Sy spiere sidder soos hy homself probeer beheer. Nog nooit was daar iemand soos sy nie, nog nooit het hy 'n vrou so begeer nie. Elke sentimeter, elke kurwe, elke trilling, elke kreungeluid – die behoefte na haar sit in sy keel, sy lyf, sy hart.

Hy dryf blindelings in haar, sy vou warm, verwelkomend om hom. Hy verloor maklik en tevrede die stryd om in beheer te bly. Toe sy uitroep, is die triomf soet, eufories. Sy arms vou haar styf toe. Saam trotseer hulle die storm van begeerte wat hulle optel en meesleur.

Binne-in hom spartel iets om vry te kom, iets baie meer kompleks as blote begeerte. Met moeite onderdruk hy dit, gee hy homself doelbewus oor aan die een lyflike sensasie ná die ander. Dít verstaan hy ten minste. Dít maak sin. Dis die waansin wat hy nie verstaan nie, wat hy eerder nie wil ondersoek nie.

Maar toe hy uiteindelik die kruin bereik, is al wat regtig sin maak, haar naam op sy lippe.

“Ek ...” Hy maak keelskoon. “Ek het nie bedoel om jou so ... so te bespring nie, maar daai pakkie wat ek vanoggend ontvang het ...”

Hou dit lig, Sutherland, hou dit lig. Hy glimlag, vee haar hare agter haar oor in. Dis onmoontlik om naby haar te wees en nie aan haar te

raak nie. Sy moet teruggaan werk toe, dis al vier uur later in plaas van die twee uur wat hy vir Ella gesê het, en hy moet op die lughawe kom. Daar is reeds vyf boodskappe op sy foon. Sommige van sy broers, 'n hele paar van die kliënt in Engeland.

Hulle het darem al koffie gedrink en beskuit geëet.

Haar oë vonkel, sy lig haar op haar tone en soen hom. “Ek sal onthou om in die vervolg so 'n pakkie eers nader aan huistoegaantyd te laat aflewer. Jy hou my uit die werk. Ek het gedink ek sien jou eers weer vanaand, of hoe?”

“Ek is op pad Engeland toe.” Vir 'n oomblik is daar iets in haar oë wat sy hart 'n slag laat mis, maar toe glimlag sy en terwyl hy vir haar van die probleem vertel, buk sy af om haar skoene aan te trek.

“Hoe lank gaan jy weg wees?”

“Dis altyd moeilik. Hopelik net 'n paar dae indien niks anders opduik nie.”

“Ek stap saam met jou af.” Sy sit haar handsak oor haar skouer en tel die sleutel op. “So, jy kan dalk eers vir Doug se troue terug wees?”

“Ek glo dit sal hoogstens drie dae neem om alles op te los, maar daar is altyd die moontlikheid van nog iets wat kan opduik. In ons bedryf is die enigste sekerheid die onsekerheid.”

Daar is 'n glimlag om haar mond, maar haar oë vermy syne. “Met ander woorde ons ooreenkoms is verby, as ek jou reg luister.”

Hy loop stadig agter haar aan. “Ooreenkoms? Waarvan praat jy?”

Verbaas kyk sy na hom. “Dit was jou idee, ek kan nie glo jy het dit al vergeet nie. Ek is mos nie jou tipe girl nie, onthou jy? Ons deal was jy het tot Doug se troue nodig om my, hoe het jy dit nou weer gestel? O, ja, om my uit jou sisteem te kry. Maar nou vlieg jy Engeland toe en is dalk eers weer terug wanneer Doug en Annabel trou. Teen die tyd wat jy terugkom, is ek heel waarskynlik uit jou sisteem.” Sy lig haar skouer. “Dis 'n bargain vir jou. Jy is gouer van my ontslae as wat jy gedink het.”

“Jy's die een wat 'n datum wou hê, nie ek nie.”

Sy kantel haar kop. “Ek is nie wat jy wil hê nie, onthou? Jy was baie duidelik daaroor.”

Hy gryp haar hande vas, trek haar kop nader vir 'n verbryselende soen. Hulle is albei hygend toe hy sy kop ophig. Hy vee met sy duim oor haar lippe.

“Ek ... het nie al die antwoorde nie. Al wat ek weet, is dat ek nog nie kan wegstap nie. Ek wil nog by jou wees en ...” Hy kyk op sy horlosie. “Maar nou moet ek op die lughawe kom. Kan ons praat wanneer ek terug is?”

Sy begin haar kop skud, maar hy vou haar gesig tussen sy hande. “Asseblief?”

Sy knik, maar haar oë kyk verby hom.

“En Corinne ...” Hy wag totdat sy vir hom kyk. “Terwyl ek by jou is, is ek net by jou. Kan ek dieselfde van jou vra?”

Sy lig ’n wenkbrou. “Jy bedoel ek moenie met ’n man in die bed spring voor Doug se troue nie? Sjou, dis baie moeilik vir die tipe meisie wat ek is. M’em, laat ek dink.” Sy tuur vir ’n oomblik in die verte. “Ja wat, ek sal dit darem seker kan regkry,” sê sy en stap voor hom uit buitetoe.

Sy sluit die voordeur agter hulle. “Totsiens, Alan. Jy ...”

Sy lippe sluit oor hare voordat sy verder kan praat. Hy is ontsteld, vies, onseker, en die laaste ding wat hy wil doen, is om nou weg te gaan. Met sy mond en hande probeer hy vir haar verduidelik van die storm in sy binneste, die een wat hy glad nie verstaan nie. Eers toe sy teen hom smelt en hy haar kreun kan insluk, laat val hy sy hande.

“Ek bel jou.” En voordat hy haar dalk weer terugsleep kamer toe, storm hy die trappe af.

NEGE

Daar is chaos in die blommewinkel toe Corinne instap. Ella se poniestert is skoon skeef. Tannie Lisa is agter die toonbank op die foon, en Annabel en Alan se ma sit by die tafel. Twee ander kliënte staan en wag.

Vir 'n oomblik wens Corinne sy kan omdraai en sommer net wegry na 'n plek waar sy alleen kan wees, waar sy die hartseer in haar binneste kan uitsnik, haar woede kan uitskree.

Sy is ontsteld en hartseer en flippen vies. Die ellendige man. Hy sal haar nie verkul nie, sal sy asseblief dieselfde doen? Asof sy vir 'n oomblik aan 'n ander man kan dink wanneer sy by hom is. Ná twee nagte saam behoort hy iets van haar te weet, moet hy weet sy spring nie by elke man in die bed nie, moet hy weet sy voel iets vir hom! Sy het dit op elke denkbare manier vir hom gesê – oor en oor gesê. Met haar lyf, haar hande, haar siel, haar hele wese.

Hy breek haar hart en is salig onbewus daarvan. Sy is nie sy “tipe” nie, maar hy kan ook nie sy hande van haar afhou nie. En sy is ewe verwelkomend ondanks die feit dat sy weet hy is net agter haar lyf aan.

Dit help nie meer om haarself te probeer wysmaak sy is bloot by hom om hom 'n les te leer nie, want die enigste een wat iets leer, is sy. Sy het haar lyf leer ken, weet hoekom niemand anders nog haar liggies kon aanskakel nie – daar is net een man wat dit kan regkry. En hy wil 'n ander vrou hê. Dís die les – sy is nie sy soort nie.

Hy klim koeltjies op 'n vliegtuig en sy moet aangaan met haar lewe, met sy broer se troue! En, o ja, hy wil praat as hy terugkom. Wat beteken dit? Waaroor wil hy praat? Weer verduidelik sy is nie sy tipe nie?

Goeiste, 'n girl se hart kan ook net soveel seerkry hanteer en ná vandag is hare voos.

“Corinne!” Ella wink haar nader. “Ek dog jy’t gesê jy’s ’n uur of twee weg,” fluister sy. “Annabel en tannie Phoebe wil jou sien.”

Corinne wuif vir die twee vroue en beduie sy kom nou.

“Tannie Lisa, dankie dat jy uithelp. Hoe het jy geweet dis so besig hier? Het Ella gebel?”

“Nee, sy kom heel goed reg, maar ek het sommer ingeloer en gesien ek kan help.”

Corinne gee haar tante ’n drukkie. “Baie dankie, maar ek is nou hier.”

“Kind, ek is skoon uitasem, maar dis so heerlik vir my – blomme en mense. Wat kan lekkerder wees? En ek hoor jy het ’n bietjie afgevat?” Haar oë vonkel.

Corinne loer na Alan se ma en beduie met haar hand tannie Lisa moet sagter praat.

Tannie Lisa lag sag en skud haar kop. “O, Ella het reeds vir hulle gesê Alan het jou kom haal, so hulle weet waar jy was. Hulle wag al ’n hele rukkie.”

Corinne druk haar hande teen haar vlamme wange terwyl sy na die tafel toe stap. Ag, aardetjie tog.

“Annabel, mevrou Sutherland ...”

“Sê tog asseblief vir my Phoebe, kind. Ek hoor Alan het jou kom haal?”

Corinne kan die blos vir die beste wil in die wêreld nie keer nie. “Um ... ja, maar hy is op pad Engeland toe. Mevrou ... Tannie weet seker?”

“Doug het my laat weet.”

Corinne haal diep asem en probeer breed glimlag. “Waarmee help ek vandag?”

“Ons was in die dorp en het gewonder of ons jou vir koffie kan nooi,” vra Annabel. “Ek het jou en Ella se troukaartjies saamgebring en wou hoor of julle reggekom het met die bestelling vir die blomme.”

“O aarde, ek kan nie nou weer hier weg nie. Maar sit gerus, ek maak gou vir ons tee, dan gesels ons.” Voordat iemand iets verder kan sê, stap sy kombuis toe.

Sy haal diep asem en skakel die ketel aan, haal die koppies uit en sit dit op die skinkbord. Haar hande is rukkerig, sy leun vir ’n oomblik met haar kop teen die kas. En sy onthou elke sekonde saam met Alan. Sy dink nie daar is ’n oppervlak in haar woonstel waarop hulle nie was nie. Want of sy tande borsel of koffie maak, wanneer Alan in ’n vertrek stap, kan hulle nie hul hande van mekaar af hou nie.

O flip, sy kan nie nou daaraan dink nie, sy ma sit in haar winkel. Sy maak die tee, sit die pot op die skinkbord en haal weer diep asem. Toe

eers kan sy die skinkbord optel en terugstap na Annabel en die ma van die man wat elke liewe liggie in haar lyf aanskakel en aan die brand hou.

Met haar oë op die skinkbord is sy by die tafel voor sy agterkom Annabel en haar aanstaande skoonma is nie meer alleen nie. Alan is ook daar.

“Alan,” snak sy na haar asem en laat val amper die skinkbord.

Asof dit die natuurlikste ding in die wêreld is, neem hy die teegoed by haar en sit dit op die tafel neer.

“Hallo, Corinne. Ek het net kom groet, ek is vir ’n paar dae op pad Engeland toe.”

En voor sy ma en aanstaande skoonsuster, Ella en tannie Lisa en almal wat voor haar winkel verbystap, sit hy sy hand agter haar kop, trek haar nader en soen haar op haar mond. Lank, deeglik en sonder enige haas.

“Sien jou oor ’n paar dae. Annabel, Ma,” sê hy en soen elkeen op die voorkop. En voor Corinne haar mond kan toekry, is hy af in die gang en uit by die deur.

“Ek skink solank as jy nie omgee nie, Corinne. My keel is nou bitterlik droog.”

Corinne hoor Alan se ma se woorde, maar sy is nog lam van verstomming, van lyflike begeerte van ...

Sy gaan sit vinnig op die eerste die beste stoel.

Alan se ma het ’n effense glimlag om haar mond. “Die Sutherland-mans het so ’n uitwerking op ’n mens.”

Annabel staar na die deur. “Ek verstaan nie mooi nie. Was Alan nie so pas by jou nie?”

Corinne knik.

“En het hy vir jou gesê hy is op pad Engeland toe?”

Corinne knik terwyl sy opnuut na die deur kyk. Hoekom sou hy weer kom groet het? Sy draai terug in haar stoel, betyds om die kyk tussen die twee vroue te sien. Great. Wat nou in die twee se koppe aangaan, wil sy liewer nie weet nie.

Tannie Phoebe het reeds die teekoppies voor Corinne en Annabel neergesit. Corinne se boek lê nog op die tafel en sy trek dit nader. Ella kom ook aangestap.

“Hallo, julle. Ekskuus dat julle so lank alleen moes sit, maar dis ’n malhuis vandag. En toe is Corinne nog so lank weg ook. Het Alan iets vergeet? Ek verbeel my ek het hom weer gesien.”

“Hy het kom groet,” sê sy ma.

“O, maar ...”

Corinne vang haar oog en iets van haar ontsteltenis moes wys, want vir een keer in haar lewe besef Ella sy moet die onderwerp verander.

“Die blomme.” Sy trek die boek nader. “Ek het met die verskaffers gepraat soos jy vanoggend gevra het, Corinne. Alles is reg sover en die blomme behoort volgende Woensdag op die lughawe te wees.”

Annabel klap haar hande. “Dis goeie nuus. Ek verwag elke oggend een of ander disaster, maar my rok pas, die blomme is reg, die bruidegom het nog nie padgegee nie ... Ek kan nie meer wag nie.”

Annabel babbel opgewonde, tannie Phoebe drink haar tee, haar oë die hele tyd op Corinne. Gelukkig antwoord Ella al die vrae, want sy wat Corinne is, is nie gebore in staat om ’n woord te sê nie.

Corinne kyk eers weer op haar foon toe sy in die bed klim. Dit was ’n deurmekaar dag en haar afwesigheid vir vier uur het nie gehelp nie. Ook nie die feit dat haar mond die hele tyd getintel het van Alan se laaste soen nie. Of dat sy gesukkel het om aan enigiets anders te dink nie.

Teen vieruur was Ella se poniestert heeltemal uitgesak en het sy haar huis toe gestuur. Wat beteken sy moes alleen die string mans help wat ná werk vir hul vroue kom blomme koop het – hetsy vir ’n byna vergete verjaardag, om jammer te sê of sommer-maar-net. Daar is gelukkig nog heelwat van laasgenoemde soort.

Sy kyk op haar foon deur haar e-posse. Daar is niks wat nie kan wag tot môre nie. Sy mik om die foon neer te sit toe sy sien daar is ’n boodskap. Dis van Alan. Hy moes een of ander tyd sy nommer op haar foon ingesleutel het, sy het dit nie gehad nie. Sy maak die boodskap oop.

Droom van my?

Vies gooi sy die foon op haar bedkassie. Natuurlik gaan sy van hom droom, hy is op haar brein, in haar hart, in haar lyf! Sy kan nie ’n asemteug neem sonder om aan hom te dink nie, die pes.

Ontsteld gaan lê sy en vir 'n paar minute kan sy net na die dak staar. Stemmig. Dis wat hy wil hê, maar dis nie wat sy is nie. Met 'n grinnik tel sy haar foon weer op. Dalk moet sy hom opnuut daaraan herinner hoe on-stemmig sy eintlik is. Vir ingeval hy vergeet.

Vinnig tik sy 'n boodskap en sit die foon terug op haar bedkassie. Met 'n kreun draai sy op haar sy. Sy verloor al weer die draad van die storie; al haar goeie voornemens van vroeër vandag is by die deur uit.

Alan sien haar boodskap die oomblik toe hy sy foon aanskakel nadat die vliegtuig geland het. Hy het in die tou ingeval en wag om van die vliegtuig af te stap. Gelukkig is niemand naby genoeg aan hom om te sien wat die boodskap is nie. As die inhoud van die pakkie wat Corinne aan hom gestuur het 'n aanduiding is van wat sy kan doen, is haar boodskap dalk ook nie iets wat iemand anders moet sien nie.

Amper opgewonde maak hy die boodskap oop. En die laaste bietjie suurstof verlaat sy lyf. Bliksem. Die vroumens gaan sy einde beteken. Wat sy aangestuur het, is 'n foto van die kant-en-satynnommertjie wat hy gister van haar afgeskeur het. En die byskrif is net *small*. Hy het gedink hy behoort vir haar een te koop. Nou weet hy die grootte.

Hy tik vinnig net een woord en druk die stuurknoppie.

Lighoofdig druk hy die foon in sy sak waar dit behoorlik teen sy lyf brand. Twee dae. Hy gaan waaragtig nie langer as dit hou voor hy haar weer wil sien nie. Hopelik kan hy die krisis vinnig oplos.

Londen is koud. Dis toegetrek, die wêreld is vaal en grys. En hy het nie 'n baadjie nie.

Hy stuur 'n vinnige boodskap na die kliënt wat hom kom optel om te verduidelik hy moet eers 'n draai by die winkels maak. Gisteraand kon hy 'n tas en toiletware op die Kaapstadse lughawe koop, selfs 'n broek en 'n hemp. Maar 'n baadjie is dié tyd van die jaar 'n probleem in Suid-Afrika.

Uiteindelik is hulle in die lughawegebou en kan hy verbystap by die meeste mense wat nog moet wag vir hulle bagasie. Hy weet hier is allerhande winkels, maar dit was nog nooit vir hom nodig om met die afklimslag klere te koop nie, want normaalweg is daar nie langbeenblondines in sy lewe wat hom heel simpel maak nie.

Uiteindelik kry hy 'n winkel wat baadjies verkoop en soek vinnig deur die voorraad na sy nommer. Dis toe hy uit die winkel stap wat hy

die nommertjie in die oorkantste winkelvenster raaksien. Sy voete loop soontoe nog voor sy brein regtig registreer wat hy sien. Hy gaan baie laat wees, maar die kliënt moet maar wag.

Hierdie een moet hy vir haar koop.

Toe Corinne wakker word, gryp sy haar foon.

Daar is net een woord. *Vroumens!*

Dadelik is sy sonder asem. Met 'n kreun sit sy regop. Sy kan sy stem hoor, sien hoe sy kake styf span, ervaar hoe sy hande oor haar lyf voel.

Laggend spring sy op en dans om die bed.

Sy's gelukkig. Vir nou. En dis oukei. Die tyd vir trane is eers later.

"O, bloed," kreun Ella toe sy twee oggende later in die winkel stap. "Waarna luister ons vanoggend? Klink na 'n begrafnis!" Sy kantel haar kop en luister na die musiek. "O, dis Fergie wat wroeg oor big girls wat nie huil nie. Jy luister darem nog nie na angry chick songs nie. Ek is baie dankbaar." Sy druk haar hand dramaties teen haar hart.

Sy gee een kyk na die blomme waarmee Corinne werk en stap mompelend kombuis toe. "Baby's breath vir ewigdurende liefde. Wat gaan aan? Ek gaan sterk koffie maak."

Corinne kyk vir 'n oomblik verbaas na die blomme voor haar. Sowaar. Ella sien raak wat sy onwillekeurig doen – al die blomme wat sy die afgelope paar dae gebruik, dra 'n boodskap van liefde oor. Haar liefde vir Alan kan sy net eenvoudig nie vir haarself hou nie.

Sy het nie reageer op sy eenwoordboodskap nie en sy het ook nie weer iets van hom gehoor nie. Vanoggend is haar hart seer. Sy mis hom. Met elke sel in haar lyf.

Geïrriteerd met haarself, skud sy haar kop en trek die emmer vol wit en pers jodels nader. Outydse waardes, maar ook waardering, bewondering, respek, aanvaarding en ... liefde. Net soms wens sy sy kan blomme insteek sonder om die betekenis te verstaan, sonder om haar hart en haar emosies bloot te lê in die ruiker wat sy maak.

Maar dit is tog wonderlik om te sien wat die uitwerking van die bosse blomme wat sy die afgelope twee dae verkoop het, op mense het. Soos die bos stargazer-lelies wat 'n man gister gekoop het. Hy het sonder veel emosie gevra vir 'n bos blomme vir sy vrou. Sy het gevra

of dit vir 'n spesiale geleentheid was en toe hy sê dis hulle dertigste huwelikshedenking, was sy innig bly oor die emmer lelies wat sy het.

Sekondes nadat sy die bos in sy hande gedruk het, het 'n glimlag om sy mondhoeke gepluk en is hy haastig hier weg, opgewonde op pad huis toe, na sy vrou toe. So, al die bosse blomme wat die taal van die liefde om haar praat, is nie net vir haar nie – dis vir almal.

Ella kom terug met 'n skinkbord tee. “Het jy al iets gehoor ...?”

Corinne sug. “Nee, Ella. Alan is vir werk in Londen. Buitendien, ek sal heel waarskynlik nie sommer van hom hoor nie, hy is seker besig.”

Haar foon lui. Haar hart spring amper by haar keel uit.

“Alan?” vra Ella met 'n lag.

Corinne knik en met 'n vinnige wys van haar hande na die bos blomme waarmee sy besig is, stap sy kombuis toe. Haar stomme hart klop teen die tempo van 'n wegholtrein.

“Hallo, dis Corinne.”

“Hallo, Corinne, dis Alan,” terg hy.

Sy is baie bly niemand kan haar nou sien nie. Nes 'n simpel hoërskooldogter staan en glimlag sy vir iemand aan die ander kant van die foon myle ver van haar af.

“Jy oukei?” Sy hou die telefoon stywer vas, so asof dit gaan help om hom nader te bring.

Sy sug is vol frustrasie. “Nee. Ek het gehoop om vandag terug te vlieg, maar ek gaan eers volgende Vrydag kan terugkom. Daar is 'n vergadering in Nederland waar ek moet wees en dan vlieg ek Italië toe vir nog 'n vergadering. Dit was nie beplan nie, maar ek is nou hier en dis makliker as ek dit so doen.”

“O, oukei.”

“Kan ek jou Vrydagaand sien?”

“Dis die dag voor die troue en ons het ook die ander funksie Vrydagaand ...”

“Natuurlik, ek het vergeet. Maar ons gaan mos ook help. Corinne, ek ...” 'n Paar dowwe swetswoorde volg. “My vlug vertrek, ek moet gaan. Is ... is jy oukei?”

“Ek is oukei.”

“Great. Ek ... ek mis jou. Sien jou by die troue.”

Sy sluk aan die skielike knop in haar keel. “Sien jou by die troue.”

“Corinne ...” Sy stem is dringend.

“Ek mis jou ook,” sê sy sag en druk die foon dood.

OceanofPDF.com

TIEN

Alan keer homself net betyds. Sy vuus was amper in die lug. Maar die glimlag wat diep uit sy binneste kom, kan hy met die beste wil in die wêreld nie terughou nie.

Sy het dit gesê. Sy mis hom. Hy beur tussen die mense deur na die hek waar hy moet wees vir sy vlug Amsterdam toe. Hy het so opgesien na die volgende paar dae, want hy wil terug Suid-Afrika toe met 'n dringendheid wat daagliks aan hom knaag.

Toe Doug egter laat weet van die vergadering in Nederland, en die moeilike kliënt in Italië, het hy geweet hy sal moet bly. Hy kon yster breek van pure frustrasie. Hy wil terug wees in Suid-Afrika, by Corinne.

Hy gaan staan in die tou op pad na die vliegtuig, sit sy tas weg wat nou voller is as vroeër. Vir die ekstra dae moes hy nog klere koop. Nie te veel nie, want Corinne se geskenk vat heelwat plek en hy wil nie met nog bagasie opgeskeep sit nie. Uiteindelik styg hulle op, ver onder die vliegtuig word die huise kleiner, die see groter, sy hart onrustiger.

Corinne, Corinne. Corinne. Haar naam is 'n refrein in sy kop. Nee, sy is baie beslis nie soos die tipe girls in wie hy normaalweg belangstel nie, maar hy wonder nou al dae lank daaroor. Soos sy broers gedurig vra, hoekom hét hy tot op hede vroumense uitgeneem wat loopbaangerig is, hoofsaaklik formele klere dra, wat netjies en insiklik is, vroue wat nie eise stel nie? Dis net, hy hou nie van komplikasies nie – nie tantrums of trane of chaos nie. Daar is genoeg daarvan by die werk. En hy hou daarvan om in beheer te bly.

Maar Corinne is ... Corinne. Anders as enige ander vrou by wie hy al was. Sy is blomme en lag en lig en tullerompe en borde kos en sexy en warm en lang nagte van liefde maak en Iets span styf om sy borskas, maak asemhaling moeilik. By haar is hy glad nie in beheer nie.

Sy het armbande wat gedurig klingel, dra klere wat niemand anders dra nie, haar hare is altyd effens deurmekaar. Sy bring haar Vrydagaande saam met skoolkinders deur, sy gee blomme vir iemand wat dit nodig het.

By haar is dinge deurmekaar, hy is nooit seker wat volgende gaan gebeur nie. Saam met haar sal die lewe altyd onvoorspelbaar, heerlik deurmekaar wees. Maar hy weet ook wanneer hy aan haar raak, word die blou van haar oë pers, vou haar arms om sy nek en gee sy van haarself – vreesloos, met oorgawe, sonder voorwaardes.

Hy onthou haar geboë lyf voor hom oor die stoel, sy hande op haar heupe. Hy het toe al besef die behoefte na haar sit in sy keel, sy lyf en ... Die band om sy bolyf span vir 'n oomblik nog stywer voordat dit heeltemal skiet gee ... en sy hart.

Magtag. Hy vryf oor sy gesig. Sy hart? Dêmmitt, ja, sy blerrie hart. Hy het dit reeds lankal op haar verloor. Hoe de hel het dit gebeur? Wanneer het dit gebeur? Dis tog nie moontlik om binne dae so oor iemand te voel nie, is dit?

Die vliegtuig klief deur die wolke, buite is alles wit, vir 'n oomblik is dit nie duidelik waar bo en waar onder is nie. Agter hom is dowwe stemme, hier en daar 'n gedempte lag. Die volgende oomblik skiet die vliegtuig bokant die wolke uit waar die lig helder en skerp is, die lug blouselblou, en in daardie oomblik weet hy, verstaan hy die chaos in sy binneste.

Hy is lief vir Corinne.

Eintlik het hy haar al lief vanaf die oomblik wat hy haar gesien het. Nee, grinnik hy, nog voor die tyd. Toe hy die geklingel van haar armbande hoor – tóé reeds het iets binne hom geskuif. Of het hy net nog altyd van haar geweet en na haar gesoek sonder dat hy daarvan bewus was?

Gewoonlik snap hy 'n ding vinnig, hoekom was hy dié keer so onnosel? Nie sy tipe girl nie, nie stemmig genoeg nie. Sy eie woorde hamer teen sy ore. Hel. Was hy regtig die idioot wat dit vir haar gesê het? Hoe gaan hy ooit daarvoor opmaak?

Half paniekerig kyk hy om hom rond. Hy moet hier uit, hy moet planne maak, hy moet by haar uitkom. Hy sit terug in sy sitplek. Kalm nou, Sutherland. Planne maak. Dis iets wat hy goed kan doen, en hy het 'n hele week om 'n goed uitgewerkte plan in werking te stel.

Maar sê nou hy's te laat? Sê nou sy ontmoet intussen iemand anders? Iemand wat haar waardeer presies soos sy is, wat nie so onnosel is om vir haar te sê sy is nie sy tipe nie?

Beelde van haar onder hom, haar ledemate verstrengel met syne, flits voor hom en hy ontspan. Hulle was wel net vier dae saam, maar hy ken haar, hy weet hoe werk haar kop.

En wat hy ook onwrikbaar weet ná die tyd saam met haar, is sy voel iets vir hom, anders sou sy nooit toegelaat het dat hy so naby aan haar kom nie. Idioot wat hy is, het hy nog vir haar gevra om niemand anders te sien nie.

Sy gedagtes jaag heen en weer. Êrens wil-wil iets pla, maar die gedagtes flits weer weg. Gelukkig gaan hy die volgende paar dae so besig wees, hy sal nie tyd hê om te veel te verlang nie. Maar daar behoort tyd te wees om al sy planne agtermekaar te kry.

Hy maak sy oë toe en besef hy sit en glimlag soos 'n idioot. Dis ook oukei, hy is 'n idioot. 'n Smoorverliefde een.

Alan se ouers se motor is ook daar toe hy Donderdagaand voor die huis stilhou wat hy met sy broers deel. O, ja. Hy onthou nou. Sy ma het voorgestel hulle kuier vanaand saam om oor al die reëlins te gaan waarvoor hulle verantwoordelik is.

Hy kreun. Verdomp. Hy het alles in die afgelope paar dae probeer druk sodat hy 'n dag vroeër as beplan kon terugkom. Hy wil so gou moontlik by Corinne uitkom, maar uit ondervinding weet hy hy sal eers moet luister terwyl sy ma deur haar lysie gaan.

As dit nie nodig was om te stort en te skeer nie, het hy direk van die lughawe af na Corinne gery. Miskien kan hy maar net terugklim in sy motor en ...

Doug maak die voordeur oop en wink hom nader. “Ma het jou klaar gesien, jy sal maar moet inkom!” Hy hou die deur oop, 'n grinnik op sy gesig.

“Alan!” roep sy ma bly uit toe sy hom sien. “Ek het nie gedink jy sal dit maak nie. Ek is bly jy is hier. Waar is jou tas?”

“Ek ... dis nog in die motor. Ek wil eers gaan stort, Ma, en ek kan nie lank bly nie ...”

“En waarnatoe is jy nogal so haastig?” Haar oë pen hom vas.

Hy skud net sy kop. Hy wil eers met Corinne praat voor hy die nuus met iemand anders deel. “Ek is nou terug.”

In sy kamer haal hy skoon klere uit sy kas. Corinne se geskenk is in sy tas wat nog in die motor is. Presente. Dit het net meer geword oor

die laaste paar dae. Kort-kort het hy iets gesien wat hom aan haar herinner het en dan moes hy dit net eenvoudig vir haar kry.

Hy stort vinnig, trek aan en is halfpad die gang af toe sy ma se woorde by hom insink.

“... slim genoeg om te besluit sy gaan vir Alan ’n les leer.”

Fronsend stap hy nader. “Wie moet vir my ’n les leer?”

Sy ma grinnik net plesierig en vou haar arms. “Het jy al jou les geleer?”

“Waarvan praat Ma?”

Edward staan op en slaan hom op sy skouer. “Wel, as jy nie jou les geleer het nie, ek is heeltemal bereid om by Corinne te leer.”

“Wat bedoel jy?” Waarvan praat almal? Het hy nou in ’n ander werklikheid beland of wat de hel gaan aan?

“Dis jou eie skuld,” snuif sy ma. “Sê vir die oulike kind sy is nie jou tipe nie. Bid jou aan. Wie sê so iets!”

Alan kyk verward na sy ma en broers. “Ek verstaan nie ... watter les? By wie?”

Doug lag hard. “Corinne. Sy wou vir jou ’n les leer. In plaas daarvan om jou na jou peetjie te stuur soos wat enige ander meisie sou doen wat hoor sy’s nie jou tipe nie, het sy ingestem om jou te sien sodat sy vir jou kan wys wat jy gaan mis as jy haar weer los vir ’n ... hoe het jy nou weer gesê? O, ja. ’n Stemmige girl.”

Alan knip-knip sy oë. “Waar hoor Ma dit?”

“Ek en Annabel het gehoor sy vertel vir Ella van die date waarop sy was. Van die simpel vent wat vir haar gesê het sy is nie sy tipe nie, maar hy wil haar tog uitneem. Ek was net so verontwaardig soos sy. En toe sê jy die volgende dag jy het haar die vorige aand uitgeneem. Ek wou dit nie glo nie, maar toe besef ek dit is werklik my seun wat so onnosel is, so ... so ’n stommerik is.” Sy gooi haar hand in die lug. “Ek het nie eens woorde om vir jou te sê hoe sotlik jou optrede is nie.”

“So, het jy jou les geleer?” vra Quinn.

’n Groot geraas vul sy ore, ’n mespunt draai en draai in sy binneste, sy asem word min. Wow.

Sy ma staan ook op, stap na hom toe. “Dit lyk nogal vir my so. Kom, staan nader sodat ons kan eet. Ek wil seker maak julle weet wat Saterdag van julle verwag word.”

“Ma-aa,” kla sy broers in ’n koor, maar Alan luister nie verder nie.

Natuurlik. Dís wat heelyd pla. Hoekom het Corinne hom nie geklap, weggejaag of gesê wat sy van hom dink nie? Hier loop hy dae lank rond, maak planne om verskoning te vra vir sy sotlike optrede, en intussen is sy net besig om vir hom 'n les te leer.

Hy is op die N2 buite die Paarl voordat hy besef hy is op pad na Corinne toe. Vies vou sy hande om die stuurwiel. Hy kan nie glo hy het haar so verkeerd opgesom nie. Sot wat hy is – hy het homself wysgemaak sy moet iets vir hom voel, dis hoekom sy by hom is. Intussen was haar enigste motief om hom 'n les te leer.

Wel, hy het een geleer. Hy was toe al die tyd reg. Hy moes gehou het by die soort vrou wat hy gewoonlik uitneem. Dan het hy nie sy hart verloor op een wat net by hom wou wees om hom iets te leer nie.

Haar rug is af, haar voete seer, maar die blomme is gereed vir môreaand se funksie. Sy en Ella het ook al begin met die ruikers vir Saterdag se troue. Môre maak hulle daarmee klaar en dan kan hulle met die tafelruikers begin.

“Terloops, Corinne, het jy onlangs iets van jou ma gehoor?” vra tannie Lisa toe sy die laaste houer klaarmaak.

“Nee, ek het weke terug met haar gesels toe sy en man nommer ... ses? Ek moet altyd eers somme maak. Toe hulle geskei is. Toe sou sy op 'n bootreis gaan.”

“Sy het my gebel. Sy's terug.”

Corinne rol haar oë. “Op soek na haar volgende sielsgenoot?”

Tannie Lisa glimlag. “Dis maar jou ma se manier van cope, ek het jou al gesê. Sy kom glo eers Kaap toe om jou te sien voor sy teruggaan Johannesburg toe.”

“M'm, in Johannesburg het die soul mates glo meer geld.” Corinne druk haar hand in haar rug en kreun hardop.

“Oukei, ek dink dis eers genoeg. Ons kan môre klaarmaak,” sê tant Lisa met 'n laggie. “My rug is ook af.”

“Ek het gehoop iemand sê dit.” Met 'n kreun gaan sit Ella op 'n stoel.

Corinne kyk tevrede na hulle handewerk. “Ons het goed gedoen. Tannie Lisa, ek weet nie wat ons sonder jou sou maak nie. Alles is gereed vir môreaand se funksie, ons kan alles net gaan regsit op die tafels, maar dit behoort gou te gaan. Ons het dus môre baie tyd vir

Saterdag se tafelrangskikkings. Saterdagoggend kan ons alles gaan uitpak. Die groot werk sal die groot rangskikking voor in die lokaal wees.”

Ella se hand streel oor die bos blomme voor haar. “Ek dink Annabel gaan met alles in haar skik wees.”

“Ek hoop regtig so ...” Corinne kyk op toe die deureklokkie lui. Wie op aarde is dié tyd van die aand ...?

“Alan,” prewel sy, haar bene dadelik heeltemal lam.

Opgewonde soek haar oë syne, maar sy kop is weggedraai, hy knik in die rigting van Ella en tannie Lisa.

Uiteindelik kyk hy na haar. “Corinne.” Sy stem is kortaf, sy oë gesluit. Hy kyk weer na Ella. “Kan julle toesluit?”

“Hoekom?” vra Ella, haar oë op skrefies. Dis duidelik sy voel ook aan iets is verkeerd. Sy stap na Corinne en slaan haar arm beskermend om haar.

“Asseblief, Ella, dis oukei,” paai Corinne haar. Haar hart klop aritmies in haar binneste. So, dis dit. Sy het tog gehoop hy sou ... Haar hart sug. Maar dis duidelik hy het reeds besluit. Hy wil nie eens wag tot die troue om vir haar te sê dis verby nie. Sy tel haar handsak op, haal haar woonstelsleutels uit en stap voor Alan verby na buite.

Sy geur vou haar toe en sy moet haarself keer om nie haar arms om hom te gooi nie. Sy het so na hom verlang en nou is hy hier. Maar nie omdat hy by haar wil wees nie. Dít is baie duidelik.

Hy sluit die woonstel deur oop en voordat sy twee tree gee, gryp hy haar hand en pen haar teen die muur vas. Met sy oë op hare, druk hy sy hande aan weerskante van haar kop.

“Alan, wat?” Sy’s ontsteld, lus vir huil, maar haar lyf is dadelik gereed vir hom.

Hygend staar hy na haar mond, vou sy hand oor haar bors voordat hy afbuk en haar soen. Maar dis nie die soort soene wat sy gewoonlik by hom kry nie. Hierdie een is passievol, ja, maar hy is kwaad.

Met ’n swetswoord druk hy homself weg van die muur af. Hy vryf oor sy gesig. “Ek is jammer.”

Sy trek haar hemp reg. Hy begin heen en weer loop en sy stap kombuis toe, skakel die ketel aan en haal ’n beker met rukkerige vingers uit. Sy het ure laas iets gedrink of geëet.

Eers nadat sy die eerste sluk van haar tee geneem het, draai sy om na hom toe.

“Kom ek maak dit vir jou maklik, Alan. Jy is vies vir my oor een of ander rede. Maar kom ons los dit daar.” Sy lig haar skouer. “Jy was van die begin af eerlik oor wat jy wil hê. Jy wou net seks hê en nou kan jy aanbeweeg. Dis fine. Totsiens.”

Hy stap met lang treë tot voor haar, sy neusvleuels beweeg op en af. “Seks? Is dit al wat dit vir jou was? Jy het dus jou lyf gebruik om my ’n les te leer?”

Sy verstaan nie onmiddellik waarvan hy praat nie. “Les?”

“Ja, asof jy nie weet nie!” roep hy vies uit. “My ma weet, my broers weet. Ek is die enigste sot wat nie weet nie. Ek vlieg ’n dag vroeër terug met ’n tas vol presente vir jou, want ek kon nie ophou om aan jou te dink nie ...”

Sy hoor vaagweg wat hy sê, maar sy het vasgehaak by “les”. Hoe sou sy ma daarvan weet? O ja, sy was die dag hier toe Corinne en Ella gesels het.

“... en moes net alles koop wat my aan jou laat dink, en verdomp elke bleddie ding laat my aan jou dink! En toe kom ek terug en hoor dit was alles net ’n les!” Hy bulder die laaste woord uit.

Dit neem ’n rukkie voor sy besef wat hy sê. Haar asem slaan weg. “Presente?”

“’n Bleddie tas vol. Vir jou.” Hy vou sy hande om haar boarms. “En vir jou was alles net ... ’n les. Wel, jy het geslaag. Ek het ’n les geleer. Ek moes gehou het by die tipe vroumens wat ek gewoonlik uitneem, dan het jy nie my hart gebreek nie.”

Hy draai op sy hak, storm voordeur toe en gooi dit daverend agter hom toe. Teen die tyd dat Corinne haar asem terugkry, is die geluid van sy voetstappe wat wegstap lankal weg.

Wat het so pas gebeur? Alan het nie vir haar gesê hy wil haar nie weer sien nie. Hy het vir haar gesê sy het sy hart gebreek, het hy nie?

Sy probeer elke woord onthou wat hy gesê het. Iets van ’n tas vol presente en hy dink aan haar en sy het sy hart gebreek.

Hart gebreek. Maar ’n hart kan net gebreek word as die hart ... Dit kan nie wees nie! Is dit moontlik? Alan lief vir haar? Maar as hy lief is vir haar, hoekom het hy weer weggery sonder om dit vir haar te sê?

Sy gryp haar handsak. Die ellendige mansmens! Sy het lankal van die les vergeet, maar hy weet dit nie.

Vervaard pluk sy haar deur oop, gereed om Alan te agtervolg. Maar sy sluk 'n wind.

“Ma?” Voor haar deur, haar hand gereed om te klop, staan haar ma.

OceanofPDF.com

ELF

“Ek hoor by Lisa daar is iemand in jou lewe,” sê haar ma en neem ’n sluk van haar tee.

Corinne skud haar kop. Sy is nog uit die veld geslaan. Haar kop is vol van Alan, sy was op pad na hom toe, maar toe’s haar ma voor haar deur. Tannie Lisa het gesê haar ma kom Kaap toe, maar sy het nie besef sy is al klaar hier nie.

“Ek ... het so gedink, gehoop, maar nee, Ma, daar is nie. Tot wanneer is jy hier rond?”

“Wel, Lisa het laat blyk julle het môre hulp nodig vir een of ander troue?”

“Ons is besig, maar ons behoort reg te kom, dankie.”

Haar ma buk vooroor en druk haar hand. “Ek wil graag help, my kind, en ek is nou hier.” Sy trek-trek aan haar horlosie. “Ek ... was nie ’n goeie ma vir jou nie, ek is jammer. Lisa sê vir my jy het ’n skewe beeld van mans omdat ek al so baie keer getroud was.”

“Ma, regtig, dis nie nodig ...”

Haar ma lig haar hand. “Gee my ’n kans? Ek wil probeer verduidelik. Jou pa was my alles. Ek onthou die dag so goed toe ek hom vir die eerste keer gesien het. Ek en ’n vriendin was in die dorp en het voor die venster verbygestap van die kantoor waar jou pa gewerk het. Hy vertel hy het opgekyk, my gesien en net daar gewee hy wil met my trou. Hy het agter my aangehardloop en my uitgevra vir koffie. En binne die bestek van minute het ek my hart verloor. Sommer so. Toe hy so skielik weg is ... ek wou nie alleen wees nie, en elke keer dink ek dalk is die volgende man soos jou pa, dalk kan ek hierdie keer weer voel wat ek by hom gevoel het, maar wat tussen my en jou pa was, is ’n eenmaal-in-’n-leeftyd soort liefde.” Haar glimlag is skeef. “Ná vyf ander mans is ek van een ding seker – maak seker jy is by iemand wat jou liefhet soos jy is, wat jou aanvaar, geite en al. Met ander woorde, maak seker jy is by jou soul mate. Dit beteken natuurlik nie alles verloop heeltyd vlot nie, dis nie soos die lewe werk nie, maar jou sielsgenoot is die een wat jou die meeste laat voel. Jou pa was ... onverwags. Ek het nie daardie dag gedink ek sal iemand soos hy

ontmoet nie. En hy het my aanvaar, hy was lief vir my net soos ek is. Sonder enige voorbehoude.”

’n Knop so groot soos ’n tennisbal sit in Corinne se keel. “Mamma ...”

“Moenie dat my foute jou weerhou om jou hart oop te maak nie ...”

“Maar ek hét my hart oopgemaak! Dis presies wat gebeur het en nou ...” ’n Snik ruk los en haar ma vou haar in haar arms toe. “Ek is nie wat hy wil hê nie,” huil sy teen haar ma se bors.

Haar ma se hande streel ritmies oor haar hare. “Jy is perfek net soos jy is. As hy te onnosel is om dit te besef, is hy beslis nie die man vir jou nie. Soms is dit nodig om ’n kompromie aan te gaan, maar moenie verander wie jy is nie.”

Alan se ma begin praat aan die ander kant van die lyn nog voor hy behoorlik gegroet het. Hy het amper nie die oproep geantwoord nie, maar hy het geweet sy ma is kapabel en bel op die landlyn of erger nog, kom hier by die werk aan. Dis Vrydagoggend, hy het gisteraand te veel rooiwijn saam met sy broers gedrink, te min geslaap, te veel verlang. Sy bui is vieslik, om die minste te sê. Hy is seer en moerig en befoeterd.

Hy kan yster breek. Dêmmmit, hierdie emosionele twak het hy nie in sy lewe nodig nie. Alles is ’n gemors, hy het ’n pyn in sy binneste wat nie wil verdwyn nie en dit oor ’n vroumens.

Wat hom die meeste ontstel, is dat hy so ontsteld is. En verdomp, hy het amper weer heeltemal beheer verloor toe hy by haar was. Kwaad soos hy was, het sy lyf oorgeneem en wou hy haar bed toe sleep. Praat van morsig – die hele ding is een groot gemors.

Hy mis haar – elke oomblik van elke minuut van elke dag en ook tussenin – iets wat seker vir niemand anders kan sin maak nie.

“Ek hoor jy is kwaad vir Corinne?” Sy ma klink bitter vies. “As jy nie so groot was nie, het ek jou oor my skoot getrek!”

Alan kan die glimlag nie keer nie. Die prentjie van sy tenger ma wat hom ’n pak gee, is vrek snaaks.

“Ma, regtig ...”

“... maar jy’s nie te oud dat ek vir jou kan sê hoe onnosel jy optree nie. Ek kan nog steeds nie glo dat ’n kind van my so iets vir ’n vrou kan sê soos wat jy vir Corinne gesê het nie ...”

“Ek was net eerlik ...”

“Jy kan vir jouself sê wat jy wil, maar ek ken jou. Jy sou nie soveel tyd by haar deurgebring het as jy nie iets vir haar voel nie en ...”

“Ek weet.”

“... as jy te onnosel is ...” Sy ma trek haar asem skerp in. “Wat sê jy?”

“Ma is reg. Ek is lief vir haar.”

Die woord wat sy ma oor die foon sê, het hy nog nooit uit haar mond gehoor nie.

“Ma!”

“So, wat gaan jy daaromtrent doen?”

“Daar is niks te doen nie, Ma. Sy voel nie dieselfde nie, dis tog duidelik.”

“Alan! Amper sê ek weer ’n lelike woord. Dis onsin en jy weet dit. As jy regtig lief is vir haar, sal jy weet sy is nie die soort vrou wat by jou in die bed sal spring ...”

“Ma!”

“... as sy nie ook iets vir jou voel nie. Dis jou besigheid, maar ek hoop regtig jy kom oor jouself.”

Die volgende oomblik is die lyn dood. Verontwaardig staar Alan na sy foon voor hy dit op die tafel gooi. Nou’s hý die skurk in die verhaal? Verdomp, hy het dit nie nodig nie.

“Alan?” vra Sonet van die deur af.

“Wat?” snou hy haar toe.

Sy lig haar wenkbrou en kyk teen haar neus af na hom. “Jy blaf vir almal vandat jy hier aangekom het vanoggend. Gaan huis toe. Jy’s onsmaaklik.”

Moerig sit hy agteroor in sy stoel. Wel. Hel.

Vrydagaand sukkel hy om aan die slaap te raak. Hy het niks, absoluut niks vandag reggekry nie. Almal het wye draaie om hom geloop. Hy wens hy kan wye draaie om homself loop. Sonet was reg, hy is onsmaaklik.

Môre trou Doug. Sy ouer broer is so opgewonde soos ’n skoolkind en vertel vir almal wat wil luister hoe mal hy oor sy aanstaande bruid is.

En hy verstaan. Presies. Want hy voel net so oor Corinne. Maar sy ... Vir 'n oomblik hou hy nog aan die woede vas, maar toe blaf hy 'n lag uit.

Hy sit regop en skakel die bedliggie aan. Hulle is almal reg. Sy ma is reg. Sy broers is reg. Corinne is reg. Sy moes natuurlik vir hom 'n les leer.

Hy was arrogant, idioties en alles wat sy mense hom al genoem het. Punt is, hy is lief vir Corinne. En sy voel iets vir hom. Maar hy het haar soveel goed Donderdagaand toegesnou, sal sy hom ooit kan vergewe?

Tienuur Saterdagoggend hou hy agter sy broers se motors stil voor die lokaal op die wynplaas waar die troue gaan plaasvind. Hy is opgewonde, bekommerd, op sy senuwees. Dis sy kans om dinge tussen hom en Corinne reg te maak. Hy mag dit nie opfoeter nie. Hy wou al eerder hier wees, maar Doug se foon is om verstaanbare redes vandag af en hy moes die vroegoggendkrisisse hanteer. In hulle besigheid is daar nie naweke nie, en probleme steur hulle nie aan hartsake nie.

Die geklingel van haar armbande bereik sy ore nog voor hy haar sien. Sy oë soek dadelik na haar. Heel voor in die lokaal staan sy, besig met 'n reuserangskikking. Sy het 'n wit kortbroek aan by 'n ligblou toppie met dun bandjies. Begeerte steel dadelik elke bietjie suurstof in sy lyf. Bliksem. Hy kyk vinnig weg.

Sy broers is reeds daar, elkeen besig om iets te doen. Selfs die bruidegom loop heen en weer tussen die tafels met bakke blomme.

Ella, Corinne se tante en nog 'n ander vrou is besig om potte blomme op die lang rye tafels uit te pak. Ella kyk op, gee hom 'n vuil kyk en gaan aan met haar werk. Die vreemde vrou kyk op, vang sy oog en sit haar skêr en die blomme in haar hand neer en stap op hom af.

Toe sy nader kom, herken hy die blou van haar oë – dis dieselfde as Corinne se oë.

“Hallo,” groet sy met 'n effense glimlag. “Ek is Charlotte, Corinne se ma. Jy moet Alan wees? Ek het reeds jou broers ontmoet.”

Hy knik en steek sy hand uit om haar te groet. Maar sy glimlag, en voor hy weet wat sy beplan, is haar arms om hom.

“Jy's lief vir my dogter, gee my 'n drukkie.”

Verbaas ruk sy kop terug.

Sy lag en beduie na sy gesig. “Dit staan oor jou gesig geskryf. Kom stap saam met my, ons moet gesels.” Sy haak by hom in. “Ek dink ons het heelwat om oor te praat.”

Die oomblik toe Alan by die lokaal instap, het Corinne dit geweet. Die heerlike tinteling wat deur haar lyf gaan wanneer hy in die nabyheid is, is altyd ’n aanduiding. Sy het haarself egter gedwing om nie in sy rigting te kyk nie en forseer haarself nog steeds om rustig aan te gaan met haar taak.

Met groot moeite konsentreer sy op die blomme. ’n Paar takkies wit narsingblommetjies vir begeerte, stephanotis-blommetjies vir geluk in die huwelik en baie takke gipskruid vir ewigdurende liefde. Natuurlik ook hier en daar ’n takkie roosmaryn vir die onthou.

Sy haal diep asem en druk ’n hand teen haar hart. Dis toe tóg moontlik om aan te gaan met gewone dinge terwyl haar hart iewers in ’n lugleegte ronddobber, uitmekaargebreek, soekend na ’n lêplek. Niemand moet vandag selfs net gaaf wees met haar nie, want as sy eers begin huil, gaan dit ’n vreeslike tranedal afgee en sy dink nie sy sal kan ophou nie.

Uiteindelik laat sy haarself toe om op te kyk, maar Alan is nie meer in die lokaal nie. Haar ma ook nie, sien sy. Dankie tog, hy is hopelik weer terug werk toe of iewers ver hiervandaan.

Haar ma het haar plan om gisteraand agter hom aan te hardloop in die wiele gery en dis ook maar goed so. Sy het intussen tyd gehad om te dink. Op die oomblik is sy moeg, en hy is baie beslis nie op ’n plek waar hy bereid is om na haar te luister nie. Dit was gisteraand baie duidelik toe hy weggestorm het.

Sy is tog bly sy en haar ma kon gesels. Hoekom haar ma doen wat sy doen, sal altyd vir haar moeilik wees om te verstaan, maar sy sal probeer. Wat sy wel verstaan, is wat liefde aan ’n mens kan doen en hoe absoluut verlore jy is wanneer die persoon aan wie jou hart behoort, nie meer deel van jou lewe is nie.

’n Eenmaal-in-’n-leeftyd soort liefde, soos haar ma dit noem.

Alan is haar een-en-enigste. Haar sielsgenoot, haar twin flame, wat jy dit ook al wil noem. Hy is die een wat haar dinge laat voel wat sy nog nooit ervaar het nie. Nou is hy vies vir haar oor die “les” wat sy hom wou leer.

Die enigste rede hoekom sy nie heeltemal uitmekaarval nie, is omdat sy vashou aan twee dinge wat hy gesê het – hy het ’n tas vol presente van oorsee saamgebring en hy’t gesê sy hart het gebreek. Dit moet tog iets beteken, of hoe? Sy is nie heeltemal seker wát nie, maar êrens in haar binneste flikker hoop, al is dit wel flouerig.

“Tannie Lisa, Ella wat dink julle?” roep sy en staan terug om na die blomme te kyk.

Agter haar hoor sy die twee vroue se voetstappe. Toe stilte.

Sy kyk vinnig om. “Wat?” vra sy, ontsteld. “Wat is verkeerd? Hoekom lyk julle so? Dis tog die mooiste blomme ...”

Tannie Lisa beduie na die ruiker en vee oor haar een wang. “Jy’s reg. Dit is verskriklik mooi, maar dit laat my huil.”

Ella staar ook met groot oë na die ruiker. “Dis die mooiste wat ek nog gesien het, die lieflikste ruiker wat jy nog ooit gemaak het.” Sy vee ook oor haar gesig. “Dis almal happy blomme van liefde en die huwelik en hoop, maar ek weet nie, iets is nie reg nie. Ek is ook tranerig.”

Ontsteld draai Corinne terug na die blomme. Hulle is reg. Die branderigheid wat al heeloggend agter haar oë huiwer, raak erger. Die effek van die rangskikking is glad nie wat dit veronderstel was om te wees nie – sy wil ook huil.

’n Traan rol oor haar wang. “Dis nie veronderstel om jou te laat huil nie,” sê sy met ’n snik en begin blomme uittrek. “Ek ...” Maar toe kan sy nie meer sien nie, die trane kom sommer net.

Tannie Lisa vou haar arms om haar en vat die blomme uit haar hande. “Hartjie, gaan stap ’n draai. Dis ’n pragtige ruiker, ek dink jou gemoed is ... oorvol. Jy werk nou al van vroegoggend af volstoom. Gaan kry suurstof buite in jou longe, ek maak vir jou ’n koppie tee.”

Corinne loop blindelings tot by die naaste uitgang en volg ’n voetpaadjie wat om ’n dam kronkel tot by ’n groot boom waar ’n tafel en banke onder die skadu van die groot takke ’n mens uitnooi om te kom sit. Sy neem plaas op een van die banke, lig haar kop en kyk na die berge deur die blare van die boom.

Drie weke gelede was sy dolgelukkig met haar lewe. Sy is heeldag tussen blomme, haar absolute passie in die lewe. Sy het wonderlike vriende, sy sien haar geliefde tante gereeld – sy was heeltemal gelukkig om alleen te wees. Waarvan sy hou en waarvan sy nie hou

nie, is iets waaroor sy lank terug al besluit het. Haar kleresmaak is dalk nie almal s'n nie, maar dit maak haar gelukkig. Niemand anders hoef so te lyk nie en niemand anders hoef daarvan te hou nie.

En toe stap die Sutherlandbroers in haar winkel in, en een van hulle maak 'n sluimerende emosie in haar wakker. En nou kan sy verdomp nie eens meer doen wat sy altyd doen nie. Om blomme vir troues te rangskik is een van die groot lekkertes van haar lewe, maar dit was voor Alan Sutherland haar hele lewe omvergegooi het. Voor hy haar hart flenters gebreek het.

Die groot rangskikking waarmee sy besig was, is veronderstel om die middelpunt van die vieringe te wees. Dis veronderstel om vrolik te wees, mense moet glimlag wanneer hulle dit sien, nie huil nie. Dis 'n troue, verdomp.

“Corinne.” Die stem agter haar is sag, maar ferm.

Haar hart sug. Sy vee oor haar gesig. “Alan.” Hulle moet seker praat, al is dit verby.

Hy sak langs haar af op die bank. Uit die hoek van haar oog sien sy hy hou 'n bos los blomme in sy hande vas. En toe is sy sommer weer van voor af vies.

“Alles is 'n gemors. Selfs die rangskikking waarmee ek besig is, wil nie werk nie en dit het nog nooit gebeur nie!” Gefrustreerd gooi sy haar hand in die lug.

Hy sit die blomme versigtig op die bank langs hom neer. “Wat bedoel jy?”

Sy gee hom 'n vies kyk. Dis duidelik die man verstaan nie wat hy aangevang het nie. Hy het in haar lewe gestorm, sy het vir hom lief geword en hy het nie 'n flippen clue nie.

Opgewerk en geïrriteerd met die hele situasie, draai sy na hom terwyl sy die trane van haar wange vee. “Die groot rangskikking voor in die lokaal? Dis veronderstel om 'n boodskap van ... van liefde en van 'n nuwe begin en van begeerte en van ewigdurende liefde aan te dui, maar dit maak mense hartseer, want ék is hartseer, want ...”

Met sy blou oë op haar lig hy sy hand en vee 'n traan wat oor haar wang rol met sy duim af. “Want ...?”

“Want ...” Sy kyk op in sy gesig en haar asem raak min. Iets is anders. “Jy's nie meer kwaad vir my nie.”

Hy skud sy kop. “Want ...?” vra hy weer.

Sy frons. “Ek weet nie meer waarvan jy praat nie.”

“Jy’t gesê jy’s hartseer, want ...?”

Sy wil wegdraai, maar hy vat haar ken tussen sy vingers vas.

“Sal dit help as ek vir jou sê ek het my les geleer?”

Sy oë sê baie meer, maar sê nou sy lees verkeerd? “Watter les?”

Hy glimlag skeef, vee met die agterkant van sy vingers teen haar wang. “Die een wat jy my wou leer. Jy sien, ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Ek het nou eers agtergekom watter tipe girl ek regtig wil hê. Vir die eerste keer weet ek nou presies waarna ek nog altyd op soek was.”

Haar hart ruk tot stilstand. Iewers op die agtergrond slaan ’n motordeur toe, die takke ritsel in die wind en stadig, versigtig, begin haar hart weer klop. “En watter tipe is dit?” kry sy uit.

Hy trek haar nader aan hom, lig haar bene op en sit dit oor syne. Toe sy styf teen hom sit, praat hy weer. “Die tipe wat enige tyd van die dag of nag ’n tulleromp dra, wat kaalvoet kos bedien, wat met blomme werk, wat omgee vir ander mense. Ek het gedink ek het orde in my lewe nodig, want daar is soveel chaos by die werk. En by jou ry my emosies wipplank, is daar alles behalwe orde, want ...” sê hy en lig haar gesig weer op, maar hy praat nie verder nie.

Vir lang minute kyk hulle in mekaar se oë. Alles wat sy wil weet, lees sy in syne, maar sy wil die woorde hoor.

“Want?”

Hy grinnik. “O, jy wil nie sê nie, maar ek moet sê?” Sy glimlag verdwyn en hy vou haar gesig in sy hande toe. “En dis ook oukei. Jy het my hart gesteel sonder dat ek dit besef het. Ek is lief vir jou, Corinne. So verskriklik lief. ’n Lewe sonder jou is nie iets waaraan ek wil dink nie.”

Haar hart bars oop, vreugde ontplof en die sterre wat nog nie verskiet het nie, skiet nou ook tot in ander wentelbane. En toe is dit so maklik om te glimlag.

“Ek weet.”

Hy lig ’n wenkbrou. “O, nè? En hoe weet jy?”

Sy lig twee vingers op. “Jy was Donderdagaand so kwaad vir my, maar jy het twee dinge genoem wat my hoop gegee het. Jy’t ’n koffer vol presente vir my gebring én jy’t gesê jou hart het gebreek. En ’n hart kan net breek ...”

“... as jy dit op iemand verloor het.” Sy lippe gly oor haar gesig, terg haar mondhoeke.

“Soen my,” prewel sy.

“Ek wag nog,” prewel hy.

Sy hou haar dom en probeer sy lippe met hare vasgryp. “Waarvoor?”

“Jy weet.”

Sy vou haar arms om sy nek. “Jy weet hoe ek voel.”

Hy knik. “Ek weet, maar ek wil die woorde hoor. Dis nodig vir my om die woorde te hoor.”

Die effense onsekerheid steel die laaste stukkies van haar hart. “Natuurlik is ek lief vir jou! Ek is heel simpel oor jou. Vandat jy in my lewe gekom het, maak ek net ruikers met blomme wat dieselfde taal as die liefde praat, met ...”

Voor sy klaar praat, het hy die blomme wat hy in sy hande gehad het weer opgetel. Hy lig ’n takkie gipskruid op. “Ek sê nie altyd die regte ding nie, ek het nie altyd die regte woorde nie. Toe dink ek as ek jou taal praat, die taal van blomme, kan ek dalk oordra wat ek voel, kan ek dalk begin om vir jou te sê hoe diep ek voel. Maar ek het nie baie tyd gehad om dit te leer nie, jou ma het vinnig verduidelik, maar as ek reg is, is hierdie een vir ewigdurende liefde, of hoe?”

Verstom staar sy na hom. “My ma?”

“Jy’t haar oë. Sy het my van jou pa vertel.” Hy sit die takkie op haar skoot.

Corinne snuif en tel die takkie op. “Jy onthou goed. Dis reg, ja.”

Hy tel ’n aster op. “Hierdie een vra sal jy asseblief geduldig wees met my?”

Sy knik.

“En met hierdie ...” sê hy en tel ’n bos wit tulpe en rooi rose op, “met hierdie wil ek vir jou sê ...”

Haar hart breek eenvoudig oop en ’n heerlike hitte sprei deur haar lyf. “Jy’s lief vir my.”

Sy blou oë blink. “Ek is oneindig lief vir jou.” Met ’n skitterwit glimlag buk hy af en soen haar. Van oorkant die water kom gille en fluite.

Hy lig sy kop op en lag. “Ons het gesorg vir ’n hele opvoering, lyk dit my.”

Toe sy omdraai, staan sy hele familie, Ella, haar ma en tannie Lisa aan die oorkant.

“As julle nou klaar gevry het, kan ons klaarmaak hier binne?” skree Doug. “Ek trou vanmiddag!”

Corinne spring op, die blomme styf teen haar lyf gedruk. Sy gryp Alan aan sy hand en begin terug draf. “Jy sal nou moet help. Ek het ’n yslike rangskikking wat ek moet oordoen. En hierdie keer gaan dit werk, want ek is so, só gelukkig! Ek weet presies watter blomme ek nou wil gebruik.”

Hy tel haar in sy arms op en laggend hardloop hy met haar tot waar hulle familie en vriende wag.

TWAALF

“O. Liewe. Aarde,” prewel Ella wat langs haar staan en begin haarself koel waai met die program.

Corinne verstaan presies hoe Ella voel. Sy kan ook enige oomblik in vlamme uitslaan. Die Sutherlandbroers kom een vir een ingestap, almal uitgedos in volle Skotse drag – die Sutherland-kilts in blou, rooi en groen geruite stof, Prins Charlie-baadjies, dolke, sporrans met kettingbande, lang wit sokkies. Die testosteroonvlakke in die klein kapelletjie styg aanvoelbaar.

“Dink jy waaraan ek ook dink?” giggel Ella half histeries onder haar asem.

“Ella!” probeer Corinne haar stilmaak.

“Wat hét hulle onder daai sexy rokkies aan?”

Alan vang haar oog en selfs oor die afstand brand die lig in sy oë ’n pad deur haar hart tot in haar siel oop.

Ná hulle gesels vanoggend was daar nie baie tyd oor om die groot rangskikking klaar te kry nie, maar Alan het ewe geduldig langs haar gebly, blomme aangegee, takke wat sy eenkant toe gegooi het, opgetel en weggedra, koppies tee en water aangedra.

Intussen het haar ma en tannie Lisa die tafels klaar versier, en toe sy tevrede was, kon sy en Ella gaan aantrek. Eers nadat sy vir Ella afgelaai het, het sy haar ma se woorde van kompromieë maak onthou en het sy by die winkels ’n draai gemaak.

Hy’s lief vir haar. Sy’s lief vir hom. En dit was toe maklik om ’n rok te koop waarvan hy sal hou. Een wat vir hom wys sy is lief vir hom. Een wat meer stemmig is, soos hy verkies.

Sy oë gly oor haar en hy frons effens. Wat is nou weer fout? Hoekom frons hy? Hulle het tog al die probleme uit die weg geruim.

Langs haar sug Ella diep. “Die man gaan jou voor die einde van die aand met sy oë opvreet.”

Corinne blaas haar asem rukkerig uit terwyl haar hart wild in haar binneste bokspring. O, sy hoop so. Vuriglik.

Alan sien vir Corinne raak die oomblik toe hy saam met sy broers by die klein kapelletjie instap. Maar wat ...? Iets is anders aan haar, maar

hy kan nie dadelik agterkom wat dit is nie.

Die musiek word harder, die bruid en haar pa verskyn in die deur en almal staan op. En toe sien hy die rok wat Corinne aanhet. Wat de hel?

Dwarsdeur die kort seremonie blaas hy verontwaardig deur sy neus. Wel, daar is net een ding om te doen. Gelukkig is die tas nog in sy motor. Tussen al die chaos deur het hy nog nie kans gehad om dit uit te haal nie.

Dêmmit, hy het tog vir haar gesê hoe hy voel. Presies gesê, maar klaarblyklik glo sy hom nog nie. Hy sal haar moet wys hy bedoel wat hy gesê het. As hierdie bleddie konsert nou net kan klaarkry.

Uiteindelik sê die dominee die enigste woorde waarvoor Doug skynbaar gewag het. Met 'n kreet buig sy bruid oor sy arm en onder fluitgeluide en handeklap soen hy haar.

Dankie tog. Die bruidspaar gaan nou foto's laat neem. Dalk is hy laat en mis hy van die groeffoto's, maar dis ook maar orraait. Daar is nou iets baie belangriker om te doen as om vir flippen foto's stil te staan.

Hy moet seker maak Corinne verstaan eens en vir altyd presies hoe lief hy haar het.

Die oomblik toe die gaste na die onthaallokaal begin beweeg, stap hy op Corinne af. Sy en sy ma is aan die gesels, maar hy gryp Corinne se hand.

“Ek gaan laat wees vir die foto's, Ma,” sê hy. “Verskoon ons.” Sonder om weer om te kyk, trek hy Corinne agter hom aan.

Sy rem aan sy hand. “Alan, wat gaan met jou aan? Ek gesels met jou ma. Dis baie ongeskik om net weg te stap. Sy was in die middel van 'n sin ... Alan!”

Hy het naby die lokaal parkeer en hulle is gou by sy motor.

Uitasem draai Corinne na hom toe. “Alan, wat op aarde gaan met jou aan? Ek het gedink ons het die hele ding uitsorteer, hoekom ...?”

“Ek het ook gedink ons verstaan mekaar, maar kyk wat het jy aan!”

Verstom kyk sy af na haarself. “Maar ek het gedink dis waarvan jy hou!” roep sy uit. “Jy is die een wat so aangegaan het oor 'n stemmige girl. Wel, ek is stemmig. 'n Stemmige grys rokkie, pêrel-oorbelle, plat skoene. 'n Kompromie. Ek wou vir jou wys ...”

Hy swets lank en hard. Haar oë rek.

Doelgerig stap hy na die motor se katterbak, sluit dit oop en haal 'n tas uit. Hy druk die katterbak toe en gryp haar hand. Met lang treë stap hy aan na die gastekamers op die plaas en trek Corinne onseremonieel agter hom aan.

“Alan, regtig, hierdie Neanderthal-gedrag doen dit nie vir my nie, oukei?” Sy ruk haar hand uit syne.

Maar hy ignoreer haar, stap net aan en gaan in by die suite waar Annabel vroeër aangetrek het. Hy sit die tas op die bed neer.

“Draai om,” beveel hy, sy kake styf opmekaargeklem.

Sy wil haar vererg, maar daar is 'n lig in sy oë wat haar kort van asem maak. Sy keer haar rug op hom.

Hy trek die rits van haar rok af en dit val tot op die grond.

“Skop asseblief daai plat nommertjies wat jy aan het, uit.”

Sy kners op haar tande, maar sy trek haar skoene uit.

Hy draai haar terug sodat sy weer vir hom kyk.

“Ek was 'n sot. Jy's absoluut beeldskoon net soos jy is. En ek is mal oor wat jy aantrek, oor hoe jy lyk. Jy is presies my tipe girl – tulleromp, sexy kantbroekie ...” Hy druk sy hand in haar amperse Bridget Jones-nommertjie en pluk dit af, “... deurmekaar hare ...” Hy lig sy hande en trek die knippies wat haar hare ewe sedig op haar kop vasgehou het, een vir een uit. “En belaglik hoë hakke.”

Sy oë gly oor haar. Al wat sy nog aanhet, is 'n bra.

“Ek het ...” Hy sluk en beduie wild na sy tas op die bed. “Ek het vir jou presente gekoop, jy moet dit aantrek, ons het nie baie tyd nie, maar ek moet net eers ...” Hy buk af en soen haar.

En net so vergeet sy hoekom sy vies was, vergeet sy hoe moeg sy is, vergeet sy van alles. Sy soen neem die lang, onseker en hartseer ure weg en steek 'n vuur in haar binneste aan.

Uitasem ruk hy sy kop op. “Die foto's, ons gaan laat wees ...” Maar terwyl hy praat, lig hy haar op.

“As ons laat is, is ons laat,” prewel sy en druk haar hande in sy hare voordat sy hom soen.

Hy sit haar op die kas langs die bed neer en stap tussen haar bene in. Sy oë vonkel. “Gelukkig het ek 'n kilt aan,” grinnik hy, pluk sy romp eenkant toe en voordat sy haar volgende asemteug kan skeep, is hy deel van haar.

“Ons het gewonder ...” giggel sy voordat sy volgende beweging haar asem steel.

“Kyk vir my,” kners voordat hy begin beweeg.

Hy begeer haar, hy’s lief vir haar. Net soos sy is. Die boodskap vlam uit sy oë. Hy trek haar vorentoe, maak haar bra los en soos een wat lank dors was, vou sy lippe oor haar kloppende bors.

’n Storm ruk haar eenvoudig van haar voete af en sy slinger hulpeloos mee. Vinniger en al vinniger word sy weggeruk totdat sy ophou asemhaal, ophou dink, ophou hoor en al wat oorbly, die gevoel van sy lyf diep binne hare is.

Met ’n sug vou haar arms om sy nek sodat hulle saam oor die kruin tuimel en geruisloos val en val en val tot waar die waters kalmer is.

“Jy,” hyg hy laggend uit en soen haar voorkop, “... jy gaan nog my einde beteken. Jy moet aantrek, my ma slag my lewendig af as ek laat is vir die foto’s!”

Haar oë is halfmas, haar glimlag tevrede. En die behoefte om van die res van die wêreld te vergeet, baie, baie uitlokkend.

Hy vee oor haar deurmekaar hare. “Glo my, die laaste ding waarvoor ek nou lus is, is om terug te gaan. Maar dis my oudste broer se troue ...”

Nog voordat hy klaar gepraat het, het sy van die kas af gespring en haar bra weer vasgemaak. “Gee my vyf minute. Wat sal ek aantrek? Obviously gaan die grys nommertjie nie werk nie,” terg sy.

Hy sidder merkbaar. “Asseblief tog nie. Die girl wat my hart gesteel het, lyk beslis nie so nie. Hierso, kyk of dit pas. Dis ...” Hy keer die tas om, “... alles joune. Ek het dit vir jou gekoop – in Londen, in Amsterdam, in Rome,” beduie hy wild. “Alles het my aan jou laat dink.” Hy is uitasem toe hy klaar gepraat het.

Sy trek haar asem vinnig in en gryp die pienk kant-en-satynnommertjie wat uitgeval het, baie soos die een wat hy verniel het.

En dadelik is hy weer gereed vir haar. Hy gryp die kledingstuk uit haar hande.

“Um, wag eers.” Hy lig ’n poeierblou tulleromp van die bed af op. “Ek het hierdie een op die lughawe in Londen gesien en net geweet dis joune. Kyk of dit pas?”

“Dis so, so mooi!” sug sy en druk eers die romp laggend teen haar vas voordat sy dit aantrek. Sy draai op haar tone in die rondte. “Dit pas perfek! Hoe’t jy geweet van die grootte?”

“My hande pas om jou middel.” Hy vou sy hande om haar middel.

Haar oë word donker. “Alan ...”

Hy lig ’n toppie van die bed af op. “Die vrou in die winkel het gereken hierdie dingetjie sal ook pas.”

Sal sy ooit weer normaal kan asemhaal? Hierdie sexy Skot veroorsaak kort-kort dat sy te min suurstof het. Die donkerblou fluweeltoppie het dun satynbandjies en sal perfek by die tulleromp pas. Dis net ...

“Ek ... sal my bra moet afhaal.”

Hy kreun hardop. “Bliksem, vroumens. As ek die aand oorleef ...” Met rukkerige hande maak hy weer haar bra los.

Met sy oë brandende kole vuur op haar lyf, glip sy die toppie oor haar kop. Hy draai haar sodat sy in die spieël kyk. Van agter vou sy arms om haar lyf en hy buk af sodat sy lippe teen haar oor is.

“Ek het vroeër ’n fout gemaak. Jy is nie my tipe girl nie. Jy is die enigste een vir my.”

“Alan ...”

“Nog een item. Wel, seker eintlik twee.” Hy draai om.

“En ... um ... wat van dáárdie item,” glimlag sy en wys na die pienk nommertjie wat nog steeds op die bed lê.

“Later,” beduie hy.

Sy hou hom in die spieël dop. Toe hy omdraai, het hy ’n paar silwer sandale met hemelhoë hakke in sy hande. Hy kniel voor haar en lig haar een voet op. Die sandaal pas perfek. Sy hande gly oor haar enkel, trek-tek aan die kettinkie wat sy altyd dra.

“Hierdie dingetjie,” fluister hy, “maak my heeltemal, heeltemal mal.” Toe gly sy hande verder sentimeter vir sentimeter op teen haar been, haar knieë word jellie.

“Alan ...” Sy sluk toe hy die ander sandaal aantrek en weer sy hande stadig, ondersoekend teen haar bene op laat glip. Hierdie keer weier haar knieë om haar regop te hou en sy sak op die bed neer.

Met sy oë soos kole vuur op haar, skuif hy vorentoe op sy knieë. Hy skuif haar romp op, druk haar bene na die kante toe om plek te maak vir hom.

Met sy kake styf opmekaargeklem, sy oë koorsig op haar, gly sy hande van haar voete af tot bo teen haar bene, tot waar sy hom die nodigste het.

Sy kop sak af, sy oë op haar. “Ek moet net eers aan jou proe voor ek my die res van aand kan gedra.” En toe sy mond oor haar vou, het sy net kans om na haar asem te snak voordat sy weggespin word in ’n waansinnige warrelwind.

En êrens in die middel van die storm kry haar hart sy lêplek.

“Wel, ek dink dis die mooiste blomme wat ons nog vir ’n troue gedoen het,” sug Ella.

Corinne sug, haar oë op Alan wat met die bruidegom gesels. “Alles is wonderlik.”

Ella lag. “Ek dink nie ons praat heeltemal van dieselfde ding nie, maar toemaar. Ek weet nie wat tussen die kerkseremonie en die onthaal gebeur het nie, maar jy straal behoorlik. En kan ek maar net sê – hierdie outfit is baie meer jy as daai grys nommertjie. Belowe my jy sal nooit weer so iets aantrek nie. Dis net baie verkeerd.”

Corinne kyk af na die lieflike blou sagte lae en lae tulle van die romp. “Alan het dit vir my saamgebring van oorsee. Om die waarheid te sê, alles wat ek nou aanhet, het hy gekoop. Dieselfde man wat vir my gesê het ek is nie stemmig genoeg vir hom nie,” lag sy.

“Ek is so bly hy het hy tot sy sinne gekom – tot die regte skoene vir die outfit,” sug Ella en druk haar hand teen haar bors. “Gelukkig het hy vinnig geleer. Ek het nie geweet ’n mens kry mans in die rêrige lewe wat sulke goed doen nie. Dit gebeur gewoonlik net in storieboeke. Ek is so bly vir jou.” Sy kyk oor haar skouer. “En kan ek maar net sê? Die man vreet jou met sy oë op!”

Net toe kom Quinn deur die mense na hulle toe aangestap. Corinne knipoog vir Ella. “M’ m, hy is nie al man wat iemand met sy oë opeet nie.”

Ella kyk oor haar skouer en trek haar asem skerp in. “Dink jy so?” prewel sy.

“O, ja.”

Alan is angstig op soek na Corinne toe sy ma aan sy arm trek. Dêmmnit. Hy is baie lief vir sy ma, maar hy kan nie wag om saam met Corinne

huis toe te gaan nie. Van vroeër vanaand af loop hy rond met 'n vuur in sy lyf, een wat net sy kan blus. Hy het gedink die paartie kry nooit klaar nie. Die meeste van die gaste is weg, en hy het nou net nog vir Corinne en Ella gesien terwyl hulle gesels oor die houters blomme.

“Alan, ek weet jy’s haastig huis toe, maar ek het iets wat ek vir jou wil gee.”

“Ma, regtig, ek ...”

Sy trek hom eenkant aan sy arm en stop 'n klein boksie in sy hand. “Dis die ring wat jou oupa, die een wie se naam jy dra, vir my ma gegee het.” Sy kug. “Dit was sy wens dat jy dit kry.”

Alan maak die boksie vinnig oop. 'n Fyn diamantringetjie in roosgoud lê in die middel.

“Ek sien jy het tot jou sinne gekom wat Corinne betref en wonder of jy hierdie ring dalk nodig het.”

Paniek, opwinding, histerie wel in hom op. 'n Verloofring. Hel. Trou. Bliksem. Wie ...?

Corinne lag 'n ent van hom af, haar armbande klingel en hy draai om om na haar te kyk. En hy weet. Natuurlik. Tevrede sug sy hart. Sy is alles wat hy nog altyd in 'n vrou wou hê. Toe kyk hy terug na sy ma.

“Hoe’t Ma geweet?”

“Ma’s weet,” sê sy en gee hom 'n soen. “Toe, toe. As jy gou speel, kan ons voor Kersfees nóg 'n troue hou.”

Alan is vreemd stil op pad terug na haar woonstel toe, maar dit pla haar nie, haar hand is styf in syne toegevou. Op Alan se versoek het sy vroeër vandag saam met Ella na die troue toe gery. Hy sal haar terugneem, het hy gesê met 'n lig in sy oë wat baie meer gesê het. Dit was natuurlik voordat sy geweet het van die tussenin-trippie waarop hy sou aandring.

Sy glimlag. Die grys rokkie sal sy hou. Dalk is dit tog eendag nodig om vir Alan se kliënte stemmig te wees.

Sy rol haar skouers.

“Moeg?” vra Alan.

“Ja,” glimlag sy. “Ons doen nie normaalweg sommer blomme vir twee funksies op een naweek nie.”

Alan hou voor haar woonstel stil en lig haar hand na sy lippe. “Ek sal altyd bly wees jy het ja gesê vir Doug en Annabel se troue.”

“Ek ook.”

“Gaan jy solank op, ek parkeer die motor agter die gebou. En moenie aan die slaap raak nie, hoor? Ons moet ... gesels.”

Sy het haar skoene uitgetrek en musiek aangesit toe Alan instap, ’n bottel Franse sjampanje in sy een hand en nog ’n tas in sy ander hand.

“Dis presies waarvoor ek nou lus is,” lag sy en steek haar hand gretig uit na die bottel.

Maar hy hou dit buite haar bereik. “Jy sal eers moet wag. Na wie luister ons?”

“Aretha Franklin. ‘At last’.”

Hy trek haar in sy arms en begin dans op die maat van die stadige melodie. “You smiled and then the spell was cast,” sing Aretha en hy neurie saam in haar oor.

’n Heerlike vrede vou warm oop in haar binneste.

Sy kyk op in sy oë. “Ek is so, so gelukkig.”

Hy hou op dans. “Is daar iets wat jou gelukkiger kan maak?”

Sy wil ’n vinnige antwoord gee, maar iets in sy oë laat haar sluk. “Wat bedoel jy?”

Hy trek haar af sodat hulle al twee op die bank gaan sit. Toe haal hy ’n boksie uit sy sak. Die bloed verlaat haar kop binne sekondes en die aarde kantel gevaarlik om haar.

“Alan ...”

“Ek weet jy is ’n vrye gees, en ek onthou jy het gesê trou is nie vir jou nie. Maar ek is lief vir jou en jy sê jy’s lief vir my en toe wonder ek ...?”

Hy maak die boksie oop.

Haar asem slaan heeltemal weg. Asof gehipnotiseer, staar sy na die fyn, outydse ringetjie in sy hand. Trou. Alan gebruik die woord trou. Sy het nooit, ooit gedink sy wil met iemand trou nie, maar ...

Alan klap die boksie toe, druk dit in sy sak. “O, oukei. Ek het net gedink ... Um, waar is jou glase?” Hy begin opstaan.

Sy pluk hom terug aan sy arm.

Hy glimlag effens. “Dis orraait, Corinne, ek ...”

“Ek het ’n ring gesien, jy het gesê jy’s lief vir my en jy wonder ...”

“Ek het net gedink jy ... ons ...” Hy vryf oor sy nek. “Maar vergeet daarvan ...”

“O,” sê sy en sit terug teen die bank se leuning.

Hy staan op en stap na haar kombuis toe.

“Ek het vir ’n oomblik gedink jy gaan my vra om met jou te trou, maar toe druk jy die boksie terug in jou sak.”

Hy draai in sy spore om. “Ek hét jou gevra om met my te trou!”

Corinne glimlag vermakerig. “Nee, jy het nie.”

Hy stap vinnig terug na waar sy nog steeds op die bank sit.

“Ek het vir jou gesê ek is lief vir jou ...”

“Ja, jy het ...”

“En ek weet jy’s lief vir my ...”

“Ja. Daardie gedeelte het ek ook gehoor.”

Hy frons. “En toe wys ek vir jou die ring en jy bly stil.”

“Wat moes ek sê?”

“Ja! Ek het gehoop jy sê ja!” bulder hy gefrustreerd uit.

“Op watter vraag?”

“Of jy met my sal trou!”

“Wel, ás jy my gevra het, sou ek ja gesê het. Maar jy het nie gevra nie.”

Vir ’n oomblik staar hy nog verstom na haar, toe swets hy, buk af en tel haar op. “Magtag vroumens, jy sal my ’n hartaanval gee.” Hy gaan sit op die bank met haar in sy arms.

Sy giggel en gooi haar arms om sy nek.

Hy haal haar arms af. “Gedra nou eers vir jou. Ek het iets wat ek vir jou wil vra.” Hy vou sy hande om haar gesig. “Ek het ook nie gedink dis wat ek wil doen nie en – full confession – toe my ma hierdie ring in my hand stop, was ek vir ’n oomblik paniekerig.”

Corinne lig ’n wenkbrou.

Hy glimlag. “Dis ’n helse skok vir ’n alleenloper soos ek om te besef jy wil nie meer alleen wees nie. Toe die paniek verdwyn, het ek geweet dis presies wat ek wil doen. Ek wil met jou trou, kinders by jou hê as dit ons beskore is, of anders kry ons vyf honde. Ek wil oud word saam met jou en ek hoop, ek hoop jy dra op ons vyftigste huweliksherdenking nog steeds ’n tulleromp. Corinne Hansen, sal jy asseblief met my trou?”

“At last my love has come along.” Aretha se stem vul haar hele sitkamer.

Corinne knip-knip haar oë desperaat, sy wil nie nou huil nie. “Ja, Alan Sutherland, ek sal met jou trou, babatjies of honde saam met jou grootmaak en oud word saam met jou. En ek belowe ek sal ’n tulleromp op ons vyftigste herdenking dra. Dalk net nie meer hierdie een nie.” Die trane laat hulle nie meer keer nie.

Ontsteld probeer hy die trane afvee. “Hoekom huil jy? Wat is nog verkeerd?”

“Niks,” snuif sy, lig die roosknop vir ’n oomblik op voordat sy sy kop aftrek. “Alles is perfek. Jy praat my taal – in blomme.”

OceanofPDF.com

DE RTIEN

Corinne skrik vroegoggend wakker met 'n glimlag op haar gesig. Êrens hoor sy stemme. Seker haar ma en tannie Lisa. Hulle het gisteraand hier by haar geslaap.

Vir 'n oomblik lê sy doodstil en drink die oomblik in. Sy trou vandag, twee dae voor Kersfees. Met die man van haar drome. Een wat haar verstaan, een wat selfs blommetaal aangeleer het sodat hy met haar kan kommunikeer. En een wat net eenvoudig geweier het om langer te wag as Kersfees. Dis belaglik, het hy beduie. Buitendien, sy ma was die een wat voorspel het daar gaan nog 'n troue voor Kersfees wees.

Dit was 'n dolle paar weke van soek na 'n venue tydens die besigste seisoen vir troues op Stellenbosch, uitnodigings uitstuur, iemand kry om kos te maak en 'n rok te soek. Gelukkig ken haar bruidegom en sy broers baie mense, het sy agtergekom, en kon hulle 'n wonderlike venue kry waarvan hulle albei hou. Dis nie 'n groot troue nie. Behalwe haar ma en tannie en natuurlik Ella, is die res van die gaste Sutherlands. Nie sy of Alan wou 'n groot troue hê nie.

Van alles was die rok die heel maklikste om oor te besluit. As sy iets anders as 'n tulleromp aanhet, het Alan gedreig, vat hy haar weer terug sodat sy een kan aantrek.

Hulle het ook vinnig saamgestem oor waar hulle sal bly. Alan was heeltemal bereid om Stellenbosch toe te trek, maar in die afgelope paar weke het sy besef hoe geweldig besig die vrugte-uitvoerbesigheid van die Sutherlands is, en dat dit meer sin maak om naby Alan se werkplek te bly. Hulle gaan dus 'n huis in die Paarl op 'n sekuriteitslandgoed soek. Vir tyd en wyl bly hulle in haar woonstel. Dis nou wanneer hulle van hulle wittebrood af terugkom.

Pak net jou bikini in, is al inligting wat sy uit haar bruidegom kon kry. En selfs dit is nie eintlik nodig nie, het hy geknipoo. Sy skop die laken van haar af. Sjoë, dis darem skielik baie warm.

Sy is nog nie seker wat sy met die blommewinkel wil doen nie, maar totdat sy besluit, bly Ella aan om die plek te bestuur. Sy wat Corinne is, sal beslis 'n hele paar keer in 'n week ook hier wees.

Anders as die afgelope paar weke sedert Doug en Annabel se troue, het sy gisteraand alleen geslaap. Alan is laatmiddag dikbek terug huis toe. Hy kan glad nie verstaan hoekom hy nie by haar mag wees nie. Hulle is dan verloof en hy trou met haar.

En as dit nie was dat sy geweet het sy broers het vir hom 'n braai saam met pelle gereël nie, sou sy heel tevrede gewees het as hy by haar gebly het. Konvensies maak net sin as dit ... wel sin maak. En om selfs een nag weg van Alan te wees, maak net op geen manier sin nie.

Daar is 'n klop aan haar deur voor dit oopvlieg. Haar ma en tannie Lisa stap in, haar ma met 'n skinkbord. Sy ruik koffie. Haar maag grom en sy sit vinnig regop.

Tannie Lisa stap tot voor die trourok wat teen die kas hang. "Hartjie, ek kan nie wag om jou hierin te sien nie. Die man gaan kwyl, dis al wat ek weet."

Die klokke van die interkom raas. "Dis seker Ella," beduie Corinne.

"Drink jou koffie," sê haar ma. "Ek maak oop."

Sekondes later is haar ma terug. "Kom, Lisa. Die ... um ... bruidegom is hier."

Tannie Lisa se mond vorm 'n mooi o, maar dit neem 'n rukkie voor klank uitkom. Sy haal diep asem. "Maar hy kan nie ..."

"Ek kan en ek sal," sê Alan reg buite die deur en die volgende oomblik staan haar Skot in die deur. Groot en lank en moerig.

Tannie Lisa skarrel vinnig uit en Alan druk die deur toe voor hy dit sluit. "Ek wil nooit weer sonder jou wees nie, oukei?" brom hy terwyl hy sy T-hemp oor sy kop trek.

Met lang treë stap hy op haar af, sy vingers besig om sy broek los te maak. "Ek kon gisteraand nie slaap nie, en as jou ma en jou tannie nie hier was nie, was ek ..." hy skop sy broek uit en klim op haar bed, "... al gisteraand by jou."

Sy maak haar arms oop. "Ek is so bly jy's hier."

Daar is net tyd om sy skitterwit glimlag te sien voor hy haar mond met syne toevou.

Alan wag voor in die kapel. Soos sy broers, het hy weer 'n Skotse romp in die Sutherland-tartan, asook 'n sporran, 'n dolk en 'n paar lang sokkies aan.

Langs hom skerts en gesels sy broers, maar sy oë is vasgenaël op die deur waar Corinne, sy bruid, moet verskyn. Hy was nog eers vanoggend vinnig stad toe. Vanaand slaap hy en sy bruid in 'n hotel in Kaapstad voor hulle môreaand vir twee weke na die Seychelle vlieg. Hy wou seker maak alles is perfek wanneer hulle laat vanaand daar aankom.

Weer kyk hy op sy horlosie. Dêmmmit, dis al tien minute oor vier. Wat de hel vat so lank? Sy moet mos net aantrek en haar hare kam, wat ...?

Uiteindelik klink 'n musieknoot op, maar dis nie Corinne wat in die deur verskyn nie, dis Ella.

“Blik-sem,” hoor hy vaagweg vir Quinn langs hom sê, maar hy luister nie verder nie, sy oë soek net na Corinne.

Hy het seker al wat 'n gebruik of konvensie is, vanoggend gebreek toe hy by Corinne opgedaag het, maar hy kan nie minder omgee nie. Een nag sonder haar het hom net opnuut weer laat besef hy wil by haar wees – op alle moontlike maniere.

Die seks is great, ja. Die beste wat hy nog ooit gehad het, maar wat gebeur wanneer hulle liefde maak – want dis baie meer as net seks – is betowerend. Dis nie net 'n fisiese daad nie, ál sy sintuie is betrokke, ook sy hart, sy siel, sy hele wese.

Sy verstaan hom op vlakke wat hy nie geweet het moontlik is nie. Wanneer hy aan haar raak, gebeur iets tussen hulle. Daar is 'n konneksie, 'n skakel wat dit maklik maak om te weet hoe hy haar die meeste lyflike plesier kan verskaf. En sy weet ook presies hoe om hom heeltemal mal te maak.

Die musiek verander, die gaste raak stil. Die hare op sy arms staan regop en nog voor hy haar kan sien, weet hy sy's amper by hom. Sy hart sug.

Die gaste staan op en sy asem raak weg – daar is sy uiteindelik. Sy is altyd pragtig, maar wow ... sy straal! In wat lyk soos 'n sagte pienk wolk kom sy na hom toe aangesweef, haar ma en tannie aan weerskante van haar.

Eers toe sy nader aan hom is, registreer hy die pienk tulleromp, die sagte silwer top wat haar kurwes liefderik toevou, die hemelhoë hakke, haar los, goue krulle oor een skouer, en toe sien hy die lig in haar oë

wat hy teen dié tyd baie goed ken – sy is net so ongeduldig om by hom te wees soos wat hy is om deel van haar te word.

In haar hande hou sy 'n bos bloedrooi rose vas. Rooi rose, het sy bruid hom geleer, dra 'n boodskap van liefde oor – een wat hy die res van sy lewe vir haar wil gee.

Blomme het hulle bymekaargebring, blomme maak haar gelukkig, blomme sal hy vir haar gee totdat hy sy laaste asem uitblaas.

Dis amper middernag voor hulle in die hotelkamer in die Kaap kom. Hulle het heerlijk saam met hulle familie en vriende gekuier, maar teen halfelf het hy sy bruid se hand gevat. Hulle gaan nou ry. Die flippen groetery het 'n ewigheid gevat.

Toe Corinne hoor Ella is reeds weg en niemand weet waar sy is nie, was sy ontsteld. Quinn het met stywe kake beduie sy's saam met 'n ander man weg. Eers toe hulle op pad was hotel toe, en Corinne met Ella kon praat, het sy ontspan.

Nou het hy uiteindelik sy bruid vir homself. Hy maak vir haar die kamerdeur oop en druk 'n knoppie op sy foon. Aretha Franklin se stem klink op in die kamer.

Corinne draai na hom toe, haar hart in haar oë. “Jy’t onthou.”

“Natuurlik onthou ek. Dit het gespeel toe ek jou gevra het om met my te trou. Ek het nie gedink ek sal so sukkel nie.”

“En nou is ek jou vrou,” grinnik sy.

“En ek is jou man,” sê hy en trek haar nader. “Wil jy eers bad?”

“Later,” prewel sy en met haar oë op hom glip sy uit haar romp.

En sommer net so is die vuur terug in sy lyf, die kole wat heeldag net-net onder die oppervlak gegloei het, vat vlam. Sy hemp is oop en sy rompie los terwyl sy nog met haar top sukkel.

Hy skop sy romp eenkant toe, laat val sy hemp. Van die res het hy lankal ontslae geraak. “Ek is vinniger as jy,” terg hy en draai haar om. “Kom ek help jou.”

Terwyl sy vingers aan die knopies van haar top vroetel, vou sy mond oor haar sagte skouer. Fluweel, roosblare, sag, satyn.

My lonely days are over.

Uiteindelik is die toppie los en hy tel haar in sy arms op.

“Ek kan loop, jy weet, nè?” terg sy met haar mond teen sy borskas.

“Ek weet, maar ek sien al heeldag daarna uit om dit te doen,” prewel hy en sit haar versigtig op die bed tussen die rooi roosblare neer.

Haar oë is op hom, maar haar vingers voel waarop sy lê. Sy kyk af en toe sy weer na hom kyk, blink haar oë. Haar arms lig op, sy nooi hom nader. “Jy ken my so goed.”

For you are mine at last.

Terwyl die laaste klanke van die song verdwyn, word hy deel van haar.

Sy bruid. Sy liefde. Sy vrou.

OceanofPDF.com

ROMANZAKLUB: BEDERF JOUSELF

1 MAKLIKE
manier
om aan te
SLUIT



Gaan aanlyn by
<https://lapa.co.za/romanza/romanzaklub>

KRY

- ① 2 Romanzas vir R140,00 per maand, of
- ② 4 Romanzas vir R260,00 per maand



30% AFSLAG OP ALLE LAPA-BOEKE!



Romanza

LEDE VAN 60+ JAAR KRY 'N ADDISIONELE 10% AFSLAG OP KLUBPRYSE!

8/2022

OceanofPDF.com

Titels om na uit te sien in Februarie 2024!



Die dokter langsaan - Madelie Human

Bea het pas klaar gestudeer en begin 'n boek-en koffiewinkel terwyl sy werk soek. Terwyl sy met die winkel woeker, begin 'n nuwe dokter sy praktyk langsaan. Sy is glad nie beindruk met rykmanskind Luke Roux nie. Sal Bea uiteindelik voor Luke se sjarme swig?



Hawe vir haar hart - Tosca de Villiers

Die volmaakte prentjie van Wendy se lewe spat aan skerwe toe haar verlowing verbreek word. Sy besluit om as skoonheidsdeskundige op 'n passasierskip te gaan werk. Daar ontmoet sy 'n aantreklike Griek genaamd Alexander Dimitriou. Sal die oop see vir albei genesing bring?



Onvergeetlike liefde - Dina Botha

Mariette en Hannes was mekaar se skoolleefdes. Twaalf jaar later kruis hul paaie weer. Nou is hy Hank Grey, die bekende Hollywoodster, en sy bestuur 'n agentskap wat lyfwagte en beskerming aan BBP's bied. Mariette reël beskerming vir Hank en kort voor lank begin die vlamme van hul vergete liefde brand.



Vlamme van gister - Ciska Olivier

Leonie en Stefan is beste vriende. Hulle was lank terug kortstondig in 'n verhouding, maar dit het nie uitgewerk nie. Nou is hy verloof aan haar beste vriendin, Olga. Leonie wil bly wees vir hulle en sy is ... Of is sy besig om haarself te bluf?

**Beskikbaar by www.lapa.co.za of
by jou naaste boekwinkel**

OceanofPDF.com

Table of Contents

[Het jy geweet?](#)

[Oor die skrywer](#)

[Titelblad](#)

[Kopiereg](#)

[Een](#)

[Twee](#)

[Drie](#)

[Vier](#)

[Vyf](#)

[Ses](#)

[Sewe](#)

[Agt](#)

[Nege](#)

[Tien](#)

[Elf](#)

[Twaalf](#)

[Dertien](#)

[Romanzaklub](#)

[Titels om na uit te sien in Februarie 2024](#)

[*OceanofPDF.com*](#)